

OKTOBER | OCTOBER 2017

Volume 19 | No 10

GRAAN

AMPTELIKE GRAAN SA-TYDSKRIF/OFFICIAL GRAIN SA MAGAZINE

SA GRAIN



Besoek ons aanlyn

Visit us online



Saam boer ons vir die toekoms™



GESONDE PLANTE, GOEIE OPBRENGS

- Verhoogde strestoleransie
- Beter groeikragtigheid
- Effektiewe voedingstofopname

ProAct word tussen die 4-8 blaarstadium toegedien.

Herhaal na 3-4 weke.

ProAct kan alleen of in kombinasie met ander produkte toegedien word.



verskaffer van gewasoplossings
aan die landbou-industrie





Ontmoet ons medewerkers...

dR DANIE BEUKES is op Prieska gebore en het na sy skoolloopbaan en militêre verpligtinge die grade BSc(Agric), Hons BSc(Agric), MSc(Agric) en PhD in Grondkunde en Chemie aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Hy

het as landbounavorser by die destydse Winterreënvalstreek (Wes-Kaap) begin en gevorder tot hoof van die Grondkundeseksie van die destydse Hoëveldstreek (Potchefstroom).

Hy het sy navorsingsloopbaan by die LNR-Instituut vir Grond, Klimaat en Water in Pretoria voortgesit, waar hy as programbestuurder betrokke was by die bestuur van navorsingsgroepe en projekte, asook die uitvoer van sy eie navorsingsprojekte in grondwater- en temperatuurdinamika, grondvrugbaarheid en -suurheid, gewaswater- en -voedingsbehoefte, asook bewaringslandbou. Tans is hy betrokke by projekte oor mynrehabilitasie, bewaringslandbou en blomverbouing.

Hy is getroud en het drie dogters en 'n seun. As ywerige padhardloper het hy 14 Comrades-wedrenne voltooi en hy lees en kyk sterre as stokperdjies.

Lees gerus op **bladsy 88** en **bladsy 90** oor die navorsing wat hulle op die watertafel-sandgronde van die Noordwes-Vrystaat gedoen het.

Volgens **AK GELDENHUYS** (Pannar Saad) is oorplant, met die huidige hoë insetkoste en die lae marges verbonde aan mielieverbouing, 'n taboe onderwerp. Dit is daarom noodsaaklik dat produsente sal kennis dra van uitdagings wat in die vorige plantseisoen voorgekom het en moet probeer om dié foute te vermy. Op **bladsy 74** verskyn 'n fotobeeld van lesse wat die afgelope seisoen geleer is.



In die internasionale arena ervaar markte uiterste lae pryse. Dit is hoofsaaklik die gevolg van geweldige hoë aanbodsyfers in die mark. Wanneer die mielie mark se geskiedenis bestudeer word, is dit duidelik dat dit nie 'n nuwe verskynsel is nie. Op **bladsy 78** kyk **DRS DIRK STRYDOM** en



HENDRIK SMITH na die supersiklus van graanproduksie en waarom produsente hul klem na effektiwiteit en doeltreffendheid moet verskuif. Hulle bespreek veral produksie-ekonomie-beginsels en ekodoeltreffendheid.

Met die politieke onderstroming in die regerende party, wil dit al voorkom asof hulle nou onderling só besig met mekaar oor die leierskapstryd is en dat een nie meer as 'n ander uit die stelsel moet melk nie, dat daar weinig vordering met beleidsake is. Op **bladsy 109** in ons Politieke ontleding-rubriek vra **JANNIE DE VILLIERS** (uitvoerende hoofbestuurder, Graan SA) tereg: Waar trek die landbouebat tans?



VOORPUNT



ESTIE DE VILLIERS, redakteur

ek onthou my eerste oorslaap alleen by Ouma-hulle vaagweg. Ek was seker so vyf jaar oud. Al wat ek duidelik onthou, is dat dit pikdonker was...hulle het nie 'n gang- of 'n badkamerlig aangelos soos by ons huis nie.

Later jare het dit tradisie geword dat ons vier kinders op 'n Vrydag-aand by Ouma se huis oorgeslaap het. Dan het ek en sy in die kombuis die top tien Afrikaanse treffers op die radio geluister. (Moet my nie nou vra watter liedjie tans bo-aan die treffersparade is nie, maar speel 'n Afrikaanse liedjie uit die laat tagtigs/vroeë negentigs en ek sal vir jou kan sê wie dit sing en wat die liedjie se naam is.)

Ons twee het so saam-saam skottelgoed gewas en bed gaan maak in haar kamer – somer op matrasse rondom haar bed. Ons kinders het tot laatnag televisie gekyk (*Sending Vietnam* was ons gunsteling!) as Ouma al gaan inkruip het. En die volgende oggend het sy altyd vir ons koffie in die bed gebring.

Ek mis daardie oorslaap en is spyt dat ons kinders dit nie het nie en dat hulle nie eendag sulke lekker herinneringe gaan hê nie. Hulle kan nie somer net gou vir die aand by Ouma gaan oorslaap soos my broer se kinders nie – ons bly net te ver. Elke ouma of oupa wat die voorreg het om dié lekkerte met kleinkinders te deel, moet besef watter geleentheid vir herinneringe bou dit inhou.

Twee eerstes

In hierdie uitgawe het ons twee "eerstes": 'n Fokus op besproeiing en 'n fokus op die wintergraanstreek.

In die fokus op besproeiing skryf Johannes van As ('n hulpbronbeplannings- en besproeiingskonsultant) oor waterbestuur in presisie- en bewaringsboerdery (bladsy 12); Pietman Botha (*SA Graan/Graan* medewerker) en Sakkie Koster (Pioneer) – bladsy 14 – gee praktiese wenke oor waarop jy moet let by jou spilpunt en Petru Fourie (Graan SA) en Rona Beukes (Departement van Landbou, Bosbou en Visserye) oorweeg op bladsy 23 waarom die besproeiingselement altyd 'n belangrike rol in die stabilisering van graanproduksie sal speel. Daar is ook artikels oor hoe om besproeiingseffektiwiteit te verbeter deur die waterbalans aan te pas (bladsy 18), satelliet-tegnologie wat gebruik word om watergebruik te monitor (bladsy 26) en die rol van sout in grond en versuip-toestande by besproeiing (bladsy 30).

Ons het by bekendes in die wintergraanstreek gaan kers opsteek en dr Johan Strauss bespreek op bladsy 42 bewaringslandbou en waarom jy twee keer moet dink om voor planttyd 'n vuurhoutjie trek om grondbedekking te brand. Dr Astrid Jankielsohn (LNR-Kleingraan) verduidelik die waarde van tussenverbouing in 'n koringstelsel – bladsy 44 – en Michelle Mokone (Graan SA) ondersoek die beskikbare geleenthede vir die uitbreiding van Suid-Afrikaanse garsuitvoere – bladsy 46.

Lekker lees tot aanstaande maand! En as jou kleinkinders naby aan jou bly, koester die tye saam met hulle.

Estie

MEDEWERKERS vir hierdie uitgawe

Dr Erik Adriaanse, Alfred Andrag, Jaco Barnard, dr Danie Beukes, Rona Beukes, dr Madré Booyse, Pietman Botha, Kim Coetzee, Gert Ceronio, Christina de Beer, Jannie de Villiers, Michael Esmeraldo, Mae Esteban, Gerrit Fouché, Petru Fourie, AK Geldenhuys, Jaro Geldenhuys, dr Ian Heyns, dr Elbé Hugo, dr Astrid Jankielsohn, ds Koos Kirsten, Carel Koch, Sakkie Koster, Louise Kunz, prof Maryke Labuschagne, Driecus Lesch, Corné Louw, dr André Malan, Sue Matthews, Michelle Mokone, dr Piet Nell, Jolanda Nortjé, dr Willem Otto, Felix Reinders, Nelia Rousseau, Gideon Schreuder, Elrita Schütze, Gerrie Smit, dr Hendrik Smith, dr Johann Strauss, dr Dirk Strydom, dr Wayne Truter, Gerrie Trytsman, Johannes van As, Gerhard van der Burgh, Luan van der Walt en Marcill Venter



74



18



49



44

INHOUD | CONTENTS

OKTOBER/OCTOBER 2017

GRAAN SA | GRAIN SA

8 Graanbedryf word met passie gedien

FOKUS OP BESPROEIING | FOCUS ON IRRIGATION

- 12 Waterbestuur in presisie- en bewaringsboerdery
- 14 Praktiese wenke vir jou spilpunt
- 16 Herfokus op besproeiing en eie vervaardigde produkte
- 18 Improve irrigation efficiency by applying a water balance
- 21 Stabiliseer wielspoor van spilpunte só
- 22 The new wheat kids on the block
- 23 Besproeiing: Belangrik vir graanproduksie
- 24 Approach water management holistically
- 25 All-round technology in action
- 26 Modelling of water use progresses
- 30 Salt-affected soils and waterlogging on irrigation schemes
- 32 Nuwe koringkultivars vir besproeiing
- 33 Jou eerste keuse vir waterberging
- 35 Verminder risiko's deur die regte keuse van 'n stikstofbron
- 36 Drip irrigation – a new revolution for the maize industry
- 38 Variable rate irrigation technology – determine the economic benefit

FOKUS OP WINTERGRAANSTREEK | FOCUS ON WINTER GRAIN REGION

- 42 Die koste van 'n vuurhoutjie
- 44 Wheat: Value of intercropping when managing insect pests
- 46 Expansion of SA barley exports: Are there opportunities?
- 49 Bewaringslandbouweek gehou
- 51 Gids deel inligting oor koringkultivars
- 52 Yield improvement of dryland wheat cultivars in the Western Cape – what is the status quo?
- 54 'n Blik op onkruidbeheer in die Wes-Kaap
- 56 **Profiel:** Kyk die lewe vierkantig in die oë en gaan aan – Andries Theron se raad in dié uitdagende jaar
- 58 Suid-Afrika druk stempel af by internasionale saadkongres
- 59 Bestuur onkruidodderweerstand slim

OP PLAASVLAK | ON FARM LEVEL

- 60 Effektiewe onkruidbeheer laat die winste in die sak klingel
- 62 **Graanmark-oorsig:** Oorwegings vir die nuwe seisoen se aanplantings
- 67 **Inset-oorsig:** Kwaliteit van insette máák saak
- 68 **Prysisikobestuur in 'n neutedop:**
Deel 4: Benut termynkontrakte vir prysrisikobestuur



PROFIEL

56

- 70 **Conservation agriculture:** Create sustainable production through crop and pasture-based systems (Part 28)
- 74 Lesse geleer uit die 2016/2017-plantseisoen
- 77 Die produsent se vriend
- 78 Supersiklus van graanproduksie plaas klem op effektiwiteit
- 81 New recipe, new range, new look
- 84 Wat neem 'n plant werklik deur sy blare op?
- 88 Navorsing op watertafel-sandgronde van die Noordwes-Vrystaat
Deel 3: Agtergrond en proefbehandelings: Wisselboustelsels en bewerking
- 90 Navorsing op watertafel-sandgronde van die Noordwes-Vrystaat
Deel 4: Evaluering van wisselboustelsels as funksie van bewerkingspraktyke

AKTUEEL | RELEVANT

- 100 **Grain SA/Sasol photo competition:** Be an even better photographer
- 102 Quality overview of imported and local maize
- 109 **Politieke ontleding:** Waar trek die landboudebat tans?

RUBRIEKE | FEATURES

- 4 **Graan SA Standpunt:** Nuwe tegnologie bly belangrik vir Suid-Afrika
- 5 **Grain SA Point of View:** New technology remains important for South Africa
- 7 **Uit die Woord**
- 7 **Op die kantlyn**
- 111 **Wiele vir die plaas:** Mercedes-Benz se bakkie hier in 2018:
Spoggerig, maar sterk genoeg vir die plaaslewe
- 112 **E-posse:** Dronkverdriet



Voorblad / Cover

PANNAR SAAD loop reeds vir die afgelope 60 jaar met trots die landboueis saam met jou. Soos jy glo ons in landbou.

EIENAAR/UITGEWER

GRAAN SA
POSBUS 74087, LYNNWOOD RIDGE, 0040
Tel: 086 004 7246
www.grainsa.co.za

SUBSKRIPSIE EN VERSPREIDING (ADRESVERANDERINGE): Marina Kleynhans
SA GRAAN/GRAIN, POSBUS 88, BOTHAVILLE, 9660
Tel: 086 004 7246
E-pos: marina@grainsa.co.za

REDAKSIE

Dr Dirk Strydom
BESTUURDER: GRAANEKONOMIE EN BEMARKING
Tel: 086 004 7246 • Sel: 082 852 4810
E-pos: dirks@grainsa.co.za

BESTURENDE REDAKTEUR: Johan Smit
Tel: 018 468 2716 • Sel: 082 553 7806
E-pos: johan@infoworks.biz

REDAKTEUR: Estie de Villiers
Tel: 081 236 0534 • Sel: 083 490 9449
E-pos: estie@infoworks.biz

REDAKSIONELE ASSISTENT: Elmiën Bosch
Tel: 018 468 2716 • E-pos: elmiën@infoworks.biz

GRAFIESE ONTWERP: Nadine Stork
Infoworks Media Publishing
Tel: 018 468 2716 • E-pos: nadine@infoworks.biz

DRUKWERK: Typo Print
Tel: 011 402 3468/9

MASSAVERSPREIDING: Prosource
Tel: 011 791 0410

SPOTPRENTTEKENAAR: Frans Esterhuysen

ADVERTENSIEVERKOPE

KOLBE MEDIA – Kaapstad
Jurgen van Onselen – Advertensiekoördineerder
Tel/faks: 021 976 4482 • Sel: 082 417 3874
E-pos: jurgen@kolbemediaco.za

INFOWORKS MEDIA PUBLISHING – Johannesburg
Ruth Schultz – Advertensie-konsultant
Tel: 081 480 6413 • Sel: 072 855 2450
E-pos: ruth@infoworks.biz

GRAAN SA HOOFKANTOOR

Blok C, Alenti Office Park
Witheritstraat 457
Die Wilgers
Pretoria
0041

Tel: 086 004 7246
Faks: 012 807 3166

Besoek Graan SA by www.grainsa.co.za of skandeer dié QR-kode:



- Die menings van die skrywers van artikels in hierdie blad is hul eie en verteenwoordig nie noodwendig die mening van Graan SA nie.
- *The opinions expressed by contributors are their own. They do not necessarily express the opinion of Grain SA.*
- "Promosie-artikels" is betaalde artikels; terwyl "produkt-inligting"-artikels feite kan bevat oor kommersiële produkte.
- *'Advertorials' are paid articles; while 'product information' articles may contain facts on commercial products.*

ALLE regte van reproduksie van alle berigte, foto's, tekeninge, advertensies en alle ander materiaal wat in hierdie tydskrif gepubliseer word, word hiermee uitdruklik voorbehou ingevolge die bepaling van Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg Nr. 98 van 1978 en enige wysigings daarvan.

STANDPUNT POINT OF VIEW



JANNIE DE VILLIERS, uitvoerende hoofbestuurder/CEO

Nuwe tegnologie bly belangrik vir Suid-Afrika

na afloop van my onlangse besoek aan die VSA, wil ek graag 'n paar stellings oor my waarnemings maak. In kort kom dit daarop neer dat die Suid-Afrikaanse graanprodusente betreklik meer as hul Amerikaanse eweknieë van die ontwikkeling van nuwe tegnologie afhanklik is.

By die plase wat ons besoek het en uit gesprekke met mense by die Farm Progress Show, blyk dit dat die klimaat en regeringshulp die belangrikste redes is waarom die produsente steeds in produksie bly – meer as die tegnologie wat hulle gebruik. Die grond is vrugbaar, die reënval uitstekend en as daar dalk iewers 'n verdwaalde jaar kom, koop die regering hulle uit.

Ek het ook iets van die Agri SA-droom daar gesien – eenheid oor landbou (*unity about agriculture*). Die mense waardeer hul produsente. Net so het ek ook gesien hoe hulle in die samelewing tyd en plek maak om hul gewapende magte te vereer.

Tydens 'n rustyd by die voetbalwedstryd wat ons een aand gekyk het, het al die mense opgestaan en vir 'n hele lang ruk hande geklap vir 'n soldaat wat op tuisbesoek was en wat op die een hoek van die veld kom staan het. Dit het my herinner aan die tyd toe ons met vol uniform op pas was en ook so kerk toe gegaan het. Almal het vir jou gebid en kom sterkte sê.

Aan die klimaat kan ons nie veel doen nie, maar om die regering en die land se mense agter ons te kry, kan ons beslis iets doen. Dit het met ons harte te make. Weens die felheid van ons klimaat speel tegnologie – tans en ook vir die toekoms – 'n groter en belangriker rol. Van die produsente wat ons besoek het, is glad nie besorgd oor die droogtebestandheid van mielies nie. Hulle het meer versuip-skade as droogteskade!

Dit laat 'n mens wonder teen watter spoed die tegnologie wat ons benodig, beskikbaar raak. Met my beperkte kennis van al die produksietegniese en bewerkings, is ek sterk onder die indruk gelaat dat van die nuwe tegnologie wat tans ontwikkel word, in betreklik kleiner inkremente vorder as waaraan ons vantevore gewoond was.


Almal vlieg deesdae hommeltuie (*drones*) rond, maar die tegnologie waarmee die beelde in data omgeskakel word en wat ons as produsente kan gebruik om meer produktief te wees, is nog nie ten volle ontwikkel nie. 'n Realiteit wat ons beslis sal moet oorkom, is dat die produsente wat die meeste tegnologie benodig om te oorleef, nie noodwendig dié is wat die geld het om dit te laat ontwikkel nie.

Die uitstallings van die insetverskaffers was absoluut indrukwekkend en die koste aan demonstrasies was 'n toonbeeld van geld en nie van 'n gesukkel nie. Tog het dit geblyk dat ons Amerikaanse eweknieë nie noodwendig meer geld as ons maak nie. Dit het ek van ons eie produsente hoor sê.

Dit is lekker om weer tuis te wees, skaaptjops te eet en in jou eie bed te slaap. Ek slaap gerus, want ek weet dat die wêreld nie sommer sonder kos sal wees met alles wat nog op pad is en met die kennis oor graanproduksie nie. Wie dit eendag gaan produseer, is seker 'n ope vraag.

As ek sien hoe ons produsente se vernuftigheid met dié van die VSA vergelyk, sal ons beslis een van die lande wees wat nog gaan produseer. ■

“ ...produsente wat die meeste tegnologie benodig om te oorleef, is nie noodwendig dié wat die geld het om dit te laat ontwikkel nie. ”



New technology remains important for South Africa

following my recent visit to the USA, I wish to make a few comments about my observations. In short, it boils down to the fact that the South African grain producers are fairly more dependent on the development of new technology than their American counterparts.

On the farms we visited and from discussions with people at the Farm Progress Show, it appeared that the climate and government support were the most important reasons why the producers still remain in production – more so than the technology they employ. The land is fertile, the rainfall excellent and if they experience a rare mishap, the government buys them out of trouble.

I also saw something of the Agri SA dream there – unity about agriculture. The people cherish their producers. Similarly, I also saw and experienced how in their communities, they afford time and opportunity to honour their armed forces.

During halftime at a football game we attended one evening, all the people stood up and for quite some time applauded a soldier who was on home leave and who came and stood in one corner of the field. It reminded me of the time when we were on a weekend pass and went to church in full uniform. Everyone prayed for you and extended their best wishes.

There is very little we can do about the climate, but about getting the government and the people of the country behind us, we can definitely do something. It involves our hearts. On account of the ferocity of our climate, technology – now and also in the future – plays a bigger and more important role. Some of the producers we visited, were not in the least concerned about the drought

tolerance of maize. They have more damage because of waterlogging than drought!

It makes one wonder at what speed the technology we require, becomes available. With my limited knowledge of the various production techniques and crop practices, I am left under the strong impression that some of the new technology currently under development, is progressing in smaller increments than we were used to formerly.

Everybody flies drones nowadays, but the technology with which the images gathered are converted to data that we as producers can use to improve our productivity, has not yet been fully developed. A reality we will have to surmount is that those producers who need the technology most to survive, are not necessarily those with the financial resources to have it developed.

The exhibitions by the input suppliers were absolutely impressive and the costs with regards to demonstrations spoke of money and not of any difficulty with resources. However, it transpired that our American counterparts were not necessarily making more money than us. This I heard some of our own producers say.

It is nice to be home again, to eat lamb chops and sleep in your own bed. I sleep peacefully, because I know that the world will not just run out of food considering everything that is still on its way and the knowledge pertaining to grain production. Who will produce it in future, certainly is an open question.

Considering how our producers' ingenuity compares with those of the USA, we will definitely be one of those countries that will still produce. ■

Landini

7-160 - 7-175 | 7-190 | 7-215



LANDINI 7 REEKS

Verbreed die grense van jou landboubehoefte

LANDINI 7 REEKS - BETAPOWER ENJINS

Landini 7 Reeks	7-160	7-175	7-190	7-215
Maks. enjinkrag (kW)	116	121	130	138

Landini se 7 Reeks spog met 'n moderne kajuitontwerp, 'n stylvolle aggressiewe voorkoms, 'n nuwe "Pro Drive" ratkas, en beproefde BETAPOWER enjins. Gereed vir die toenemende uitdagings wat die moderne landbou benodig. 'n Reeks wat voldoen aan die landboumark se hoogste vlak van verwagtinge



BETAPOWER Enjins



Verkoeling-sisteem maklik diensbaar



Kajuitkontroleuitleg - Auto styl 7-175 - 7-215



7-160



Geslote hidrouliese sisteem

HOOFKENMERKE:

- Betapower 6.7 liter, 24 klep, 6 silinder turbo enjins met drukkuisinspuiting en lug tot lug tussenverkoeling.
- "Pro Drive" ratkas met spoelkas (shuttle) en kruiprat verskaf 40 vorentoe + 40 truratte deur 'n sesgang-ratkas met 4 kragkakels per gang.
- Kragaftakker met elektro-hidrouliese inskakeling verskaf 4 spoedkeuses teen 540/540E/1000/1000E rpm.
- KAT III, driepunt-koppeling, 4 afstandbeheerkleppe, hidrouliese pompvloeitempo van 90 l/min en 'n hyskapasiteit van 9300 kg.
- Die "Premier"-kajuit is 'n ware elektroniese tegnologiesentrum en is ontwerp om aan die operateur 'n veilige, geraasvrye omgewing te verseker gedurende lang ure in die veld.
- **7-160:** Die kajuituitleg van die Landini 7-160 verskil van die groter modelle en word nie meer volkome elektronies aangebied nie. Die multi-funksie elektroniese beheer op die armlening van die sitplek verskuif nou na die kantpaneel. Die transmissiekontrole-beheer, ook nou op die kantpaneel verskaf nog al dieselfde funksies op die 7-160, omdat die transmissie op die volledige reeks onveranderd bly.



VIR MEER INLIGTING SIEN JOU NAASTE HANDELAAR OF KONTAK:
HOOFKANTOOR: 011 914 1700. KAAPPROVINSIE: 060 987 0502, LIMPOPO /
MPUMALANGA: 079 211 2506, VRYSTAAT / NOORDWES: 082 879 9550,
KWAZULU-NATAL / OOS-KAAP: 082 907 4336
Webblad: www.argosa.co.za. Epos: landini@argosa.co.za


ARGO Industrial (Pty) Ltd.

Uit die WOORD



DS KOOS KIRSTEN

Wanneer 'n mens dors is, drink jy water. Jy stap eenvoudig kraan toe en skink vir jouself 'n glas water. As jy op reis is, koop jy sommer gou by die naaste winkel 'n bottel water of koeldrank of dalk 'n koppie koffie of tee. As jy by iemand kuier, word jy gou iets te drinke aangebied.

Wat beteken dit regtig om dors te wees? Só dors dat jou lippe bars en jou tong aan jou verhemelte vassit. Só dors dat jy wat sou wou gee vir 'n bietjie water.

So het dit met 'n beroemde generaal wat 'n veldslag verloor het en te voet gevlug het, gebeur. Geskei van sy manskappe, sonder kos en sonder water en boonop in 'n baie droë deel van die wêreld. Hy kom toe op mense se blyplek af en vra 'n bietjie water, want, het hy gesê: "Ek het dors." Hy kry toe soveel melk as wat hy kon drink en ook 'n plek om te lê en rus. Terwyl hy slaap dryf die vrou 'n tentpen deur sy slaap tot in die grond en hy sterf. Hy was dors, hy het melk gekry om te drink en hy sterf. Hy sterf 'n eerlose dood. So kom Sisera, die groot generaal aan sy einde (Rigters 4). Eerloos, sonder 'n oorwinning, met niks om te wys nie.

Ons lees ook van 'n ander Man wat gesê het: "Ek het dors" (Johannes 19:28). In die plek van water kry Hy toe asyn om te drink. En Hy sterf

ook. Hy sterf 'n wrede, stadige marteldood. Hy sterf 'n eerlose dood – die dood van 'n vervloekte misdadiger. Aan 'n kruis blaas Hy Sy laaste asem uit. Hy sterf terwyl Hy dors ly, sodat ons wat in Hom glo, nooit weer dors sal ly nie. Nie dors na water nie, maar dors na die Lewende Water. Dors na God. Na dié God wat elkeen wat na Hom toe kom se dors vir ewig les.

Jesus het wel 'n eerlose dood gesterf, maar in sy sterwe die grootste oorwinning ooit behaal. Hy het Sy en ons grootste vyand, die duiwel, vernietigend verslaan. Hy het gesterf terwyl Hy dors gely het, sodat ons kan lewe en nooit weer dors ly nie. Gaan dan na Hom toe wat die fontein van die Lewende Water geword het en les jou ewige dors by Hom. ■

Wen 'n Bybel

Ook beskikbaar in Engels, Zulu en Xhosa.

Stuur 'n e-pos na estiedv@mweb.co.za of faks na 086 275 4157 voor die einde van die maand waarin die uitgawe verskyn en staan 'n kans om hierdie Bybel te wen.

bybelgenootskap van suid-afrika

Baie geluk aan Annie Tladi van Viljoenskroon wat vir die September-uitgawe van SA Graan/Grain die gratis Bybel gewen het.

Op die KANTLYN



Die Bitcoin-ding

Beste Kleinneef

Ek lees mos vandag weer jou lekker ou geselsbriefie hier agterin SA Graan/Grain. Elke keer gee jy my stof tot nadenke. Sien, ek het nou al so baie oor hierdie Bitcoin-ding gesit en wonder. Kan 'n mens nie maar plan maak om ook so 'n ou enetjie in die hande te kry nie? Manlief is mos die een met die kop vir syfers en toe vra ek hom ook wat hy nou van hierdie nuwe ding dink?

Ons kon nie regtig 'n oplossing vind nie en niemand kan ons regtig help nie, want ons het mos ook nie juis geldjies om rond te gooi nie. Die lewe raak nou so duur en ons soek juis nog na die gaatjie in ons emmer? So kom ons toe uiteindelik by die regte antwoord (vir ons natuurlik!) uit. Ons bid mos vir reën, gesondheid en liefde. Daarom gaan ons nou maar die Bitcoin-ding doodstil laat lê, want ons kan net dink dat hierdie Bitcoin-ding vir ons dalk in 'n "bid coin" gaan verander. Ons kan mos nie ons Liewen Heer met sulke onbenullighede ook nog opsaal nie.

Voorspoed vir diegene wat met hulle swaarverdiende geldjies gaan woeker. Dalk kom ons skippie ook eendag in.

Ria en Koos van Wyk van Worcester
(Brief verkort – Red.)

Gee gerus jôu mening van die kantlyn af:



estiedv@mweb.co.za



083 490 9449



I am not afraid to say that South Africa has some of the best farmers in the world. We have seen the evidence again this year. With a record high of 16 million tons of maize expected to be harvested. When taking into consideration our climate, loss of potential agricultural land and an unsure policy environment this is a huge achievement. Well done to our farmers!

'But to do this after a few years of backbreaking drought shows passion and commitment. I take my hat off to you. But farmers alone cannot achieve this. They have to embrace the best technology and science that is available to them and work together with a team of experts in the field.

'With all this good work happening – especially in South Africa – why is it then that we still see 13,7 million South Africans living with inadequate access to food? If you exclude the figures of Gauteng and the Western Cape, it leaves you with 9,6 million people that are mostly rural and are not eating a decent meal on a daily basis. Looking at this figure while keeping in mind that we have a total of just over 17 million people receiving some kind of social welfare grant on a monthly basis, shows me that the ball is being dropped somewhere.

– Ms Annette Steyn, DA Shadow Minister for the Department of Agriculture, talking at the launch of the *imbezu* empowerment programme on 4 August this year



▲ Hannes Haasbroek het weer op die Hoofbestuur gedien vanaf 2011.



▲ Louis Claassen was sedert 2008 deel van die Hoofbestuur.



▲ As gekoöpteerde lid vir grondbone was Francois Minnaar vanaf 2014 op die Hoofbestuur.

Graanbedryf word met passie gedien

JOHAN SMIT, besturende redakteur, SA Graan/Grain. Foto's: ALZENA GOMES, Graan SA

Een van die geleenthede wat Graan SA effektief benut om erkenning te gee aan uitgetrede lede van die Hoofbestuur, jare diens deur personeel en ander prestasies, is die funksie wat jaarliks saam met die Juliemaand Hoofbestuursvergadering op NAMPO Park gehou word.

Tydens vanjaar se funksie op 26 Julie is afskeid geneem van drie Hoofbestuurslede

wat tydens Kongres uitgetree het, naamlik mnre Hannes Haasbroek (Streek 24), Louis Claassen (Streek 16) en Francois Minnaar (gekoöpteer).

In sy afskeidsboodskap het Haasbroek sy streek bedank vir 'n tweede geleentheid om as Hoofbestuurslid te kon dien. "Ek het familie gemaak hier: Familie wat mekaar ken, wat vriende is en saam deel in 'n saak wat ons almal na aan die hart lê. Sterkte



◀ Richard Krige (links) is deur die Graan SA-personeel aangewys as 2017 se uitnemendste Hoofbestuurslid. Jannie de Villiers (regs) is op sy beurt beloon met 'n spesiale erkenning deur Graan SA vir sy diens aan die Mielietrust as witmielie-verteenwoordiger van 2011 tot 2016.



momentum

Coming soon!

Through an exciting
new partnership

Grain SA and Momentum offer an innovative financial wellness solution exclusively to new and existing members and their farmworkers.



en voorspoed vir elke Hoofbestuurslid. Gee die produsente leiding, want hulle hoop is op julle," het hy gesê.

"Dit was 'n groot voorreg om hier te kon dien. Hou moed: Ek glo die produsente van dié land sal dit maak," was Louis Claasen se boodskap. Hy het ook sy vertroue in en respek vir die personeel van Graan SA uitgespreek. Francois Minnaar het op 'n oorspronklike wyse gaste toegesê met wenke om netelige situasies volhoubaar te kan hanteer.

Uitnemendheid is een van Graan SA se belangrike waardes en die skild vir uitnemendheid onder Hoofbestuurslede, is vanjaar toegeken aan mnr Richard Krige (Streek 27). "Daar is soveel passie waarmee die graanbedryf gedien word en dit is 'n ongelooflike voorreg om deel daarvan te wees. Die bedryf het my laat groei as mens en as werkgewer," het hy gesê.

"Graan SA Hoofbestuurslede is vir hul medeprodusente goud werd," het Magda du Toit (korporatiewe skakeling en kommunikasiebestuurder: Monsanto) namens dié borg van die aand, in haar boodskap benadruk. "Dit is lekker om vriende soos Graan SA te hê," het sy bygevoeg.

Theo Venter, politieke en beleidsanalisis: NWU Sakeskool, het gaste se lagspiere geprikkel deur teenstrydighede in die politiek uit te wys aan die hand van verskeie politieke spotprente wat oor jare in die dagbladpers verskyn het. Sy mening was dat die Suid-Afrikaanse samelewing opnuut 'n oorlewingsdrang moet ontwikkel om te kan oorleef in die huidige stormagtige omgewing.

Bennie Zaayman (terreinbestuurder: NAMPO Park) het 'n toekening ontvang vir die 15 diensjare waarmee hy spog. Altesaam agt personeellede is ook ver eer vir vyf jaar diens aan Graan SA.

Hulle is:

- Dr Marinda Visser (bestuurder: Grain Research and Policy Centre);
- Luzelle Botha (komiteebeampte);
- Lydia Kasumba (assistent-rekenmeester);
- Dirk Kotze (ledebemaking- en kommunikasiebeampte);
- Ashley Mathisa (terreinwerker);
- Louisa Mohlala (skoonmaker);
- Nydia Odendaal (komiteebeampte);
- Xolile Speelman (Terreinwerker);

- Madeleen Steyn (finansiële en kantooradministrateur);
- Coretha Usher (menslike hulpbronnebeampte);
- Elda-Beth van den Berg (sekretaresse); en
- Toit Wessels (assistent-bestuurder: NAMPO en Bemaking). ■

▼ Luan van der Walt (Landbou-ekoonoom: Graan SA) het sy afslaaersvaardighede ingespan en die oorspronklike spotprent uit SA *Graan/Grain* Februarie 1995 vir R6 100 opgeveel. Dié bedrag is deur Graan SA aan die Lettie Fouche Skool in Bloemfontein geskenk.



Ons GROEN is GOUD
Greenlands
Kunsmis



"Ka-ching"



Kom ons werk saam aan beter hoogtes
PBD GREENLANDS

Sukses saam met die boer vir meer as **4 dekades**

HOOFKANTOOR | VANDERBIJLPARK | 016 986 0130

JHB TRACTOR SPARES®

Specialists in replacement parts for
FORD, FIAT, NEW HOLLAND
and MASSEY

Tel: (011) 615-6421/677-2100
Fax: (011) 622-4311/616-5144
Email: jhbtrac@icon.co.za
www.jhbtractorspares.co.za



VOERMOL SUPERMOL

Jou voerkraal in die veld

- Met Supermol is 'n daaglikse toename van tot 1.2 kg per dier per dag op groenweiding moontlik
- Geen vermenging van graan is nodig nie
- Geen oorhoofse voerkraalkoste nie
- Verseker dat vervangingsverse goed uitgroei en teikenmassas bereik
- Uitstekende prikkellek vir verse en koeie
- Eenvoudig, prakties en winsgewend



VOERMOL

Wat die natuur kort - sal Voermol voorsien

Meer as 50 Jaar van Uitstaande Produkte & Diens

www.voermol.co.za

Voermol Supermol
Reg. Nr. V 7267 (Wet 36/1947)
Registrasiehouer: Voermol Voere (Edms) Bpk
Posbus 13, Maidstone 4380.



SOMERTYD IS FOSFORTYD

Hendrik van Pletzen, Tegnieise Bestuurder, **Tel:** 083 456 3636 • **E-pos:** Hendrikvp@mweb.co.za
Ulrich Müller, Tegnieise Bestuurder, **Tel:** 083 414 5928 • **E-pos:** Ulrich.muller@tongaat.com

Dis nou tyd om te besin oor somerlekaanvulling of lekaanvulling vir skape en beeste op groenweiding. Groenweiding is hoog in proteïene, hoogs verteerbaar en diere op sulke weidings neem toe in massa. Die belangrikste beperking van groenweiding in Suid-Afrika is egter Fosfor (P) en sal beeste met 'n minerale aanvulling (P6-lek) sowat 130 g/dag vinniger groei as wanneer hulle geen lek sou ontvang nie. Fosfor (P) is dus beperkend om optimale gewigstoename te verkry.

Indien die GDT van weidende diere verder verhoog moet word, vorm energie die tweede beperkende voedingstof en sal energie dus saam met P aangevul moet word om 'n verdere respons in gewigstoename te verkry. Energieaanvulling is relatief duur en om die rede bevat 'n energie-aanvulling 'n ionofoor soos byvoorbeeld Salinomycin-Na. Die ionofoor bevorder energiebenutting en bespaar dit dus voer om hierdie aanvullingskoste doeltreffend te maak vir beide beeste en skape.

PRODUKTE BESKIKBAAR

Die volgende produkte uit die Voermol-stal kan oorweeg word.

MINERAALAANVULLINGS

Voermol Superfos V17422	Hierdie is 'n smaaklike klaar-gemengde minerale lek. Aanbevole inname 120 g – 240 g/bees/dag en 20 g – 40 g/skaap/dag.
Voermol Rumevite 6P V11995	Klaar-gemengde minerale lek. Aanbevole inname 100 g – 200 g/bees/dag en 17 g – 34 g/skaap/dag.
Voermol Rumevite 12P V11994	Minerale lekkonsentraat. Meng met gelyke dele sout om 'n P6-lek te gee. Aanbevole inname 100 g - 200 g/bees/dag en 17 g – 34 g/skaap/dag.
Voermol Fosfaatblok V10264	Fosfaatblok is gereed om te voer. Verwagte inname 100 g – 200 g/bees/dag en 17 g – 34 g/skaap/dag.
Selfmeng minerale lek	Meng 50 kg Rumevite 12P met 50 kg sout en met 50 kg Voermol Super 18 . Hierdie mengsel is 'n smaaklike lek wat goeie resultate gee veral waar lekinname op P6-lekke laag is. Aanbevole inname 120 g - 240 g/bees/dag.

ENERGIE- EN MINERAALAANVULLINGS

Groei kan verder verhoog word deur die gebruik van 'n energie-aanvulling. Die volgende produkte kan hier oorweeg word. Dit is egter belangrik dat die produkte slegs oorweeg word as aanvulling tot voldoende goeie kwaliteit groenweiding.

Voermol Supermol V7267	Energie- en mineraalaanvulling met 20% proteïene vir diere op groenweiding. Geen vermenging is nodig nie. Aanbevole inname 1 000 g - 1 200 g/bees/dag en 180 g – 200 g/skaap/dag.
Voermol Energieblok V11456	Blok, gebruik as energie- en mineraalaanvulling vir dragtige of lakterende ooe, koeie wat kalf of groeiende lammers, kalwers of verse op groenweiding. Aanbevole inname 1 400 g - 2 000 g/bees/dag en 250 g – 300 g/lam/dag.
Voermol Molovite V10264	Energie- en mineraalaanvulling vir diere op topkwaliteit groenweiding. Geen vermenging is nodig nie. Aanbevole inname 1 000 g - 1 200 g/bees/dag en 180 g – 200 g/skaap/dag.

Indien meer inligting verlang word, raadpleeg u naaste Voermol-agent, (sien www.voermol.co.za) of stuur 'n e-pos aan info@voermol.co.za

GRAAN SA
GRAAN SA

Fokus op besproeiing

bl 11 tot bl 39

SA Graan/Grain gee erkenning aan die volgende adverteerders en instansies vir hul deelname aan die fokus op besproeiing:

- Agri Drainage
- Agrico
- ARC-Agricultural Engineering
- ARC-Small Grain
- ARC-Soil, Climate and Water
- DFM Technologies
- Graan SA
- Hortec
- Johannes van As, hulpbronbeplanning en besproeiingskonsultant
- KimLeigh Chemicals SA
- Monsanto
- Netafim
- Noordwes Damme
- Pietman Botha, SA Graan/Grain medewerker
- Pioneer HiBred
- Sasol
- Senseed
- University of the Free State
- Water Research Commission ■

**PLANT VIR
VOLGEHOUE
SUKSES**

**Uiters geskik
vir besproeiings-
gebiede**

Kultivars

DKC61-90
DKC62-84R
DKC62-80BR GEN
DKC63-53
DKC64-54BR
DKC64-78BR GEN
DKC65-52BR

Groei jou wins natuurlik met DEKALB®-mielies!

DEKALB® spog nou met nuwe mieliebasters wat by uitstek geskik is vir besproeiingsgebiede. **DEKALB®** is sinoniem met innoverende idees, uitstekende kiemplasma en saad waarop jy kan vertrou.

Kontak gerus ons kliëntediens by: 011 790-8200
of customer-care.sa@monsanto.com

DEKALB® en Monsanto is geregistreerde handelsname van Monsanto Technology LLC, Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.



Waterbestuur in presisie- en bewaringsboerdery

JOHANNES VAN AS, hulpbronbeplanning en besproeiingskonsultant

Bewaringsboerderypraktyke wen al hoe meer veld in Suid-Afrika en is stadig maar seker besig om ouer konvensionele praktyke te vervang. Die beplanning en bestuur van waterafloop en -dreinerings is van die belangrike bestuursaspekte wat aangepas moet word om volhoubare gewasproduksie te verseker.

Die afgelope nat seisoen is voorafgegaan deur 'n droë seisoen en daarom is dit van kardinale belang dat produsente hul praktyke sal aanpas vir seisoene wat volg – om afloopwater optimaal te bestuur, maar ook om versuiping en verbraking van grond te voorkom.

Vogbewaring

Die hoofdoel is om soveel vog as moontlik in die “grondreservoir” te probeer stoor.

Om dit te bewerkstellig, moet van praktyke gebruik gemaak word wat maksimum infiltrasie in die grond sal verseker. Deur plantrigtings en daarom hellings aan te pas, kan die snelheid van afloopwater tydens reënbuie met hoë intensiteit verlaag word om meer tyd vir maksimum infiltrasie te verseker.

Biologiese praktyke soos dekgewasse verhoog onder andere die waterhouvermoë van die grondprofiel vir optimale vogopname. Bewerkingspraktyke soos stoppelen strookbewerking voorkom verdamping en versprei die energie van reëndruppels, om sodoende korsvorming te voorkom en verbeterde infiltrasie te verseker. Dié praktyke verseker ook dat onsigbare oppervlak-erosie, ook genoem bogrondse erosie (*sheet erosion*), aan bande gelê word.

Oppervlak- en ondergrondse dreinerings

Daar moet egter nog steeds voorsiening gemaak word vir wanneer grond versadigingspunt bereik en ook tydens reënbuie van hoë intensiteit, om afloopwater veilig sonder erosie te kanaliseer en moontlik te kan stoor vir aanvullende vog tydens kritiese groeistadiums.

Deeglik-beplande plantrigtings en hellings, plantrylengtes, kontoerwalles, waterbane en damme speel hierin 'n belangrike rol.

Plantrye dien as mini-kontoere en indien die kapasiteit, rigting en helling reg saam met ander bewaringspraktyke ingespan word, is dit moontlik om kontoerwallespaasiers aan te pas en selfs moontlik te verminder.

ONTSLUIT TOP WERKVERRIGTING met die John Deere FX15 planter, pasgemaak vir jou boerdery in 12, 16 of 20 rye

Finansiering gebou vir jou

*Bepalings en voorwaardes geld (besikbaar by www.deere.co.za). Aanbod geldig solank voorraad hou.

John Deere Financial word ondersteun deur Absa, 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer en geregistreerde kredietverskaffer. Reg Nr NCRCP7.

Ondersteun deur



Sluit aan by John Deere op Facebook



Volg John Deere op Twitter



Besoek John Deere op YouTube

Heelwat ondergrondse dreineringsprobleme word veroorsaak deur ongekontroleerde oppervlakte-afloop na 'n laagtepunt of duik, waar die water opdam en versuiptoestande teweeg bring.

Indien landerye betreklik golwend is en afloopwater nie prakties met plantrye of kontoere in waterbane gekanaliseer kan word nie, kan opdamming (*ponding*) versuiptoestande teweeg bring. Dan sal dit raadsaam wees om grondverskuiwing (*land shaping*) te oorweeg.

Dit behels die bepaling van grondvolumes vir uitgraving en opvulling (*cut and fill*) sonder om die bogrond totaal te versteur, of te verwyder van een area na 'n ander. Met hierdie praktyk word daar derhalwe gepoog om eenvormige infiltrasie van water oor die hele land te bewerkstellig en om oortollige afloopwater veilig uit die land te dreineer. 'n Netwerk van ondergrondse dreine kan ook oorweeg word as 'n moontlike oplossing.

Nog 'n algemene uitdaging is die sydelingse afloop van ondergrondse water op 'n keerlaag na 'n laagtepunt, waar die vry water dan opdam, of bo-op die grond uitslaan. Hierdie uitdaging kom algemeen op vlakke gronde voor en vobewarings-

praktyke wat infiltrasie verhoog, vererger die toestand. Dit kan aangespreek word deur plantrye en kontoere teen 'n steiler helling te beplan, sodat oortollige water vinniger, maar nog steeds sonder erosie, uit landerye gekanaliseer word indien die vlakke grond versadiging bereik. 'n Alternatiewe moontlikheid om die uitdaging aan te spreek, is die opvang en kanalisering van sydelingse afloop deur middel van afsnydreine.

Aangesien daar 'n groot variasie in die eienskappe van gronde in Suid-Afrika is en sommige produsente nie oor die luuke van diep gronde beskik nie, verskil die bestuursbeplanning by vlakke gronde dikwels van dié areas met dieper gronde.

Beplanningsproses

'n Fisiese grondopname, tesame met 'n akkurate topografiese opmeting en kontoerkaart, is van kardinale belang vir deeglike beplanning.

Presisietegnologie en -toerusting op trekkers maak dit vir produsente moontlik om sekere grondfisiese en akkurate topografiese data in te win, af te laai en moontlik aan 'n konsultant vir moontlike verdere interpretasie en beplanningsdoelindes te verskaf.



▲ 1: 'n Voorbeeld van gronderosie.

▲ 2: Oppervlakwaterafloop uit landerye.

Nou beskikbaar teen dié verlaagde rentekoerse:

6.5% koers gekoppel, 20% deposito*, of

0.1% koers gekoppel, 50% deposito*



JOHN DEERE
FINANCIAL

www.Deere.co.za
Africa@johndeere.com
Kliëntediens: 0800 983 821

Praktiese wenke vir jou spilpunt

SAKKIE KOSTER, agronoom, Pioneer HiBred en **PIETMAN BOTHA**, SA Graan/Grain medewerker

As gevolg van die hoë oprigtingskoste van spilpunte, is optimale hantering noodsaaklik om te verseker dat maksimum opbrengs uit die oeste verkry word om die koste aangegaan, te verhaal. Dit verseker ook dat daar nie onnodig skade aan die masjien aangerig word nie en onderhoudskoste laag gehou word. Elektrisiteit en water is die grootste lopende uitgawes vir 'n besproeiingsprodusent.

Skedulering en gewasse

Besproeiingskedulering vir 'n spilpunt verskil basies nie van die skedulering vir ander stelsels nie. Omdat dit egter so eenvoudig is om ligte besproeiing met 'n spilpunt toe te dien, bestaan die gevaar te dikwels dat te lig besproei word en dat besproeiingsdoeltreffendheid in die proses ingeboet word.

Tydens en na elke besproeiing gaan daar 'n sekere hoeveelheid water verlore deur:

- Verdamping tussen die spuit en die grond;
- onderskepping deur die blaredak; en
- direkte verdamping uit die bogrond onmiddellik na besproeiing.

Laasgenoemde twee vorms van verliese moet gesien word as 'n vaste aantal millimeters per besproeiing, ongeag wat die totale toediening was. As die verliese geneem word op 5 mm per besproeiing en daar is slegs 7 mm toegedien, is dit duidelik dat slegs 2 mm daarvan tot die grondvogstatus bydra.

Indien die toediening egter 20 mm sou wees, sou 15 mm effektief in die grond beland het. Poog dus om die toedienings binne perke, maar so swaar as moontlik te maak voordat water sal begin afloop. Binne perke beteken in die geval dat die interval tussen besproeiings nie so lank moet wees dat vogstremming tussen besproeiings voorkom nie, dat besproeiings nie so swaar moet wees dat dit infiltrasievermoë van die grond oorskry nie en ook nie dat meer vog as die vogtekort toegedien word nie.

As te swaar besproei word, loog waardevolle voedingselemente uit die wortelsone en is dit verlore vir die gewas.

Die duimreël is om die gewas se weeklikse besproeiingsbehoefte in een besproeiing te gee totdat die weeklikse besproeiingsbehoefte meer word as wat die grond kan stoor. Daarna kan oorgeskakel word na drie besproeiings elke twee weke en later na twee besproeiings per week.

Waar die tempo van waterlewering 'n probleem kan word, word aanbeveel dat die volle sirkel nie onder een gewas geplant word nie, maar dat 'n halwe sirkel elk van twee gewasse geplant word, waarvan die periode van spitsverbruik verskil. In die geval van 'n aantal gewasse, is dit nie genoeg om dieselfde gewas op twee verkillende plantdatums te plant nie, omdat die laatgeplante deel die vroeggeplante deel inhaal, wat veroorsaak dat hul spitsperiodes in elk geval oorvleuel.

Aangesien verdampingsverliese normaalweg in die dag hoër is as in die nag, is dit wenslik om besproeiing só te reël dat die deel wat tydens die vorige siklus in die dag besproei is, by die volgende siklus in die nag besproei word. Indien water onvoorsiens verminder, kan oorweeg word om een deel van die sirkel te ignoreer en liever

te probeer om 'n vol oes op die res van die sirkel te verkry. Dit is meer sinvol as om geen oes op die volle sirkel te verkry nie.

Indien die water beperk raak, probeer produsente dikwels om die hele sirkel met ligte besproeiings te lawe en soos reeds genoem, is té ligte besproeiing oneffektief. Dit sal beter wees om swaarder besproeiings op 'n deel van die sirkel te gee.

In koeler dele, waar dit nie moontlik is om twee oeste per jaar van dieselfde grond af te haal nie en grond nie beperkend is nie, kan oorweeg word om twee sirkels met dieselfde spilpunt te besproei. Sodra die een gewas fisiologies ryp is en dit derhalwe nie meer water nodig het nie, kan die spilpunt na die volgende sirkel verskuif word om die ander gewas te vestig. Let daarop dat nie alle spilpunte gesleep kan word nie.

Die gebruik van grondvogmeters en reënmeters kan nie sterk genoeg beklemtoon word nie. Hoe anders kan 'n mens weet dat jy doeltreffend besproei as jy nie meet nie?

Grond

Swaarder gronde bevat dikwels genoeg swelklei om toe te swel sodra dit nat word. Dit beteken dat die grond se vermoë om water in te neem as dit nat word, afneem. By lae leweringstelsels en kleiner sirkels is dit op die meeste gronde nie 'n probleem nie. Veral by groter spilpunte waar die leweringstempo op die buiterand van die sirkel betreklik hoog kan wees, kan dit 'n wesenlike uitdaging raak, deurdat die grond nie die water kan absorbeer nie en die water daarom afloop.

Die probleem kom meer gereeld voor by gronde met 'n hoë klei-inhoud en skuins hellings, asook gronde waarvan die kationverhoudings verstuur is, byvoorbeeld hoë natrium- of magnesium-inhoud.

Moenie 'n té groot spilpunt opsit wanneer jy op swaarder probleemgronde wil besproei nie. Hoe groter die spilpunt, hoe hoër is die neerslagtempo op die buiterand. Die probleem kan ook aangespreek word deur die benattingsbandwydte van die spilpunt te vergroot. Hierdie oplossings is egter slegs moontlik voordat die spilpunt aangekoop word, aangesien veranderinge aan 'n bestaande stelsel selde moontlik is.

Wanneer afloopprobleme met 'n bestaande spilpunt ondervind word, moet dit deur middel van bestuur opgelos word en die volgende word voorgestel:

- Probeer soveel moontlik organiese materiaal op die grond behou om infiltrasie te verbeter.
- Dien gips op die oppervlakte toe om die struktuur te verbeter indien die grond heelwat natrium bevat. Stel ook kationverhoudings reg voor plant.
- Bring die neerslag per toediening af deur die spilpunt vinniger te laat loop. Dit sal 'n bydrae lewer deurdat die spilpunt verby is voordat die grond toegeswel is. Wees bedag op té ligte, oneffektiewe toedienings.
- In die geval van rygewasse, skoffel die gewas solank dit nog klein genoeg is om meganiese skade te beperk en die grondkors te breek (sogenaamde *wet rip*).
- Probeer dit vermy om nat grond weer te besproei byvoorbeeld deur 'n spilpunt wat net 'n halfsirkel besproei, onmiddellik in trurat te skakel en weer te besproei. Vermoë aanhoudende



Graan SA/Sasol fotokompetisie

ligte toedienings omdat die grond nog geseël is na die vorige besproeiing en dit beswaarlik meer water sal opneem.

- Waar ernstige afloop by rygewasse voorkom, kan oorweging geskenk word aan dammetjebewerking (*furrow diking*).
- Dit is altyd gepas om eers 'n ligte besproeiing op 'n losgeploegde land toe te dien – alhoewel sulke gronde 'n swaar besproeiing kan vat. Die rede is om te verhoed dat die spilpunt diep spore trap. As daar eers spore getrap is, sal water van die opvolgende besproeiings in die spore bly staan en die spore sal al dieper word. Dit kan uiteindelik daartoe lei dat die spilpunt vasval of die struktuur beskadig word indien die spilpunt uit lyn loop. Op swaarder grond kan spore met byvoorbeeld berggruis opgevolg word om vasval te voorkom. Opvolgende bewerkings moet dan só gedoen word dat die spore nie weer opgebreek word nie.

Spilpuntsproeiers

Die sproeiers is die hart van die spilpunt. Dit is belangrik dat jy die sproeierpakket gereeld evalueer. Weens slytasie wat voorkom, dien die spilpunt nie meer die regte hoeveelheid water toe nie. Dit is ook belangrik om die sproeierpakket te kalibreer.

Dit gebeur soms dat die watervoorsiening oor die lengte van die spilpunt verskil en dit kan lei tot sekere gedeeltes wat te veel water kry en ander wat te min kry.

Wanneer 'n sproeier verstopt is, merk die sproeier, skakel die spilpunt af, draai die sproeier uit en maak dit skoon. Moenie met 'n draad in die sproeiermondstuk karring nie. Die kans dat die obstruksie só verwyder sal word, is skraal en die moontlikheid dat die sproeiermondstuk beskadig kan word, is groot. Gaan die spilpunt gereeld na vir verstopte sproeiers.

Algemeen

Ideal intercrop plants will provide food and shelter for all life stages of beneficial organisms, suppress weeds, and grow in close proximity to the cash crop without competing for space, light, water and nutrients. The cover crop and cereal should occupy different above and below-ground niches and should complement each other, increasing the cropping system's ability to capture and use resources, such as sunlight, water and soil nutrients, efficiently.

Legumes, clovers and many herb species such as yarrow, fennel, tansy, catnip and African wormwood fit these criteria. In planning



- ▲ 1: A ladybird pupae on tansy.
- ▲ 2: A ladybird larvae on tansy.
- ▲ 3: A ladybird adult.
- ▲ 4: Wheat monoculture.
- ▲ 5: Russian wheat aphid – a wheat pest.

swaargewig beskerming

Gee jou kleingraan die vroeë voorsprong teen
raaigras met 'n wen formulاسie wat jy kan vertrou.

1. Verlaag die risiko van weerstandsontwikkeling
2. Koste-effektiewe beheer van breëblaar en grasonkruidе in kombinasie met LOGRAN®
3. Betroubare beheer aangesien BOXER® op drie plekke deur teiken onkruidе opgeneem word

**BOXER®. Die slim keuse vir
vooropkoms onkruidbeheer.**



LEES DIE ETIKET VIR VOLLEDIGE BESONDERHEDE.

BOXER® bevat prosulfokarb 800g/L (Reg. nr. L8222, Wet nr. 36 van 1947) SKADELIK.

LOGRAN® bevat triasulfuron 750g/kg (Reg. nr. L3600, Wet nr. 36 van 1947)

Syngenta Suid-Afrika (Edms) Beperk, Privaatsak X60, Halfway House, 1685, Tel: (011) 541 4000, www.syngenta.co.za

©Syngenta Ag, 2000.



Expansion of SA barley exports: Are there opportunities?

MICHELLE MOKONE, agricultural economist, Grain SA

Over the years, South African whole barley has remained a very small player in the export market and has been almost insignificant due to the fact that it is a niche market. The barley industry is very concentrated mainly due to the fact that the majority of barley is currently used for brewing purposes within South Africa. There has however been export movement for malted barley, but volumes remain relatively small.

In the past five years, malted barley exports averaged 7 124 tons (Table 1), while whole barley exports indicate a clear picture of a dead export demand. In the same period under review, South Africa's barley imports averaged 56 000 tons, ultimately making the country a net importer of barley.

About half of global barley production is used for feed, followed by malting and finally human consumption. Only a portion of the malted barley planted each year has the specific qualities needed to be selected for malt, therefore quality is quite stringent.

As barley in South Africa is mainly used for brewing, it can be seen as a niche market and for small producing countries; this tends to tighten export market opportunities. It is against this background that this article seeks to uncover reasons for a stagnant demand for malted barley and to discover the possibility of creating export opportunities for the crop.

Global export market

Over the past five years, global barley exports averaged 31,6 million tons. The top five leading exporters of barley are France, Australia, Argentina, Germany and Russia. Collectively, they account for more than half of the global export market, at 63%.

Among countries in the African continent, Zambia and Kenya are within the top 50 exporters of whole barley, each ranking 40th and 43rd, respectively. Zambia and Kenya are, however, very small players within the global export market, with five-year average figures amounting to 3 258 tons and 1 140 tons, respectively. In fact, both countries do not have a consistent track record of barley exports. The main importers of Zambian barley were Uganda and Tanzania. However, both countries posted declines in their imported quantities during the 2015/2016 marketing year (Table 2).

Within the African continent, Libya is the leading importer of barley and is among the top 15 importers of the crop. On average, Libya imports 583 624 tons of barley annually, with Ukraine as the leading exporter of barley. In the 2016/2017 marketing year, Libya increased barley imports from Ukraine twice in comparison with the previous season, with a share of Ukraine barley export of 18,8%. Historically, Namibia sourced whole barley from South Africa, with the last export sale recorded in the 2013/2014 marketing year at just 24 tons. In 2015, Namibia's barley imports from the world

declined by 98% year-on-year. Owing to the decline in Namibian imports was a successful project by Namibian Breweries Limited (NBL) to source home-grown barley by increasing production.

The Namibian government availed 380 ha of existing irrigation land to the project, specifically for the production of barley. Should the project yield good quality crop, NBL aims to increase year-on-year plantings by 1 500 ha per annum with the goal to gradually replace imports of about 40 000 tons of malted barley. The world's top five leading barley importers are China, Saudi Arabia, Netherlands, Belgium and Iran. In 2016, they accounted for almost half of the global imports of 27,5 million tons, at 49%.

Local production versus import and export

In the 2014/2015 marketing season, South Africa's imports accounted for 17% of total supply (see Table 3), while in 2015/2016, imports accounted for only 3,2% of the total supply, outweighed by higher opening stocks and commercial production of 211 000 tons and 330 000 tons, respectively.

Of the total barley produced in 2015, 2% of malted barley was exported, which was 133% more than the value exported in the year prior. South African imports have more than doubled annually from 2012 to date, while the exports remained in tight range and relatively volatile due to inconsistency in import demand from importing countries such as Namibia.

TABLE 1: BARLEY PRODUCT EXPORTS FROM SOUTH AFRICA.

MARKETING YEAR	2012/2013	2013/2014	2014/2015	2015/2016	2016/2017	FIVE-YEAR AVERAGE
Barley product	56	757	2 805	6 774	25 229	7 124

Source: SAGIS

TABLE 2: ZAMBIA AND KENYA EXPORTS.

ZAMBIA BARLEY EXPORTS					
	2011	2012	2013	2014	2015
Zimbabwe	0	0	0	0	936
Uganda	0	0	0	10 475	282
Tanzania	0	0	108	944	0
KENYA BARLEY EXPORTS					
	2011	2012	2013	2014	2015
Uganda	0	0	0	1 529	0

Source: ITC

TABLE 3: SUPPLY AND DEMAND FOR BARLEY IN SOUTH AFRICA.

	2014/2015	2015/2016
Area planted (x 1 000 ha)	85	94
Yield (t/ha)	3,55	3,54
CEC Crop Estimates ('000 ton)	302	332
Commercial supply	('000 ton)	('000 ton)
Opening stocks	144	211
Commercial production	291	330
Adjustments	4	4
Total imports	91	18
Total commercial supply	530	563
Total exports	3	7
% of barley coming into South Africa	17,7	3,2
% of exported barley compared to production	0,9	41,9

Source: Grain SA and own calculations

Despite relative increase in barley production over the years, this has still resulted in a shortfall of barley, mainly because of quality requirements. It is also important to note that South Africa does not produce significant volumes of exportable surplus because the industry only has one buyer. It is therefore produced under a contract.

Conclusion

It is evident that the global barley export market is generally very concentrated. This

means that global barley exports are going to fewer countries and mainly within the deep-sea market. Africa has a small demand for barley imports, while Libya has a strong demand. Sellers to this country, such as Ukraine, have a geographical advantage over other countries within the continent.

South Africa's barley production has been growing, but remains below increasing national demand, which has seen the country relying on imports to meet local demand;

while also fulfilling its quality requirements. Meanwhile, the country's exports remain relatively low, due to constrained production and limited import demand, particularly from its neighbouring countries.

Since South African barley production is done on a contract basis, the opportunity to unlock the country's barley export potential would require a guaranteed market which would create a scope to expand production. ■

Wheat: Value of intercropping

In an intercropped system, it is important to identify specific plants and management practices that best support populations of beneficial organisms. This will require some information gathering and management skill on the part of the producer, but this investment will result in many benefits.

The benefits of intercropping include:

- Reduced need for pesticides and savings in pest management costs.
- Increased biodiversity and associated ecosystem functions on the farm.
- Increased environmental sustainability by providing constant ground cover to reduce wind and water erosion.
- Increased ability of cropping system to use resources, such as sunlight, water, and soil nutrients, effectively.

Natural ecosystems are complicated systems with ecosystem functions performed by many interrelated organisms in the system. What affects one organism in this system will affect all the other organisms. Agricultural systems where crops are planted in a monoculture, on the other hand, are simple systems where most of the components that provide ecosystem functions have been removed from the system.

This is particularly evident during climatic changes. When it rains after a drought, pest insects often become a problem in agricultural systems, because the insects that keep the pest insects under the damage threshold are missing in agricultural systems.

Many insect species are able to survive adverse conditions and are very adaptable to changes. This enables them to increase their populations when conditions become suitable. Insects are, however, not only pests on agricultural crops, but in natural systems also perform many valuable ecosystem functions. The insect assemblages in intercropped wheat systems are more diverse because of an increased crop diversity.

Insects included in this system perform diverse ecosystem functions such as managing pest insects under the damage threshold, pollination, bioturbation and fertilisation of the soil. These services provided by insects can be utilised in agricultural systems by changing and diversifying the agricultural environment through intercropping.

These systems will have an advantage over conventional wheat systems because the diversity in intercropped wheat ecosystems will enable the system to adjust to adverse conditions and become more resilient and sustainable. This will result in more effective wheat cultivation because sustainability equals profitability.

Economic sustainability of a producer will increase by decreasing the need for expensive inputs, such as nitrogen fertiliser and pesticides.

Producers with any queries can contact Dr Astrid Jankielsohn at 058 307 3431, 082 564 3795 or jankielsohna@arc.agric.za. ■





SAAM BOER ONS VIR DIE TOEKOMS

So veelsydig en aanpasbaar as wat jou boerdery vereis.

Voergewasse waarop jy kan staatmaak. Ons veelsydige weidingspakket lewer voer met 'n hoë-drakrag en smaaklikheid en is geskik vir melk-, vleisbees- of skaapproduksie.


www.pannar.com | infoserve@pannar.co.za



Lusern	Intensiewe Grasse	Droëland Wintergewasse	Eenjarige Subtropiese Gewasse
Dormansieklasse 7 en 9, weiding en hooitipes	Eenjarige Raaigras Meerjarige Raaigras	Hawer Korog Stoelrog Japannese Radys	Voersorghums Tef



© Geregisteerde handelsmerke van PANNAR BPK, © 2017 PANNAR BPK
2017/WEIDING/A/18COMBO/A4



Bewaringslandbouweek gehou

DR JOHANN STRAUSS, senior wetenskaplike: Navorsing en Tegnologie Ontwikkelingsdienste, Wes-Kaapse Departement van Landbou en **DR HENDRIK SMITH**, bewaringslandboufasiliteerder, Graan SA

In Augustus vanjaar is die Vereniging van Bewaringslandbou in die Wes-Kaap se bewaringslandbouweek gehou – wat bestaan uit 'n konferensie- en 'n praktiese dag.

Tydens die konferensiedag (op Elsenburg) word daar gepoog om internasionale sprekers in te voer om hul kennis en ervaring met die deelnemers te deel. Plaaslike sprekers maak ook deel uit van die program en daar word daarby gepoog om plaaslike produsente hul eie suksesse en uitdagings met bewaringslandbou op hul plase met kongresgangers te deel. Tydens die praktiese dag (op Langgewens) word praktiese konsepte besigtig en bespreek.

Hieronder is uittreksels met die kernboodskap van elkeen van die sprekers.

Dr Ken Flower

Dr Ken Flower (Universiteit van Wes-Australië) doen navorsing oor die verbetering van geenbewerkingstelsels wat onder andere onkruidbeheer, gewasvolgordes en toepaslike toerusting insluit.

Wes-Australië bestaan uit 70% gemengde boerdery. Reënval is die beperkendste faktor en die grond is onvrugbaar en kwesbaar. Skyfgeenbewerkingplanters (versus tandplanters) word deur 3% tot 4% van produsente gebruik, maar onkruidbeheer is nie so goed soos met die tandplanters nie.

Gewasse in rotasie is koring (60%), kanola (12%), gars (6%) en 'n peulgewas (6%). Dekgewasse of meerjarige weiding word ook soms oorweeg. Beheerde spoorverkeer is belangrik en word as een van die bewaringslandboubeginsels gesien.

Hy het veral klem gelê op die beheer van onkruid na oes en het verskeie opsies van beheer bespreek. Dit is dan ook iets wat in ons toestande en omgewing van kardinale belang is en waarna ons opnuut moet kyk.

Dr Wendy Taheri

Die Amerikaanse spreker, dr Wendy Taheri (TerraNimbus), is 'n spesialis op mikorisa. Mikorisa is 'n groep voordelige swamme wat in simbiose met 90% van alle plante op aarde leef. Sy het die belang van hierdie simbiose bespreek en voordele gelys wat produsente in produksiestelsels geniet as hierdie samewerking tussen die swam en van die gewasse gekoester word.

Volgens haar is dít redes waarom produsente oor *Arbuscular mycorrhizal fungi* (AMF) besorg moet wees:

- Verbeter grondvrugbaarheid;
- verbeter grondstruktuur en grondwaterhouvermoë;
- produseer produkte met meer voedingswaarde vir mense en diere;
- vervang skadelike chemikalieë;
- elimineer voedingstofafloop en loging;
- verhoog plantvoedingstofgebruiksdoeltreffendheid – veral fosfaat (P);
- beskerm plante teen skadelike nematodes, swamme en bakterieë;
- verbeter droogtetoleransie en weerstand teen verbrakking;
- meer biomassa = groter opbrengste;
- lê koolstof vas in grond; en
- bestuiwers (insekte) verkies mikorisa-plante.



- 1: Dr Johann Strauss, André Fourie, dr Wendy Taheri, dr Ronel Hendriks, dr Ken Flower en Sakkie Rust.
- ▲ 2: Dr Wendy Taheri het tydens die praktiese dag vooraf 'n lesing gegee oor die belang van diversiteit in produksiestelsels.
- ▼ 3 tot 6: Tydens die praktiese dag (op Langgewens) word praktiese konsepte besigtig en bespreek.

Bewaringslandbouweek

Dr Ronel Hendriks

Plaaslike sprekers was dr Ronel Hendriks (Advanced Biological Marketing), wat oor nog 'n voordelige mikrobe, trichoderma, gepraat het en ook resultate bespreek het.

Trichoderma is 'n swam wat natuurlik in grond voorkom, waarvan 99% vrylewende en 1% endofitiese stamme is. Laasgenoemde infekteer die plant en het 'n effek binne-in die plant – veral in plantvoeding, wortelontwikkeling en plantgesondheid. Die vrylewende stamme speel veral 'n rol in grondgesondheid. Die simbiotiese verhouding tussen plante en trichoderma is voordelig vir beide.

Die voordele van endofitiese trichoderma is die volgende:

- Verhoog voedingsgebruiksdoeltreffendheid;
- dit het 'n lewenslange interaksie met plante; en
- skakel gene in plante aan wat die volgende doen:
 - Verhoog benutting van voedingstowwe;
 - stresweerstand;
 - siekteweerstand;
 - opbrengs; en
 - kwaliteit van finale produk.

André Fourie

Mnr André Fourie (landbou-ekoonoom van Bredasdorp) het gepraat oor die rol van skape in stelsels en of dit nog ekonomies verantwoordbaar is. Volgens hom is die groot vraag: Hoe boer ek met vee tot voordeel van kontantgewasse, of hoe boer ek met kontantgewasse tot voordeel van vee?

Sy doeltreffendheidsnorme vir die Overberg-streek is die volgende:

- Kg graan per mm reën per hektaar is tussen 7 en 16
- Saai:wei-verhouding is 50:50.
- Kg melk:kg voer is 1,2.
- Drakrag is 5 KVE/ha weiding.
- Skape bemark:teelooie is 1,15.
- Wol bemark:ha-weiding is 28.
- Grenswaardes is belangrik.

Graan se netto bruto inkomste (NBI) die afgelope vyf jaar was R3 700/ha en vir skape R2 300/ha en vir die huidige jaar was dit R3 000 en R2 450.

Sakkie Rust

Die konferensiedag is afgesluit met 'n praatjie deur 'n produsent uit die Swartland, mnr Sakkie Rust, wat deelnemers met sy reis van konvensionele bewerking tot by bewaringslandbou vermaak het.

Agtergrond

Die Vereniging van Bewaringslandbou in die Wes-Kaap, oftewel BLWK, is in 2011 gestig met die oogmerk om die beoefening van bewaringslandboupraktyke te bevorder. 'n Verdere oogmerk is ook om produsente, navorsers en die verwante bedrywe byeen te bring om kennis te deel. Die eerste bewaringslandbouweek is in 2012 gehou en in 2017 is die vyfde jaarlikse konferensie gehou.

Rust boer in die Tulbagh en Riebeeck-Wes-omgewing. Hy het onlangs opgehou met brand (vir raaigrasbeheer) en sy gewasse lyk uitstekend. Hy het ook gesien hoe goed dekgewasse in die Riversdal-omgewing op klipperige gronde werk – wat hom geweldig geïnteresseer het. Hy het besef hy sal sy hele stelsel moet verander en begin deur sy grond te verbeter. Sy vee-integrasie (met beeste) en wisselboustelsel het 'n bydrae gelewer om grondgesondheid te verbeter. Hy kry ook bevredigende grondbedekking en opkoms deur van 'n skyfplanter gebruik te maak. Sy gewasrotasie bestaan uit kanola, koring, fababone, hawer en dekgewasse.

Praktiese dag op Langgewens

Die praktiese dag is op Langgewens, navorsingsplaas van die Wes-Kaapse Departement van Landbou, aangebied. Tydens die dag het dr Taheri vooraf 'n lesing oor die belang van diversiteit in produksiestelsels gegee.

Dit was 'n uiters insiggewende praatjie – wat 'n mens opnuut laat dink het oor wat plaaslik ten opsigte van bewaringslandbou gedoen word. Verder was daar verskeie planters wat besigtig kon word en die vervaardigers was byderhand om die tegniese aspekte vir kongresgangers te verduidelik.

Tydens die veldbesoek is verskeie praktiese aspekte van dekgewasse, diversiteit, kanola-ontkieming en die impak van raaigras op graanproduksie in die proefpersele besigtig en bespreek.

Webwerf

Al die praatjies is opgeneem en sal binnekort op die vereniging se webwerf (www.blwk.co.za) verskyn. Vorige konferensies se praatjies, asook die maandelikse nuusbrieff, is op die webwerf beskikbaar. ■



SILOWAREHOUSE
(PTY) LTD.

Silos, grain bunkers, bucket elevators, augers, grain cleaners, chain-, pipe-, belt conveyors and grain dryers

Feed bins and hopper bottom silos, capacities 5 mt - 1,500 mt

www.silowarehouse.co.za

E-mail: info@silowarehouse.co.za

Tel: 012 332 1469 / 082 492 7496



Gids deel inligting oor koringkultivars



▼ Skandeer die QR-kode vir meer inligting oor die LNR-Nasionale Kultivarevaluasieprogram se resultate wat jaarliks gepubliseer word.

DRIECUS LESCH, Sensako Napier

Sensako is 'n bekende handelsmerk in die saadbedryf en 'n eg Suid-Afrikaanse maatskappy. Die saadmaatskappy fokus op die ontwikkeling van verbeterde kultivars met hoë opbrengsvlakke, goeie kwaliteitseienskappe en weerstand teen heersende plantsiektes vir die plaaslike mark met die doel om produsente winsgewend te hou.

Skakeling met instansies wêreldwyd vind plaas om die nuutste weerstandgene teen die heersende en verwagte siektes wat in kultivarontwikkeling gebruik word, te bekom. Voordele vir die produsent sluit in laer siektebeheerkostes, verlengde rakleefyd van kultivars en verlaagde risiko van verbouing. Kultivarkeuse wat by elke produksiestelsel se unieke vereistes inpas, is die eerste stap in die beplanningsproses. Sensako se *Kultivargids vir die winterreënvalgebied* deel inligting van die kultivarreeks wat agronomiese eienskappe, opbrengsresultate en siekteweerstand aandui. Ons produkte sluit in die staatmaker SST koring-, SSR rog- en SSH hawerkultivars vir weiding, baal en graan. Kliëntetevredenheid en -vertrou in bestaande produkreeks van Sensako is oor menige seisoene heen opgebou en dit is sprekend van die opbrengspotensiaal en stabiliteit van die kultivars, asook uitstekende graankwaliteit.

Die Sensako kultivars vorm deel van die LNR-Nasionale Kultivarevaluasieprogram en die resultate word jaarliks gepubliseer. Alle koringlyne word in *performance trials* (PT)-proewe oor lokaliteite heen getoets vir opbrengsprestasie. Sensako stel net kultivars wat getoets is vir opbrengs en stabiliteit oor omgewings/produksiegebiede heen, vry. Die gebruik van *marker assisted selection* (MAS) via CENGEN op Worcester en Sensako se DH laboratorium op Napier word ingespan om belowende lyne vinniger te identifiseer om sodoende kultivars met hoë opbrengs en beter siekteweerstand vinniger vry te stel.

Buiten die uitstekende koringkultivarpakket wat steeds beskikbaar is en wyd aangeplant word, is daar steeds die strewe na verbeterde kultivars vir die produsent. SST 0166 is volgende jaar vir die eerste keer kommersieel beskikbaar, alhoewel met beperkte voorraad. Die kultivar is hierdie seisoen in die nasionale kultivarproewe ingesluit en het die afgelope seisoene uitstaande in Sensako se opbrengsproewe presteer.

Sensako kultivars het hulself herhaaldelik as staatmakers onder wye produksietoestande bewys – ons bly die beste keuse. ■

Ons noem dit 'die SENSAGO effek'



SENSAGO
Beproeft Genetika • Proven Genetics

Sensako is Suid-Afrika se voorste verskaffer van unieke koringkultivars en die leier in koringteelt. Vir al jou koringaadvereistes – plant Sensako vir:

- Verbeterde opbrengs en kwaliteitspotensiaal • Siekteweerstand
- Agro-ekologiese aanpasbaarheid • Verlaagde insetkoste
- Gemoedsrus en landswye waarde vir die boer

We call it 'the SENSAGO effect'
Progress through research

Bethlehem Tel: +27 (0) 58 303 4690
Napier Tel: +27 (0) 28 423 3313

Yield improvement of dryland wheat cultivars in the Western Cape – *what is the status quo?*

DR IAN HEYNS and **DR ANDRÉ MALAN**, ARC-Small Grain, **DR MARDÉ BOOYSE**, ARC-Biometry and **PROF MARYKE LABUSCHAGNE**, Department Plant Sciences, University of the Free State

Wheat is considered one of the primary staple foods in South Africa with an annual consumption of 3,2 million tons. It is estimated that 1,4 million tons will be imported this year. Yield improvement of new wheat cultivars is therefore an important aspect of wheat production in the Western Cape, which is considered the 'bread basket' of South Africa.

However, the genetic gain in yield of cultivars released by the ARC-Small Grain in the Western Cape has never been determined before and a study was conducted to determine the progress made in yield performance of ARC-Small Grain cultivars released in the Western Cape over the past three decades.

Study outline

Measuring progress in breeding for grain yield in drought-affected environments is frequently confounded by seasonal fluctuations in weather conditions. A method that eliminates the environmental effect (Trethovan *et al.*, 2002) was therefore used to analyse the data in order to determine the progress made in yield.


In this study, yield trial data for eleven ARC-Small Grain cultivars (released between 1980 and 2012) was collected for the period 1995 - 2015. These cultivars were cultivated under various environmental conditions in the Swartland (five sub regions) and Rûens (three sub regions).

The yield trials consisted of between 15 and 30 entries arranged in a randomised block design with four replicates. Check cultivars, representing the best adapted cultivars for the various regions, were included for each of the yield trials. The mean yield for the ARC-Small Grain cultivars from each site and year was calculated and expressed as a ratio of the trial means.

The ratio, trial mean and mean of the cultivars were regressed against each year to assess gains in yield over time using linear regression analysis similar to the proposed method of Trethovan *et al.*, 2002.

In **Graph 1** the mean yield for the ARC-Small Grain cultivars (SG) from each site and year was calculated and expressed as a ratio of the trial means (TM). These values were re-

gressed against each year to assess gains in yield over time using linear regression analysis similar to the proposed method of Trethovan *et al.*, 2002.



Graph 1: Regression of yield trial data for eleven ARC-Small Grain cultivars for the period 1995 - 2014. From Graph 1 it can be seen that measuring progress by slope of the TM (grey) or the slope of the SG cultivars (orange) on their own, is misleading due to the fluctuations over years. The ratio smooths these fluctuations and thus provides an indication of yield stability in the Swartland (the slope = 0) and yield growth of 1% in the Rûens (the slope = 0,01*100 = 1%).

DIE OOIE SE KONDISIETELLINGS IS MOOI IN STAND GEHOU, ONS KAN UITSIEN NA GESONDE LAMMERS!


Elite Block is gerieflik om uit te sit as onderhoudslek en weens die aanvulling met gehalte deurvloei proteïene en energie dra dit by om die produksie en die ooie se kondisie in stand te hou.
Dankie Molatek!

*Abrie van der Merwe & Divan Calitz
Sandkraal Buffelsjag*

oppermarketing A16643/5 AG

ELITE BLOCK

Elite Block verskaf voldoende kwaliteit deurvloei proteïene en energie tydens die piek voedingsbehoefte tydperk van die ooi, wat volwasse liggaamsmassa en kondisietelling bevorder. Dit dra by tot verhoogde melkproduksie en melkvloei. Die lammers is lewenskragtig, groei vinnig en bereik gouer optimale speenmassas. Dit help ook om massaverlies onder die ooie te voorkom en konsepsie- en speenpersentasies te verhoog.



Vir meer inligting oor Molatek se spesifieke voere en dienste, kontak:
RCL FOODS: www.rclfoods.com
MOLATEK: +27(0)13 791-1036 | www.molatek.co.za
Elite Block Reg. Nr. V26008 (Wet 36 van 1947) N-FF 3586

‘n Blik op onkruidbeheer in die Wes-Kaap

GIDEON SCHREUDER, besturende direkteur, Equalizer

Die verbouing van kleingraan in die Wes-Kaap het ‘n ryke geskiedenis, wat vele wendings in die praktyke verbonde aan verbouing deurgemaak het. Die laaste noemenswaardige wending het aan die begin van die eeu plaasgevind, waar die fokus vir die eerste maal ernstig verskuif het na verminderde of geenbewerking (*no-till*).

Een van die grootste katalisators van laasgenoemde was die vermoë van die nuwe verminderde bewerkingsaaitoerusting (beter bekend as tandplanters) waarmee voor-opkoms onkruidodders effektief toegedien kon word. Die effektiwiteit waarmee hierdie onkruidodders korte mette van veral weerstandbiedende raagras gemaak het, was nie net ‘n revolusie nie, maar ook ‘n reddingsboei vir ‘n groot aantal desperate graanprodusente.

Effektiewe onkruidbeheer is van kardinale belang in die volhoubaarheid van graanproduksie in die Wes-Kaap. Die oënskynlike afname in gemiddelde reënval per jaar het hierdie onderwerp op die spits gedryf – vir die eenvoudige rede dat die beperkte vog-reserwes 100% vir die graan beskikbaar moet wees en nie met onkruid gedeel kan word nie. In die strewe na suksesvolle beheer moet daar gefokus word op drastiese vermindering of totale uitwissing van onkruidsaad – en veral weerstandbiedende onkruidsaad.

Die dilemma

Oor die afgelope 20 jaar het dit duidelik geword dat chemiese onkruidbeheer in isolasie nie voldoende is om effektiewe beheer te verseker nie. Die grootste rede hiervoor is onkruid se opbou van weerstand teen selektiewe onkruidodders. Vir alle praktiese doeleindes is weerstandbiedendheid ‘n onafwendbare situasie, gegewe dat daar genoeg tyd is. By sommige produsente gaan dit net gouer as by ander plaasvind – afhange van die effektiwiteit van die individu se onkruidbestrydingsprogram.

Weerstand begin opbou wanneer plante aan die doders blootgestel word, maar nie vrek nie. Die volgende faktore versnel die opbou van weerstand: Verlaagde dosisse, foutiewe kalibrasie van spuittoerusting, foutiewe of verwaarloosde spuittoerusting, swak waterkwaliteit en pH-wanbalanse in die grond.

Ongunstige aanwendingstoestande waaronder die volgende, het ook ‘n geweldige negatiewe inpak: Ongunstige omgewingstemperatuur, té sterk wind, droë stowwerige toestande, té veel dou op plante, stremming as gevolg van rypskade en droogtestremming.

Spuistofdrif bo-oor onkruid op kontoere, langs kampdrade en paaie kan potensieel die grootste risiko inhou vir die opbou van weerstand. Gegewe hierdie lang lys van faktore wat die werking van onkruidodders nadelig beïnvloed, is dit onafwendbaar dat sekere plante blootgestel gaan word aan doders, maar nie sal vrek nie.

Suksesvolle onkruidbeheer

Die sleutel tot suksesvolle beheer lê opgesluit in ‘n fyn-uitgewerkte bestrydingsprogram, waarin chemie nog steeds 90% van die werk kan doen. In die strewe na totale uitwissing van onkruidsaad, sal ander hulpmiddels as chemie egter ingespan moet word om die stryd te wen.

Wat hierna volg, is vir alle praktiese doeleindes ‘n holistiese oorsig oor metodes van onkruidbestryding en nie noodwendig wetenskaplik-gesteunde of getoetste afleidings nie.

Wisselbou is ‘n noodsaaklike komponent in die stryd teen onkruid. Dit bied die geleentheid om chemie vanuit verskillende groepe in rotasie aan te wend – wat van kardinale belang is om die opbou van weerstand te strem. Verder is dit essensieel om geen grassade na die koringjaar oor te dra nie. Breëblaaronkruid kan nog tot ‘n mate binne koring beheer word, maar tekens van weerstand is al teenwoordig. Langer rotasies, soos byvoorbeeld koring/medics/kanola, mag nodig wees om grasse behoorlik uit te roei.

‘n Algemene fout wat heelwat produsente begaan, is om grasse nie vroeg genoeg op byvoorbeeld medics te spuit nie. Grasse in die vroeë stadium van die weidingsgewas word gewaardeer as “kos” vir die vee. Die realiteit is dat die grasse eintlik ernstig teen die medics kompeteer vir beskikbare vog. Sodra die grasse vernietig word, floreer die medics wat “kos” sal voorsien en ook verdere onkruidontwikkeling sal onderdruk.

Voor-saai bestryding met nie-selektiewe middels, soos byvoorbeeld Roundup (glifosaat), is uiters belangrik om die onkruidsaadbank te verminder. Dit kan egter net effektief in Maart en April toegepas word, met vroeë reën wat saadontkieming stimuleer en waarna die plante dan dood gespuit kan word.

Maksimum ontkieming kan bevorder word deur lande in Januarie of Februarie met ‘n swaar sleepyster te sleep. Met drie uit die afgelope vyf seisoene wat droog begin het, was produsente werklik op die agtervoet wat vroeë onkruiduitwissing betref. Stoppellande met ‘n geskiedenis van erge raagraspopulasie en wat weer gesaai gaan word, sal ongelukkig gebrand moet word sou vroeë reën wegbly.

Voor-opkomsdodders soos Trifluralin en Avedex is die volgende wapen in die arsenaal wat net voor-plant of op die planter self toegedien kan word. Die beste werking word verkry waar die gifstof in die plantproses deeglik met ‘n lagie grond bedek word. Tandplanters is uiters geskik vir dié doel.

Oormatige materiaalbedekking kan hierdie metode van bestryding nadelig beïnvloed, omdat die gifstof op die wortelpunte van die plant inwerk. Skade aan graanplante is ook ‘n bedreiging – veral as behandelde grond in aanraking kom of te na aan die saailing beland.

Dubbel-rysaadplasers is vir twee redes nie so geskik waar dit gekombineer word met voor-opkomsdodders nie. Eerstens word die saad bitter naby aan die behandelde grond geplaas – wat die risiko van skade verhoog en tweedens genereer die dubbel-rysaadplaser ‘n wyer baan wat onbehandel is en waarin raagras kan floreer. Ander faktore wat die werking en intensiteit van skade nadelig beïnvloed, is droogtetoestande met en na plant en harde reën wat behandelde grond terug in die plantvoor was net ná plant.

Verder is daar nou na saai, maar steeds voor-opkoms onkruidodders waarvan Diflan, Sakura en Boxer/Wrestler ‘n paar voorbeelde is, wat die tweede en derde rondte-ontkieming van raagras kan beheer.

Die uitwissing van onkruid langs kampdrade, paaie en op kontoere is absoluut noodsaaklik. Dit is 'n eenvoudige dissipline wat onverskoonbaar is as dit nie gedoen word nie.

Opwindende nuwe metodes van meganiese beheer het al die lig gesien – veral in Australië, waar weerstand 'n astronomiese uitdaging geword het. Die fisiese vang en verwydering of vernietiging van die onkruidsaad in die kaf agter die stroper is 'n groot fokuspunt. Een só 'n voorbeeld is waar saadvernietigingstoestelle agterop stropers gemonteer word en waarmee saad vernietig word, maar loop- en onderhoudskoste is ongelukkig te hoog.

Verder kan kaf in vangkarre agter die stroper gevang word en op hope gegooi word – wat dan gebrand word. Die operasie strem ongelukkig die oesproses en 'n groot volume materiaal word vernietig – wat dit nie so aantreklik maak nie.

Derdens word die fyn kaf op 'n enkele ry gekonsentreer – wat dan agterna gebrand word. Laasgenoemde is ongelukkig uiters arbeidsintensief en die risiko dat die hele land afbrand, is goed – wat 'n groot verlies aan materiaal meebring.

Die mees aantreklike en sinvolle manier van kafhantering is waar dit in rye op die stroper se wielspoor gegooi word. Dit gaan hand-aan-hand met 'n spoorverkeerstelsel, waar die spore goed gekompakteer is en onkruid glad nie kan oorleef – al het dit ontkiem – nie. In die afwesigheid van spoorverkeer kan die rye dood gespuit word sou ontkieming plaasvind. In sommige gevalle verrot die rye as gevolg van die hoë konsentrasie van fyn materiaal – wat onkruidsaad outomaties vernietig.

Onkruidsaad kan natuurlik ook baie goed uitgewis word met die maak van hooi of kuilvoer – veral op probleemkampe. ■

Graan SA/Sasol fotokompetisie

Yield improvement of dryland wheat

Results

The method of Trethowan *et al.*, 2002 was used to eliminate environmental effect and to measure the progress made for genetic grain yield over a period. Trial means and trial means for ARC-Small Grain cultivars calculated for the Rûens and Swartland showed a reduction in yield for both these regions.

However, the regression of ARC-Small Grain's cultivars expressed as a ratio of the trial means (ratio) against year showed an annual genetic gain of 1,14%/year for the Rûens whereas a negative genetic yield gain of -0,01%/year was observed for the Swartland. The genetic yield gain achieved in the Rûens correlates well with the international progress made for yield improvement of between 0,7% and 1,3% per annum.

In order to keep up with the increased demand for wheat and to make it economically viable for producers to produce wheat, the primary aim of the ARC-Small Grain wheat breeding programme is to develop and release new improved high yielding cultivars that are well adapted to conditions in the Western Cape.

That goal in mind, the ARC-Small Grain released Ratel in 2011 and Steenbok at the end of 2016. Both Ratel and Steenbok are mid-season cultivars that are well adapted to conditions in the Swartland and Rûens.

Future of wheat production

Wheat production in the Western Cape is here to stay despite a number of challenges in the industry. The ARC however, has committed itself to the development of high

yielding cultivars that will perform under extreme conditions – even drought.

The ARC is in the process of developing an exciting range of new wheat cultivars with improved yield. These lines will be visible on farmers days in the Swartland and Overberg and producers are invited to come and see these exciting new lines. We wish all producers good harvests for 2017.

For more information, contact the authors at heynsi@arc.agric.za, malana@arc.agric.za, booysem@arc.agric.za or labuscm@ufs.ac.za. ■



Reference

Trethowan, RM, Van Ginkel, M and Rajaram, S (2002). *Progress in breeding wheat for yield and adaptation in global drought affected environments*. Crop Science 42:1 441 - 1 446.

Kyk die lewe vierkantig in die oë en gaan aan

– Andries Theron se raad in dié uitdagende jaar

ESTIE DE VILLIERS, redakteur, SA Graan/Grain

Die huidige seisoen is 'n strawwe een in die Swartland. Waar Andries Theron in 'n normale jaar gewoonlik ongeveer 380 mm reën kry, het dit hierdie jaar nog net 119 mm gereën.

"My seun vra my: Hoe nou gemaak? Hierdie is nie die eerste droogte wat ons beleef nie – ons het al 'n klompie sulke jare gehad. Ons ouer boere moet nou die jonger boere moed inpraat," gesels die voorsitter van Graan SA se Wintergraanwerkgroep en voormalige visevoorsitter van die organisasie.

"Onthou, jy is nie alleen in dié situasie nie. Praat met jou bure; praat met jou gesin. As jy jou probleem met iemand deel, bly net die helfte van die probleem oor. En gaan genoeg met vakansie. Nou wonder jy seker hoe ek so-iets kan sê? Hoe kan 'n mens in só 'n tyd met vakansie gaan? Dit is eenvoudig: Dit is maklik om nou negatief te raak. Die droogte beïnvloed jou denke; jy raak depressief en neerslagtig en dit is uiters gevaarlik – kom dus uit jou omgewing," stel Andries voor.

"Jy moet die droogte vierkantig in die oë kyk en aangaan. Bestuur dit sodat jy volgende jaar weer kan plant en kan voortgaan. Glo in jou Skepper – Hy sal nie 'n venster toemaak sonder om êrens 'n deur vir jou oop te maak nie. Glo en vertrou op Sy bystand," benadruk Andries.

Uitdagings van 'n pa-en-seunboerdery

Andries boer die afgelope ses jaar saam met sy seun, Frikkie (31). In 'n pa-en-seunboerdery is daar gewoonlik heelwat kopstampegelentheid, maar in hulle geval was die uitdagings van saamboer anders.

"Ek was nie in die week by die huis nie en het die boerdery van 'n afstand af bestuur – ons was nie heeldag in mekaar se hare nie. Frikkie is redelik aan die diepkant ingegooi en hy moes vroeg al verantwoordelikheid vir sy besluite neem.

"Dit is vir my altyd interessant om te sien hoe mense aan mag vasklou. As jou seun op 32 of 35 nog nie verantwoordelikheid vir die boerdery kan aanvaar nie, gaan hy dit nie op 40 hê nie en ook nie op 50 nie," meen Andries. "Dit is vir my 'n voorreg om dit wat ek bymekaar gemaak het, aan my seun te kan oordra."

Andries is deesdae meer betrokke by die bestuur van die boerdery en gee advies (volgens hom soms ongevraagd!) terwyl Frikkie

verantwoordelik is vir die praktiese uitvoering van die boerdery-take. Andries self fokus meer op hul skaapboerdery en geniet dit ongelooflik.

Op my vraag oor watter raad hy vir pa's en seuns het wat saamboer, antwoord Andries: "Wees 'n mentor – gee leiding waar nodig. En die seun moet weer na sy mentor luister. Jy gaan foute maak. Dit is nie óf jy 'n fout gaan maak nie; dit is hoe jy daarna opstaan. Wat het jy geleer? Moet dit nie herhaal nie. Bou daarop vir die toekoms. "Ons as ouers moet ons kinders só toerus dat hul kan opstaan en aangaan na die foute wat hulle gemaak het," gee hy raad.

Bewaringslandbou

Sedert 2002 het Andries begin om geenbewerkingspraktyke toe te pas. "Voor dit het ons al begin met verminderde bewerking. In 2003 het ek 'n gedeelte van my grond konvensioneel bewerk en op 'n gedeelte geenbewerkingspraktyke toegepas. Die praktyk het 'n ongelooflike verskil aan die grond gemaak. Sedertdien pas ek net geenbewerking toe," vertel Andries.

"Ons woon in 'n gedeelte van die land waar droogte nie vreemd is nie. Bewaringslandboupraktyke maak definitief dat 'n mens die droogte makliker kan hanteer. Ek voel jammer vir ouens in die Wes-Kaap wat dit nog nie toepas nie. Die kosteknyptang sou my al 'n hele paar jaar gelede uit produksie gehaal het as ek nie bewaringslandbou begin toepas het nie. Ons grondvrugbaarheid het toegeneem, opbrengste het verhoog en bewerkingskoste het afgeneem," verduidelik Andries.

Hy beklemtoon egter dat elke produsent 'n bewaringsbewerkingstelsel moet vind wat by sy spesifieke omstandighede pas. "Elkeen se grond en plaas is uniek – daar is nie 'n enkele stelsel wat almal pas nie."

Verder speel wisselbou 'n belangrike rol in die boerdery. "Ek het in 1996 laas monokultuurkoring geplant. Vandag bestaan ons wisselboustelsel uit medics/koring/peulgewasse/koring. Ons het die afgelope paar jaar ook begin om kanola in die stelsel in te bring (10% van ons grond word onder kanola verbou) en dit pas perfek in by ons boerdery."

Andries-hulle was verlede jaar ook een van vier produsente in die Swartland wat vir die eerste keer gars geplant het. "Ons moet kyk na alternatiewe vir koring en gars is 'n manier om nog 'n gewas

Agtergrond

Andries Theron is 'n gebore en getoë Swartlander: Hy is op hul familieplaas, Soutkloof, waar hy tans nog boer, gebore en was op Koringberg op laerskool. Hy het met die skoolbus Moorreesburg Hoërskool toe gery. Daarna het hy aan die Universiteit van Stellenbosch gaan studeer.

"Almal vra altyd wat ek geswot het...so min as moontlik! Ek het aan my sosiale vaardighede gewerk," spot Andries. Na die voltooiing van sy landbou-ekonomiegraad is hy Weermag toe en in 1984 is hy en sy vrou, Karin, plaas toe. Sy pa is 'n klompie jare voordat hy kom boer het, oorlede en die pasgetroude paartjie het die boerdery oorgeneem en dit begin bou en uitbrei.

Die Therons het twee dogters en 'n seun en Andries se eerste naamgenoot word vroeg in Oktober gebore.

in jou *toolbox* te kry. Dit is ander chemikalieë wat op gars gebruik word en dit lewer 'n bydrae met onkruidbestuur en onkruid-doderweerstandbeheer."

Met dié dat geenbewerking ingespan word, moet chemiese bespuiting effektief toegepas word. "Dit is 'n uitdaging om weerstandigheid te voorkom en die beskikbaarheid van nuwe chemie te beskerm."

Weerstandbiedende raaigras is 'n groot probleem in die Swartland en volgens Andries is dit duur om effektief te beheer. Die effektiwiteit van beheer hang van die voor-opkomsonkruidodders af – asook van beskikbare grondvog. "Die middels moet oordeelkundig gebruik word, want daar gaan nie gou nuwe chemikalieë beskikbaar wees nie," waarsku hy.

Presisieboerdery en rekordhouding

Andries-hulle is in die proses om presisieboerdery oor die volgende drie jaar in hul boerdery in te faseer. Akkurate rekordhouding is volgens hom kritiek belangrik. "Jy gaan nie weet as jy nie meet nie. Jy moet weet hoe jou kostestruktuur lyk, anders kan jy dit nie bestuur nie en dit sal fataal vir jou boerdery wees."

Georganiseerde landbou

Andries se pa was ook al die jare betrokke by georganiseerde landbou en Andries het in sy voetspore gevolg. "Koringberg, die gemeenskap waar ek boer, het my destyds gehelp toe ek begin boer en dit swaar gegaan het. Ek wou graag terugploeg in die gemeenskap." Hy het by die boerevereniging aangesluit, later betrokke geraak by die distriksboerevereniging en uiteindelik by Agri Wes-Kaap.

Na die deregulering van die koringbedryf het hy betrokke geraak by die Wintergraanprodusente-organisasie (WPO). Hy was intens betrokke by die herstrukturering van die koringbedryf en was passievol teen die liggingsdifferensiaal gekant. Hy vertel laggend dat hy destyds vir verkiesing tot Graan SA se Hoofbestuur gestaan het omdat hy gedink het hy gaan "gou ontslae raak van die liggingsdifferensiaal", maar vandag – amper twaalf jaar later – is hy steeds by die organisasie betrokke.

Andries is in 2006 tot Graan SA se Hoofbestuur verkies en in 2010 tot visevoorsitter van die organisasie. Hy het in Maart vanjaar as visevoorsitter uitgetree, maar dien steeds op die Hoofbestuur as gekoöpteerde spesialisverteenvoerder vir wintergrane.

Hy het aanvanklik by die Proteïennavorsingstigting (PNS) betrokke geraak om kanola as volwaardige kontantgewas gevestig te kry. Vandag is hy ondervoorsitter van die PNS en geniet hy die rol wat hy daarin speel verskriklik. Verder is hy ook betrokke by die Wintergraantrust en sê dat dit veral 'n uitdaging is om alternatiewe modelle vir die befondsing van nuwe kultivars te ondersoek. Hy is besonder trots op die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse agentskap vir kultivar- en tegnologie-ontwikkeling (SACTA) – en dien ook daar as voorsitter.

Koringomdraaistrategie

"Die koringomdraaistrategie het oor tyd plaasgevind en het ten doel om die volhoubaarheid van koringproduksie – en natuurlik koringprodusente – in Suid-Afrika te verseker.

"Die bedryf het vir lank op kwaliteit gefokus en ons het nagelaat om 'n balans tussen kwaliteit en opbrengs te handhaaf. Dit het veroorsaak dat ons in 'n swak mededingende posisie verval het. Nuwe toetreders, soos die Swartseelande, het begin om 'n fenomenale rol in wêreldhandel te speel en ons moet met hulle in die wêreldmark kompeteer. Ons het daarom by 'n punt gekom waar ons opbrengste kompeteer met die res van die wêreld s'n moes wees en die gradering van koring aangespreek moes word.

"Die speelveld moet net gelyk wees met 'n geleentheid om kompeteer met ander lande mee te ding. Ons kan nie kompeteer



▲ "Ons het al 'n klomp sakke sout saam opgeëet. Sonder haar sou ek nie bereik het wat ek al bereik het nie. Ek het vroeg in my lewe besef my vrou moet weet wat in die boerdery aangaan. Sy moet nie onrealistiese verwagtinge hê nie en moet weet waarheen ons op pad is en wat ons wil bereik," vertel Andries oor sy vrou, Karin.

met die subsidies wat oorsese produsente ontvang nie en het 'n tarief nodig om ons te beskerm," benadruk hy.

Graan SA en die pad vorentoe

"Dit is fantasies dat daar 'n organisasie soos Graan SA is. Ja, heelwat mense kritiseer Graan SA, maar wat gaan gebeur as Graan SA uit die speelveld geneem word?

"Die regering van die dag is 'n realiteit en Graan SA moet sy verhouding met die regering uitbou om produsente se posisie by hulle te stel. Die organisasie moet aanpas by die regering se manier van onderhandelings en gesprekvoerings en Graan SA is reg geëposisioneer om dit te kan doen. Graan SA se rol gaan in toekoms heelwat groter word as dit waaraan ons gewoon is. Die organisasie het uitstekende leiers en ek sien uit na die pad vorentoe saam met hulle," sê hy.

Andries glo ons gaan nog tot en met die volgende verkiesing unieke uitdagings in die land beleef. Hy probeer egter om die mense om hom positief te hou. "As jy negatief is, gaan geleenthede by jou verby."

Hy is positief oor hul boerdery se toekoms. "Jy hoef nie altyd horisontaal uit te brei en jou boerdery groter en groter te maak nie. Jy kan vertikaal ook uitbrei in waardetoevoeging. Raak betrokke in die waardeketting of belê daarin. Beperk ook jou risiko – moenie alles wat jy het net in jou boerdery belê nie."

Maar is daar 'n toekoms vir jongboere in Suid-Afrika? Hieroor voel Andries ernstig. "Ek is baie positief daarvoor ondanks al die uitdagings. Dit is my en my ouderdomsgenote se plig en verantwoordelikheid om die gemors wat tans in die land gebeur, uit te sorteer sodat ons vir ons kinders 'n toekoms kan nalaat in hierdie pragtige land van ons en in boerdery.

"Dit het 'n kultuur onder ons mense geword om 'weg te raak' – te onttrek. Ons bou 'n figuurlike hoë heining om ons plaas en kruip daar weg, maar ons moet meer betrokke raak en het 'n verantwoordelikheid om vir ons nageslag 'n toekoms te skep. Raak betrokke en neem deel en maak mense wat dit kán doen se hande sterk. Dit is hoekom ek doen wat ek doen," sluit hy af. ■

Suid-Afrika druk stempel af by internasionale saadkongres

LOUISE KUNZ, SA Graan/Grain medewerker

Die Suid-Afrikaanse kultivar- en tegnologie-agentskap (Sacta) is uitgenooi om deel te neem aan die International Seed Federation (ISF) World Seed Congress, wat gedurende Mei vanjaar in Hongarye plaasgevind het. Sacta is daar verteenwoordig deur sy voorsitter, mnr Andries Theron.

Die eerste internasionale saadkongres het in 1924 in Londen plaasgevind en tans is hierdie die ISF se vlagskip-geleentheid, waar hoofargitekte en besluitnemers van die internasionale saadbedryf byeenkom. Vanjaar was betrokkenheid, kommunikasie en deursigtigheid boaan die agenda.

Hoogtepunte van die kongresprogram het 'n paneelbespreking oor sosiale media en een oor die versterking van vennootskappe met kleinboere ingesluit. Hoofsprekers het onder andere hul perspektiewe op wetenskap in die media en die effektiewe gebruik van sosiale media aangeraak.

Op 24 Mei het Theron – wat ook voorsitter van Graan SA se Wintergraanwerkgroep is – die geleentheid gehad om die meer as 1 680 afgevaardigdes uit 68 lande in te lig oor die huidige eindpunt-tantiememodel wat vir die Suid-Afrikaanse wintergraanbedryf in plek gestel is. Hy het ook die toekomsplanne rondom dié model bespreek.

“Al is eindpunt-tantieme nie uniek in die wêreld nie, was hierdie 'n fantastiese geleentheid om Suid-Afrika se unieke model aan die wêreld te verduidelik,” het hy genoem en bygevoeg dat dit ook 'n wonderlike netwerkgeleentheid was om Suid-Afrika as besigheidsbestemming te bemark.

Volgens Theron is hierdie kongres 'n platform waar daar toegang tot die beste tegnologie in die wêreld is en enige iets wat vir die saadbedryf beskikbaar is, sal hier aangetref word. Hy was baie beïndruk met wat hy daar waargeneem het en aangenaam verras om lede van die Suid-Afrikaanse Nasionale Saadorganisasie (SANSOR) daar raak te loop.

“Ek was verstom oor die belangstelling uit verskeie wêrelddele in Suid-Afrika,” gesels hierdie produsent uit Moorreesburg. “Mense het ongelukkig wanpersepsies oor Suid-Afrika en dit het my die geleentheid gebied om sake in perspektief te stel – dat Suid-

Afrikaanse produsente na volhoubare landbou en voedselsekerheid streef.”

Die kongres het ook die bekendstelling van die World Seed Partnership waargeneem – 'n spanpoging deur The Organisation for Economic Co-operation and Development (OECD), International Seed Testing Association (ISTA), International Union for the Protection of New Varieties of Plants (UPOV) en ISF om die ontwikkeling van die internasionale saadsektor te ondersteun om sodoende bestendige saadstelsels internasionaal te bewerkstellig.

Ná afloop van die kongres het Theron en sy vrou, Karin, die voorreg gehad om die Hongaarse platteland vir 'n paar dae te verken. Hulle het verskeie plase in die plattelandse dele van Hongarye besoek en is geweldig beïndruk met die landboubedryf daar.

“Met die gunstige reënval, vrugbare grond en die tegnologie wat Hongaarse produsente tot hul beskikking het, sal Suid-Afrikaanse produsente beslis daar kan floreer,” sê hy oor die Hongaarse landboubedryf.

Landbou is 'n belangrike sektor vir die Hongaarse ekonomie, met ongeveer 70% van die grond wat geskik is vir landbouproduksie. Op meer as 70% van die bewerkbare grond word gewasse soos koring en mielies geproduseer. Ander gewasse wat aangeplant word, is sonneblom en gars.

Die volgende ISF World Seed Congress vind in Junie 2018 in Brisbane, Australië plaas. ■



◀ 1: Die 2017 ISF internasionale saadkongres het van 22 tot 24 Mei in die internasionaal-bekende Budapest Exhibition and Congress Centre, Hungexpo, wat ongeveer 4 km buite die middestad van Boedapest geleë is, plaasgevind. Foto: <http://www.worldseed.org/congress/isf-world-seed-congress-2017/#photo>

Planter Monitor

- Seed per 100m per row, seed population
- Hectares worked and much more
- Easy to install and maintain
- Fertiliser and turning of axles
- Can be applied to most planters
- Real tough, rust and water resistant

ELECTROLEE

Proudly Made
in South Africa



Tel: 012 345 3193

Fax: 012 345 6763

Web: www.electrolee.co.za

Email: info@electrolee.co.za

Sales: sales@electrolee.co.za

Cut losses with **PRECISION**
Plant with **VISION**

3 YEAR
GUARANTEE

Process Monitor for Air Seeders

- Area
- Speed
- Tacho up to 4 axles
- Alarm on each function
- Easy to install
- Bin / Tank full
- Bin / Tank empty

Bestuur onkruidodderweerstand slim

NELIA ROUSSEAU, Bayer CropScience

Gebaseer op internasionale syfers, is daar reeds in 2016 bepaal dat 252 verskillende onkruidspesies weerstand in 91 verskillende gewasse en in 68 verskillende lande ontwikkel het. Dit is ook waar dat die laaste nuwe metode van werking in onkruidodders reeds in 1985 ontdek is en daar nie enige nuwe opsies in die nabye toekoms verwag word nie.

Dit is daarom vir ons as 'n kleingraanbedryf belangrik om die oplossings wat vandag tot ons beskikking is, met verantwoordelike te bestuur en sodoende ons eie langtermynvolhoubaarheid in die bedryf te verseker.

In die Australiese onkruidodderkenner, prof Steve Powles, se eie woorde: "Die goue era van onkruidodders is verby. In die 1980's was nuwe onkruidodders algemeen en weerstandige onkruid skaars. Vandag is dit andersom. Die chemie wat ons nou tot ons beskikking het, is kosbaar en moet beskerm word."

Weerstandsbestuur is soos 'n konstante skaakspel, wanneer jy jou volgende twee skuiwe beplan, is dit van kardinale belang om die vorige twee skuiwe nooit uit die oog te verloor nie. Mnr Richard Hinchliffe, 'n produsent van Yorkshire in Noord-Engeland, het onkruidbestuur soos volg opgesom: "As dit werk, verander dit – voor dit breek – en onkruid jou breek."

Bayer het reeds in 2005 die Bayvolution-projek geloods waartydens daar in samewerking met 40 verskillende leierprodusente vanuit die kleingraangemeenskap onkruidweerstandsbepaling gedoen is. Die plase was verteenwoordigend van die Suid-Kaap sowel as die Swartland. Die Bayer Boer Wa is ingespan om verskillende produkte, wat op daardie stadium die beste beskikbare oplossings was, oor proefpersele te spuit om effektiwiteit en gevolglik ook persentasie van weerstand in raaigras, te bepaal.

Teen die einde van die projek, wat oor 'n tydperk van vyf jaar gestrek het, is dit bewys dat die beskikbare oplossings op daardie stadium in 'n aantal areas slegs 60% effektiewe werking kon verseker om probleemonkruid soos *Lolium* spp. te beheer.

Suid-Afrika is op die oomblik nog in die bevoorregte posisie dat ons nuwe oplossings van navorsingsgebaseerde maatskappye soos Bayer tot ons beskikking het. Een so 'n produk is Sakura, wat goeie beheer teen probleemonkruid soos raaigras (**Foto 1** en **Foto 2**), verskaf. Vir volhoubare, langtermyngraanproduksie is dit belangrik om die beskikbare onkruidodders te bestuur om te verseker dat die beheer op die lang duur effektief is.

Ons het daarom die geleentheid om proaktief ons praktyke aan te spreek en te verander terwyl ons nog produkte soos Sakura het wat werk. Daarom is dit belangrik om:

- Verskillende chemiese groepe op 'n seisoenale basis met mekaar af te wissel. Meer inligting hieroor is beskikbaar by <http://hracglobal.com/tools/classification-lookup>.
- Gewasrotasiepraktyke toe te pas om onkruidbeheer in spesifieke lande deur verskillende gewasse te roteer en te kan vergemaklik oor tyd.

Dit het ten doel om langtermynvolhoubaarheid van die kleingraanbedryf te verseker. Vir dié rede promoveer Bayer die verantwoordelike gebruik en aanbeveling van Sakura deur:

- Toediening vir meer as een jaar op dieselfde kampe (die beskikbare voorraad word ook so bestuur) te vermy;



▲ 1: 'n Kontrolperseel tydens die Bayvolution-projek toon die impak van onbeheerde *Lolium* spp. op koringproduksie.



▲ 2: Die voordeel van effektiewe onkruidbeheer met Sakura.



▲ 3: Bayer se kanolakultivar, Belinda, ter ondersteuning van optimale gewasrotasie in 'n kleingraanproduksiestelsel.

- rekordhouding deur produsente en gewasbeskermingsadviseurs te verseker; en
- alternatiewe gewasse soos kanola te oorweeg.

Dit is in die graanbedryf se belang dat alle insetverskaffers en rolspelers saam staan om 'n bydrae te lewer om die opbou van weerstand deur onkruid te beveg en te bestuur. Bayer neem dan ook hierdie seisoen die inisiatief om te begin bepaal hoe en waar ons oplossings gebruik, maar ook hoe dit bestuur word en vertrou dat jy ons graag in hierdie proses sal wil bystaan deur 'n vinnige meningspeiling in te vul.

Raadpleeg derhalwe eersdaags jou landboubesigheidsvertegenwoordiger om jou meer hiervan te vertel en toegang tot die meningspeiling te gee. ■

Effektiewe onkruidbeheer laat die winste in die sak klingel

PIETMAN BOTHA, SA *Graan/Grain* medewerker en **DR ELBÉ HUGO**, onkruidwetenskaplike, Syngenta

Onkruid en die ondoeltreffende beheer daarvan kan 'n beduidende uitwerking op gewasopbrengste hê. Om die ekonomiese verliese wat gepaardgaan met hoë onkruiddruk en/of swak beheer te kwantifiseer, is egter nie so maklik nie.

Die effek van hoë onkruidinfestasie en/of swak beheer word dikwels onderskat. Gewasverbouing – veral in Suid-Afrika onder droëlandtoestande – hou vele uitdagings en risiko's in wat bestuur moet word en waarvan onkruidbeheer en gewasversorging 'n wesenlike deel uitmaak.

Meeste onkruidspesies is sterk kompeteerdere en die belangrikste faktore waarvoor die gewas moet kompeteer, is vog en voedingstowwe. As gevolg van lae reënval en die swak verspreiding daarvan in 'n groeiseisoen, kan die swak beheer van onkruid die ekonomiese impak op die gewasse dramaties verhoog.

Die verwantskap tussen onkruidgetalle en opbrengsverliese is nie 'n eenvoudige liniêre verwantskap nie. Klein of min onkruid aan die begin van die seisoen sal nie 'n sigbare effek op die gewas hê nie, omdat daar dan nog genoeg vog en voedingstowwe in die grond is.

Kritiese periode van beheer

'n Kritiese periode van beheer is die punt waar onkruidgetalle 'n betekenisvolle effek gaan hê. Wat die interaksie tussen onkruid

en die gewas nog verder kompliseer, is die feit dat nie elke onkruidspesie en/of gewas dieselfde kritiese periode van beheer het nie.

Die mees kritiese tyd vir onkruidbeheer in mielies is tussen die vier- en tienblaarstadium. Tydens hierdie stadium van die plant se lewensiklus moet die kompetisie met onkruid minimaal wees, aangesien mielieplante in die vroeë groeistadium swak kompeteerdere is.

By sojabone is die kritiese onkruidbeheerperiode rondom die drieblaarstadium en moet onkruidbeheer word om opbrengsverliese te verhoed. Dit kan van land tot land en van area tot area wissel, wat sterk verband hou met heersende omgewingstoestande.

Produsente moet egter beseft dat die kritiese onkruidbeheerperiode en omgewingstoestande in sommige jare maklik hanteerbaar sal wees, maar in ander jare kan ontydige oormatige reën, of die afwesigheid daarvan, die beheer van onkruid 'n aansienlike uitdaging maak.

Navorsing wat hierdie effek en interaksie onder Suid-Afrikaanse toestande beskryf, is skaars en daar word meestal aangeneem dat opbrengsverliese so hoog soos 43% kan wees wanneer onkruid nie binne die eerste 15 dae na plant beheer word nie – en toeneem tot 77% wanneer onkruid swak binne die eerste 30 dae na plant beheer word.

TABEL 1: DIE EFFEK VAN ONKRUIDDODER EN BEMESTING OP DIE OPBRENGS VAN MIELIES.

BEHANDELING	KG/HA	INKOMSTE TEEN R2 000/TON	BEMESTINGKOSTE PER HEKTAAR	ONKRUIDDODER- EN PLAAGDODERKOSTE PER HEKTAAR	MARGE BO BEMESTING EN ONKRUIDBEHEERKOSTE PER HEKTAAR
Onkruidbeheer plus bemesting	7 480	R14 960	R1 900	R800	R12 260
Onkruidbeheer sonder bemesting	4 220	R8 440		R800	R7 640
Geen onkruidbeheer plus bemesting	3 340	R6 680	R1 900		R4 780
Geen onkruidbeheer en geen bemesting	1 340	R2 680			R2 680

TABEL 2: DIE EFFEK VAN VERSKILLENDE TYE VAN ONKRUIDBEHEER OP DIE OPBRENGS EN WINSGEWENDHEID VAN MIELIES.

ONKRUIDBEHEER TOEGEPAS	KG/HA	INKOMSTE TEEN R2 000/TON	ONKRUIDDODER- EN PLAAGDODERKOSTE	MARGE BO BEMESTING EN ONKRUIDBEHEERKOSTE	VERSKIL IN WINSGEWENDHEID VANAF DIE REGTE TYD VAN TOEDIENING
Met plant	12 500	R25 000	R800	R24 200	
15 dae na opkoms	10 300	R20 600	R800	R19 800	R4 400
30 dae na opkoms	4 200	R8 400	R800	R7 600	R16 600
45 dae na opkoms	2 400	R4 800	R800	R4 000	R20 200
60 dae na opkoms	1 500	R3 000	R800	R2 200	R22 000
Geen	500	R1 000	R800	R200	R24 000



Graan SA/Sasol fotokompetisie
– Jacqueline Huisman 2011

▲ **Die effektiewe beheer van onkruid vroeë in die seisoen is van kardinale belang.**
Die goue reël bly steeds voorkomende en tydige beheer.

Al is empiriese waardes nie altyd beskikbaar vir elke onkruidspesie en vir elke gewas nie, is die effektiewe beheer van onkruid vroeë in die seisoen van kardinale belang. Die goue reël bly steeds voorkomende en tydige beheer.

In 'n jaar soos vanjaar, met lae insetpryse en druk op die winsgewendheid van gewasverbouing, moet produsente besluit waarop gespaar kan word. Soms sal produsente dink om geld op die onkruidprogram te spaar deur óf nie te bespuit nie óf om kort paaie te neem.

Bemesting is ook 'n inset waarop produsente maklik wil bespaar, maar die vraag is: Watter een van hierdie het die grootste effek op produksie?

Impak van verskillende insette

Die LNR-Graangewasse het 'n proef aangelê om die impak van die verskillende insette te toets. Dit het bestaan uit 'n gedeelte waar die beste praktyke toegepas is, bemesting en onkruidbeheer totaal onttrek is en waar daar geen insette ingesit is nie. Die resultate van hierdie proef word in **Tabel 1** aangedui. Hieruit is dit duidelik dat onkruidbeheer alleen vir 62% van die van marge ten opsigte van mielies verantwoordelik is – gegewe 'n spesifieke reënval en plantkoste. Indien die onkruid nie beheer word nie, maar bemesting wel toegedien word, is die winste dramaties laer tot net 39% van die verwagte marge. Dit is bloot omdat die gewasse aan hoofsaaklik vog- en voedingstekorte blootgestel word.

Gegewe hierdie inligting kan die belangrikheid van onkruidbeheer nie genoeg beklemtoon word nie. Produsente moet alles in hul vermoë doen om onkruid so effektief en doeltreffend moontlik te beheer.

Die effek van tydige toediening van onkruidmiddels kan ook nie oorbeklemtoon word nie. Uit **Tabel 2** kan die effek van tydige onkruidbeheer afgelei word – na aanleiding van 'n proef wat ook deur die LNR-Graangewasse uitgevoer is.

Gegewe hierdie inligting, maak dit sin om toe te sien dat genoeg spuitkapasiteit beskikbaar is om die onkruidmiddel tydig en teen die regte dosis toe te dien. Doen alles in jou vermoë om die effektiwiteit en doeltreffendheid van die onkruidmiddels te verhoog: Die resultaat sal verseker in jou sak gevoel word.

Winteronkruid

Dit is te verstane dat produsente rand en sent wil sny wanneer kommoditeitspryse laag is en insetkoste net al hoe hoër raak. Waak egter teen die afskaal of afskeep van voorkomende onkruidbeheer en moet nie die effek van winteronkruid onderskat nie.

Die saamstel van 'n goeie dagte en beplande spuitprogram, waar effektiwiteit van beheer en kwaliteit van produkte in ag geneem moet word, word egter 'n "fyn kuns" vir produsente en agrochemiese maatskappye.

"Kort paaie" en "wondermenkingsels" moet ten alle koste vermy word sodat die produsente nie later in die seisoen verras word wanneer laat onkruidinfestasies en onsigbare gewasskade opbrengste negatief kan beïnvloed nie.

'n Effektiewe spuitprogram moet verkieslik bestaan uit vooropkomsonkruidmiddels, wat 'n residuele werking in die grond het, opgevolg met na-opkomsonkruidmiddels wat tydig toegedien word om laat infestasië van probleemonkruid effektief te beheer.

Waak daarteen om slegs een produk, met 'n enkele aktiewe bestanddeel, herhaaldelik te gebruik. 'n Ander slag om te vermy, is die verlaging van dosisse – veral waar moeilik-beheerbare onkruid soos byvoorbeeld kweekgras, wandelende Jood en purperwinde voorkom. Maak eerder gebruik van split-toedienings, maar sorg dat genoeg aktiewe bestanddele geplaas word – soos voorgeskryf op die etiket.

Wanneer onkruidbeheer afgeskeep word, of onkruidmiddels misbruik word, hou dit groot gevaar vir produsente in – wat 'n verreikende ekonomiese impak kan hê. Gewasskade word jaarliks gerapporteer – en in die meeste gevalle is foutiewe toedieningsmetodes of verkeerde dosisse die oorsaak daarvan.

Benewens gewasskade en opbrengsverliese, is die ontwikkeling van onkruidmiddelweerstand 'n wesenlike probleem. Onkruidmiddels moet ten alle tye korrek toegedien word (sien aanbevelings en riglyne op elke produk-etiket). Dosisse moenie te flou of te sterk "aangepas" word nie. Waar moontlik, roteer onkruidmiddelgroepe en gebruik produkte met verskillende aktiewe bestanddele.

Vir meer inligting, kan Pietman Botha by 082 759 2991 of dr Elbé Hugo by 082 885 0716 gekontak word. ■

GRAANMARK

-oorsig

– 11 September 2017

LUAN VAN DER WALT, landbou-ekonomiese, Graan SA



Oorwegings vir die nuwe seisoen se aanplantings

dit is alweer dié tyd van die jaar waar produsente moet begin beplan vir die nuwe seisoen. Die beplanning vir die seisoen hou groot uitdagings vir die produsente in en met die pryse wat teen uitvoerpariteit verhandel, plaas dit die winsgewendheid van mielieproduksie onder druk.

Die huidige seisoen se 16,4 miljoen ton rekordmielie-oes het die land met 'n uitvoerbare surplus van oor die 4 miljoen ton gelaat en die tempo van uitvoere sal steeds met die verloop van die seisoen dopgehou word. Die optimale periode vir uitvoere om vanuit Suid-Afrika plaas te vind, raak ook beperk met dié dat die VSA eersdaags voluit begin stroop en daarom weer verdere druk op ons internasionale mededingendheid in terme van uitvoermarkte plaas.

Die uitvoere van veral witmielies wat teen 'n aansienlike laer tempo plaasvind as wat benodig word, beteken dat die land aan die einde van die bemarkingseisoen groot oordragvoorrade van mielies sal hê. Dit sal tot gevolg hê dat die gemiddelde jaarlikse verbruik in die volgende seisoen met 'n aansienlike kleiner produksie aangevul sal kan word en met normale produksie kan die land hom weer eens in die volgende seisoen in 'n uitvoerscenario bevind.

Heelwat vrae ontstaan by produsente oor wat hul te doen staan wat die komende seisoen se produksie betref.

Alternatiewe wat oorweeg kan word

In meeste gevalle waar daar met produsente gekommunikeer word, is dit duidelik dat daar heelwat onsekerhede is oor die nuwe seisoen se aanplantings en planne wat beraam kan word. Die huidige lae mieliepryse ontmoedig die produsente om vir die komende seisoen te plant en strategieë soos om slegs op die Safex-mark mielies aan te koop, word in die meerderheid gevalle as 'n goeie strategie met min risiko bestempel.

Die vraag is egter of hierdie strategie regtig die minste risiko vir die produsent inhou. Deur slegs mielies op Safex te gaan koop en nie die fisiese mielies aan te plant nie, plaas die produsent homself in 'n suiwer spekulatiewe posisie in die mark. Hy beoog derhalwe om net wins te maak uit 'n gunstige prysbeweging – wat in hierdie geval 'n toename in die prys sal wees – vanaf die datum van die aankoop van die kontrakte tot en met die kontrak se vervaldatum en/of die likwidasië van die kontrakte.

Hierdie strategie sal wel vir die produsent goedkoper uitwerk as om die volle hektare aan te plant, aangesien daar slegs 'n aanvangsmarge per kontrak betaalbaar is en dan 'n variasiemarge (let wel

op 'n R/ton-basis) indien die mark nie in die produsent se guns verhandel nie. Die produsent moet egter die impak wat só 'n strategie op sy kontantvloei kan hê, in gedagte hou.

In 'n groot aantal gevalle kan produsente nie anders as om te plant nie. Dit behels verskeie redes, wat insluit genoegsame oorwinteringsvoer vir die lewendehawebedryfstak en selfs die feit dat ruslande nie nog 'n seisoen kan oorlê nie.

Hierdie produsente moet egter belangrike besluite neem oor hoe die komende seisoen se strategie benader gaan word. Een alternatief wat produsente kan toepas, is om in plaas van al die hektare slegs die beste hektare aan te plant – waar die produsent amper verseker sal wees van 'n bogemiddelde opbrengs eerder as net 'n langtermyn-gemiddelde opbrengs om die effektiwiteit van produksie te verbeter.

Plant en verskans – beste hektare

Goeie finansiële bestuur gaan in hierdie seisoen vir produsente belangrik wees en daarom sal hulle alternatiewe, wat die risiko vir die produsent sover moontlik beperk, moet oorweeg.

Produsente kan egter hierdie seisoen eerder die beste hektare aanplant, waarvan hulle grootliks van bogemiddelde opbrengste vir die seisoen verseker sal wees, eerder as slegs langtermyn-gemiddelde opbrengste. Dit sal ook die kostes vir die seisoen verlaag, met 'n groter waarskynlikheid van 'n gemakliker gelykbreek-situasie en moontlike wins vir die seisoen. Verskansing sal ook uiters belangrik vir die komende seisoen wees en daarom moet produsente van verskansing gebruik maak om pryse vir die seisoen vas te stel wanneer hulle aanplantings doen.

Doen die nodige berekeninge

Tabel 1 en Tabel 2 toon onderskeidelik verskillende alternatiewe wat produsente kan oorweeg vir die komende seisoen en die berekeninge wat gemaak moet word.

Die onderskei strategieë wat met mekaar in Tabel 1 vergelyk word, is om:

- Al die hektare, soos normaal, te plant en ten minste 70% van die langtermyn-gemiddelde opbrengs teen die huidige prys vir lewering in Julie 2018 te verskans;
- al die hektare soos normaal te plant en gebruik te maak van 'n verkoop (*put*)-opsie om die volle verwagte tonne te verskans;
- alle hektare soos normaal te plant en nie te verskans nie; en
- om geen hektare te plant nie en net mielies op Safex te gaan koop vir lewering in Julie 2018.

TABEL 1: BEREKENINGE VIR DIE ALTERNATIEWE WAT VIR DIE SEISOEN OORWEEG KAN WORD WANNEER AL DIE HEKTARE TEEN GEMIDDELDE OPBRENGSTE GEPLANT WORD.

	PLANT EN VERSKANS	PLANT MET <i>PUT</i> -OPSIE	PLANT SONDER VERSKANS	KOOP <i>FUTURES</i>
Koste (R/ha)	R10 000	R10 000	R10 000	R23 600
Aantal hektaar	1 000	1 000	1 000	*4 400
Totale koste (R/ha)	R10 000 000	R10 000 000	R10 000 000	R1 038 400
Opbrengs (t/ha)	4,40	4,40	4,40	
Verskans (t/ha)	3,00	4,40		
Julie 2018 <i>futures</i> -prys (R/ton)	R2 080	R2 080	R2 080	R2 080
<i>Put</i> -premie (R/ton)		R245		**R20
Differensiaal (R/ton)	R200	R200	R200	
Produsenteprys (R/ton)	R1 880	R1 635	R1 600	R2 100
***Julie 2018 spotprys (R/ton)	R1 800	R1 800	R1 800	R1 800
Inkomste (R)	R7 880 000	R7 193 296	R7 040 000	-R1 320 697
Wins/verlies (R)	-R2 120 000	-R2 806 704	-R2 960 000	-R1 320 697

*Hoeveelheid tonne op Safex gekoop

**Rentekoste vir finansiering van die aanvangsmarges

***Uitvoerpariteitlowering Julie 2018

TABEL 2: BEREKENINGE VIR DIE ALTERNATIEWE WAT VIR DIE SEISOEN OORWEEG KAN WORD WANNEER NET DIE BESTE HEKTARE TEEN BOGEMIDDELDE OPBRENGSTE GEPLANT WORD.

	PLANT EN VERSKANS	PLANT MET <i>PUT</i> -OPSIE	PLANT SONDER VERSKANS	KOOP <i>FUTURES</i>
Koste (R/ha)	R10 000	R10 000	R10 000	R23 600
Aantal hektaar	500	500	500	*4 400
Totale koste (R/ha)	R5 000 000	R5 000 000	R5 000 000	R1 038 400
Opbrengs (t/ha)	6,24	6,24	6,24	
Verskans (t/ha)	4,20	6,00		
Julie 2018 <i>futures</i> -prys (R/ton)	R2 080	R2 080	R2 080	R2 080
<i>Put</i> -premie (R/ton)		R245		**R20
Differensiaal (R/ton)	R200	R200	R200	
Produsenteprys (R/ton)	R1 880	R1 635	R1 600	R2 100
***Julie 2018 spotprys (R/ton)	R1 800	R1 800	R1 800	R1 800
Inkomste (R)	R5 580 000	R5 067 600	R4 992 000	-R1 320 697
Wins/verlies (R)	R580 000	R67 600	-R 8 000	-R1 320 697

*Hoeveelheid tonne op Safex gekoop

**Rentekoste vir finansiering van die aanvangsmarges

***Uitvoerpariteitlowering Julie 2018

Vir die berekening in Tabel 1 is gebruik gemaak van die gemiddelde mielie-opbrengs vir die land oor die afgelope vyf jaar (wat 4,4 t/ha is), teen 'n gemiddelde prys van R2 080/ton (soos dit nou verhandel vir lewering in Julie 2018). Die opsie-premie vir lewering in Julie 2018 is ongeveer R245/ton en die liggingsdifferensiaal is gemiddeld R200/ton. Die produksiekoste is gemiddeld R10 000/ha om te plant en die aanvangsmarge per kontrak vir lewering in Julie 2018 beloop R23 600/kontrak.

Die aanname vir die loko(spot)-prys vir Julie 2018 is dat die prys met 'n groot waarskynlikheid naby aan die uitvoerpariteit verhandel en daarom word R1 800/ton gebruik. Die aanname vir die koop van termynkontrakte is dat die produsent sy hele beplande oes sal gaan koop – wat ongeveer 4 400 ton is. Dit is belangrik dat produsente in ag neem dat die beginsel van die berekening belangrik is en dat elke produsent sy eie berekening, uniek aan sy plaas, vir die seisoen se produksie moet gaan maak.

Uit Tabel 1 is dit duidelik dat nie een van die bogenoemde alternatiewe teen die huidige pryse winsgewend sal wees nie en daarom moet produsente alternatiewe planne vir die seisoen maak. Een belangrike aspek vir hierdie seisoen is om die risiko's sover moontlik te beperk in die alternatiewe wat aangewend word.

Tabel 2 toon dieselfde alternatiewe, maar dat die produsent hier slegs die beste hektaar waar bogemiddelde opbrengste verwag kan word, plant. Die aanname vir die opbrengs in Tabel 2 is gemaak op die huidige seisoen se opbrengs van ongeveer 6,24 t/ha,

maar dat die produsent slegs byvoorbeeld 500 ha aanplant. Indien die bogemiddelde opbrengs realiseer, kan die produsent egter moontlik 'n gelykbreekssituasie ervaar en potensieel 'n wins maak.

Faktore om in gedagte te hou

Daar is verskeie faktore wat produsente in gedagte moet hou wanneer hulle in die komende seisoen produksiebesluite neem. Dit sluit die volgende in:

- Die waarskynlikheid dat die pryse volgende seisoen nader aan uitvoerpariteit eerder as invoerpariteit gaan wees, is groot – maak dus berekening daarvolgens.
- Finansiële bestuur gaan vir die komende seisoen belangrik wees.
- Vermoë onbekende alternatiewe met groot risikokomponente – maak seker wat die risiko's verbode is aan die spesifieke strategie wat aangewend gaan word.
- Probeer sover moontlik eerstens die direkte koste dek.
- Die berekening in die artikel vang die beginsel vas en toon nie individuele gevalle nie – maak daarom jou berekening volgens jōu plaas se opbrengs en kostestruktuur.
- Maak die winsgewendheid-som met mielies en alternatiewe gewasse, soos oliesade, vir die seisoen.
- Bemaking en verskansing gaan in die komende seisoen 'n kritiese rol in finansiële bestuur speel – moet dit derhalwe nie na-laet nie.
- Ander kostes, soos vaste koste en die skoonhou van lande, is nie in berekening gebring met die berekening van “geen plant” en “minder plant” nie – bereken dus hierdie kostes ook. ■

Vrywaring

Sover moontlik is alles gedoen om die akkuraatheid van hierdie inligting te verseker. Graan SA aanvaar egter geen verantwoordelikheid vir enige skade of verliese wat gely word as gevolg van die gebruik van hierdie inligting nie.

Noq 'n meesterstuk...



AGSUN 8251
AGSUN 5278

AGSUN 5270
AGSUN 5264

plant in die kol, plant **agricol**
aan die groei

Potchefstroom 018 294 7470 | Pretoria 012 813 8079
Kimberley 053 841 0675 | www.agricol.co.za

Meerjarige data kraai koning

JOUBERT SWANEOEL, gewasbestuurder: Sonneblom, Agricol

Gemoedsrus is 'n term wat sonneblomprodusente eerstehands wil ervaar gegewe hoe drasties die Suid-Afrikaanse klimaat die afgelope paar seisoene gewissel het. Hierdie variërende klimaatstoestande skep gereeld onsekerheid oor opeenvolgende seisoene se aanplantings by produsente.

Daarom is dit nodig dat produsente noukeurig besluit wanneer kultivars vir die komende seisoen gekies word. Soos seisoene van mekaar verskil ten opsigte van reënval, temperatuur en siektedruk, verskil sonneblomkultivars se reaksie op hierdie omstandighede ook.

Produsente moet daarom nie geflous word deur reklame, wat kultivars laat roem op grond van een seisoen se data nie. Laasgenoemde is nie 'n betroubare maatstaf vir kultivarseleksie nie en sal nie vir sonneblomprodusente die nodige gemoedsrus, met die dramatiese variëring in Suid-Afrikaanse omgewingstoestande, gee nie.


'n Veelsydige sonneblompakket is daarom nie een wat slegs oor een seisoen getoets is nie, maar eerder een wat homself oor 'n paar seisoene bewys het.

Langtermynopbrengsstabiliteit is die wagwoord wanneer produsente hul kultivarbeplanning vir die komende seisoen doen. Sekere kultivars presteer dalk goed onder gemiddelde toestande, maar sodra die klimaatstoestande drasties verander, presteer hierdie kultivars ondergemiddeld ten opsigte van opbrengs en siekteweerstandbiedendheid.


Produsente het derhalwe sonneblomkultivars nodig wat goed presteer in gewenste, sowel as ongewenste omgewingstoestande. Dit kan bereik word deur van langtermynopbrengsdata gebruik te maak – wat die klem nie net op opbrengs plaas nie, maar ook aandui watter kultivars beter stabiliteit toon.

Gemoedsrus kan daarom opgesom word in een woord, naamlik AGSUN 8251 – een van Agricol se vlagskip-sonneblombasters. Wat opbrengsstabiliteit en siekteweerstand betref, is daar geen gelyke aan AGSUN 8251 nie.

Bekend as 'n sonneblombaster met 'n ywe genetiese potensiaal, spog AGSUN 8251 ook as een van die toppresterende kultivars in die nasionale kultivarproewe en het dit oor 'n periode van 16 jaar met verskeie



Grafiek 1: AGSUN 8251 se langtermynprestasie in die nasionale kultivarproewe.



Grafiek 2: Opsomming van strookproefdata 2015/2016 en 2016/2017.

geleenthede as oorwinnaar uit die hierdie kultivarproewe getree.

Met 'n gemiddelde opbrengs van 2,22 t/ha oor 16 seisoene, teenoor 'n 2,01 t/ha proefgemiddeld van al die inskrywings in nasionale kultivarproewe, kan daar gesê word dat AGSUN 8251 by uitstek die leier in die sonneblommark is.

Produsente kan ook strookproefdata as riglyn gebruik om kultivars se prestasie op 'n meer kommersiële vlak te meet. Strookproewe sal vir produsente 'n goeie indikasie gee van 'n kultivar se prestasie in sy area. Langtermyn data is weer eens die geheim tot suksesvolle kultivarseleksie.

'n Nuwer toetredende tot die AGSUN-sonneblomreeks is die baie aanpasbare AGSUN 5278. Hierdie kultivar spog ook met die unieke *stay green*-eienskap en kom veral tot sy reg in pakketaanplantings met AGSUN 8251. Nog 'n voorbeeld van opbrengsstabiliteit is die immergewilde AGSUN 5270 wat uitstekend vaar met vroeë en laat aanplantings.

Die nuutste toevoeging tot die AGSUN-sonneblomreeks is AGSUN 5273. Hierdie kultivar spog met 'n hoë opbrengspotensiaal en vaar uitstekend by alle opbrengspotensiaalgebiede. Vertrou die AGSUN-sonneblomreeks vir opbrengsstabiliteit in jou boerdery. ■



uppe marketing A16866

Roundup PowerMAX[®] HERBICIDE

Maak staat op suksesvolle onkruidbeheer ...

Met die regte kombinasie en gebruik van Roundup Ready[®]-produkte.

Suksesvolle onkruidbeheer in **Roundup Ready[®]**-mielies verg bloot die perfekte kombinasie van die regte produkte, soos Monsanto se **Roundup PowerMAX[®]**-produkte wat deel uitmaak van 'n onoortreflike onkruidbeheerprogram vir mielies.

Roundup PowerMAX[®]:

- Is effektief as enkelprodukt of in kombinasie met ander geregistreerde produkte; en
- Waarborg gewasveiligheid.

Vir effektiwiteit en gewasveiligheid, asook korrekte gebruik van die produkt, verwys na die produketiket vir volledige gebruiksaanwysings. Slegs met die korrekte en verantwoordelike gebruik van **Roundup PowerMAX[®]**, het jy uitstekende beheer oor onkruid en sal jou mielies en jou wins groei.

Roundup PowerMAX[®] plaas jou in beheer.

011 790-8200 | www.monsanto.co.za

Kliënte is welkom om ons op ons kliëntediens-telefoonnummer of e-posadres te kontak: 011 790-8200 of customer-care.sa@monsanto.com

Roundup PowerMAX[®] bevat glifosaat 540 g/L. Versigtig. Reg. No. L7769 (Wet No. 36 van 1947). Gebruik onkruidodders op 'n veilige manier. Lees altyd die etiket en produkinligting voor gebruik. Monsanto, Roundup Ready[®] en Roundup PowerMAX[®] is geregistreerde handelsmerke van Monsanto Technology LLC. Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.



INSET

-oorsig



CORNÉ LOUW, senior ekonoom, Graan SA

Kwaliteit van insette máák saak

Producente spandeer jaarliks miljoene rande aan produksie-insette, nou waarom kanse vat met die kwaliteit daarvan? Graan SA staan deurentyd sy lede by om te help met die beslegting van insetgeskille, waar die kwaliteit van insette skade aan die lid se oes veroorsaak het. Die afgelope seisoen was weer eens 'n bewys daarvan toe heel-party insetprobleme by Graan SA aangemeld is. Hier volg 'n paar algemene wenke vir die aankoop en gebruik van insette om risiko's te verminder.

Die gebruik van ongetoetste insetmiddele en die aankoop van insetmiddele by onbekende verspreiders stel producente jaarliks aan groot risiko's bloot. Let hierop:

- Maak seker dat die insetverskaffer 'n erkende maatskappy met 'n bewese rekord is.
- Sorg dat alle aanbevelings sover moontlik op skrif gestel en bewaar word.
- Probeer om rekord te hou van alle aankope.
- Gaan die kwaliteit van die insetmiddel na.
- Wanneer saad behandel word, moet dit deur die saadmaatskappy self of met gesertifiseerde saadbehandelings-toerusting gedoen word.
- Wanneer landbouchemikalieë aangekoop word, maak seker dat:
 - die middel geregistreer is onder Wet 36 van 1947 vir die doel van gebruik;
 - die maatskappy wie se middel dit is, lid van CropLife is; en
 - die verspreidingsmaatskappy lid van CropLife is en die agent gekwalifiseer is.
- Dit bied ekstra gemoedsrus as 'n maatskappy waarby aangekoop word, 'n lid van 'n sambreelorganisasie is, soos SANSOR (saad), Fertasa (kunsmis), CropLife (landbouchemikalieë) en SAAMA (landboumasjinerie).
- Raadpleeg die 2017 MIG-publikasie van LNR-Graangewasse.

Gebruik oor die algemeen klein kontrolepersele om nuwe insetmiddele te toets alvorens dit op groot skaal gebruik word. Moet nie 'n nuwe middel op al jou hektare gebruik nie.

Wat Rhizobium-bakterieë betref, is dit belangrik dat slegs geregistreerde (L-registrasie onder Wet Nr. 36 van 1947) entstowwe gebruik moet word. Die spesifieke produk moet ook verkieslik deur die betrokke saadmaatskappy wie se saad geplant word, aanbeveel word. Moenie nuwe produkte op groot skaal gebruik nie. Producente wat hul entstof wil laat toets om seker te maak dat dit lewensvatbaar is, kan die LNR-PPR (Roodeplaat) hiervoor kontak.

Kontak Francina Bopape by PhalaneF@arc.agric.za, Poppie Mthimunya by MthimunyaP@arc.agric.za of dr Ahmed Hassen by HassenA@arc.agric.za of skakel hulle by 012 808 8138.

Kwaliteitsprobleme

Wanneer probleme met die kwaliteit van 'n inset vermoed of ondervind word, moet die volgende stappe gevolg word:

- Kontak so gou moontlik die verteenwoordiger van wie die insetmiddel aangekoop is en dring op 'n ter plaatse ondersoek aan. Hou ook rekord van datums en gesprekke.
- Versamel en stel soveel moontlik inligting op skrif, neem foto's of maak video-opnames om na terug te verwys.

Daarna moet die volgende stappe oorweeg word indien die probleem nie opgelos is nie:

- Vir lede, stel Graan SA in kennis indien die maatskappy nie die nodige aandag en oplossings vir die betrokke probleme kan verskaf nie; en
- tree in verbinding met 'n onafhanklike wetenskaplike om 'n ter plaatse ondersoek te doen.

Moenie te lank hiermee wag nie. Hoe langer hiermee gesloer word, hoe groter uitdaging raak dit om te bewys dat dit kwaliteitsprobleme is wat skade veroorsaak het.

Saad

Ingeval 'n produsent, nadat die saak reeds met die verteenwoordiger en die maatskappy wat die saad verskaf het, opgeneem is, steeds vermoed dat daar probleme met die saad is wat hy aangekoop het, kan hy die Departement van Landbou, Bosbou en Vis-

serie kontak, wat dan 'n handelskontrole-ondersoek ingevolge die Plantverbeteringswet doen. Die kontakbesonderhede is soos volg: **Oos-Kaap:** Gerald Jack by 041 484 2725 of Felicity Daniels by 041 484 2725, **Vrystaat:** Zanele Buhlungu by 051 406 0967, **Gauteng:** Christo Botha (Pretoria) by 012 319 6139 en **Wes-Kaap:** Christo Gouws by 021 809 1709.

Producente word aanbeveel om rekord van lotnommers of kodenommers te hou, aangesien indieningsmonsters van alle saadlotte by die betrokke geregistreerde saadlaboratoriums waar kwaliteitskontrole vir dispuutondersoek uitgevoer word, beskikbaar is. Tydens die aankope van saad behoort 'n ontledingstifikaat ten opsigte van die kwaliteit van die spesifieke saadlot, wat uitgereik is deur 'n geregistreerde saadlaboratorium, aangevra te word. Producente word ook aangeraai om die fisiese sak en etikette wat aan die sak aangebring is, te bewaar sowel as die faktuur wat uitgereik is vir die aankope van die spesifieke lot.

Kunsmis

Ál meer ongetoetste produkte is in die mark beskikbaar raak. Moet nie nuwe middels op groot skaal gebruik nie. Laat toets jou kunsmis onafhanklik. Dit is uiters belangrik dat kunsmismonsters reg geneem moet word. Kunsmismonsters om kunsmiskwaliteit te toets, moet in samewerking met die kunsmismaatskappy geneem word. Producente kan in dié verband vir Graan SA, Fertasa of vir mnr William Deale direk kontak vir die neem en ontleding van monsters. Kontak William Deale by 083 947 2389.

Indien 'n produsent steeds vermoed dat daar probleme is met die kunsmis wat gekoop is, kan hy Graan SA skakel of 'n klagte direk by die Registrateur van Wet 36 van 1947 aanhangig maak.

Landbouchemikalieë

Die kwaliteit van landbouchemikalieë kan by die SAGL se laboratorium laat toets word. Kontak Cecilia Breedt by Cecilia.breedt@sagl.co.za, 012 807 4019 x 2023 of 082 458 9327. ■

PRYSRISIKOBESTUUR *in 'n neutedop*



– Deel 4

LUAN VAN DER WALT, landbou-ekonomies, Graan SA

Benut termynkontrakte vir prysrisikobestuur

In die gedeeltes van die reeks wat reeds gepubliseer is, is daar verskeie aspekte bespreek, waaronder die markstrukture en inligtingsbronne, die risiko's waarop 'n mens bedag moet wees, asook die moontlikhede wat oorweeg kan word.

In al die voorafgaande artikels is daar melding gemaak van die Safex-mark en die instrumente wat gebruik kan word. Hierdie instrumente sluit termynkontrakte sowel as opsiekontrakte in. Hierdie artikel spreek die gebruik van Safex-termynkontrakte aan.

Wat is termynkontrakte?

Termynkontrakte word gedefinieer as 'n bindende ooreenkoms wat op die Termynbeurs (JSE) tussen 'n koper en verkoper gesluit word om die onderliggende produk teen 'n sekere tyd in die toekoms te koop of te verkoop.


Die termynkontrak is 'n afgeleide instrument, wat beteken dat die waarde van die kontrak afgelei word van 'n onderliggende produk. In die landboukommoditeitemark is die verskillende termynkontrakte wat beskikbaar is mielie- (beide wit en geel), soja-boon-, sonneblomsaad-, koring- asook wol-, beeskarkas- en skaap-karkas-kontrakte.

Hierdie kontrakte kan te enige tyd deur verskeie rolspelers in die mark – wat verskansers en spekulante insluit – gekoop en/of verkoop word. Verskansers is rolspelers in die mark wat belang het by die verhandeling van die fisiese graan en derhalwe die termynmark gebruik om prysrisiko te bestuur.

Spekulante weer, is rolspelers in die mark wat nie belang het in die fisiese produkte nie, maar slegs van die markinstrumente en prysbewegings gebruik wil maak om sover moontlik wins te probeer maak. Beide verskansers en spekulante is van belang vir die funksionering van die mark, aangesien hulle likiditeit aan die mark verskaf.

Wanneer spesifieke posisies in die mark ingeneem word (koop- of verkoopposisies), kan die betrokke party met die spesifieke posisie in die mark slegs op twee maniere weer uit hierdie posisie kom. Die een manier is om die fisiese graan te lewer indien dit 'n verkoopposisie is, terwyl die fisiese graan ook in ontvangs geneem kan word indien dit 'n koopposisie is.

Die ander alternatief is om die posisie op 'n kontantbasis te vereffen, wat in kort beteken dat indien die party 'n verkoopposisie in die mark het, presies dieselfde kontrak weer teruggekoop moet word en andersom. Maak nie saak watter een van hierdie alternatiewe gebruik word om die kontrak te vereffen nie, dit moet voor 'n spesifieke tydperk plaasvind en die kontrak sal altyd op een van hierdie twee wyses in die graanmarkte vereffen word.



Grafiek 1: Skematiese voorstelling van 'n produsenteverkansing deur gebruik te maak van termynkontrakte op die Safex-mark.

Met die gebruik van die lewende hawe-kontrakte (wol-, beeskarkas- en skaapkarkas-kontrakte) kan daar nie fisiese lewerings op die kontrak plaasvind nie en kan hierdie kontrakte slegs op 'n kontantbasis vereffen word.

Die hoofdoel van die termynkontrakte wat op die Safex-mark verhandel, is prysrisikobestuur en prysbepaling. Die prysbepaling word gedoen deur 'n tipe veilingsverhandeling, waar die verskillende deelnemers in die mark op die verhandelingskerm vrijwilliglik kan koop en verkoop – afhange van die spesifieke markdeelnemer se behoefte in die mark. Prysrisikobestuur word gedoen deur middel van verskansing, wat vervolgens bespreek sal word.

TABEL 1: 'N PRAKTIESE VOORSTELLING VAN VERSKANSING DEUR GEBRUIK TE MAAK VAN TERMYNKONTRAKTE.

MAAND	FISIESE MARK				TERMYNMARK			
	AKSIE	HOEVEEL-HEID (TON)	PRYS (R/TON)	KONTANT-VLOEI (R)	AKSIE	HOEVEEL-HEID (TON)	PRYS (R/TON)	KONTANT-VLOEI (R)
Desember 2016	Plant				Verkoop	100	R2 713	R271 300
Julie 2017	Verkoop	100	R1 825	R182 500	Koop	100	R1 825	-R182 500
Netto				R182 500				R88 800

Wat is verskansing?

Verskansing beteken beskerming. As jy jousef wil verskans, beteken dit dat jy jousef teen iets ongunstig moet beskerm. In die geval van die graanbedryf bestaan daar egter verskeie tipes risiko vir die verskillende rolspelers in die mark. Hierdie risiko's kan in verskillende kategorieë ingedeel word – wat strek vanaf produksierisiko tot en met prysrisiko. Hierdie terme is in Deel 2 van die reeks in fynere besonderhede bespreek.

Soos reeds vermeld, is die hoofdoel van die termynkontrakte om prysrisiko deur middel van verskansing te bestuur. Daarom is dit noodsaaklik dat produsente sal verstaan hoe verskansing in die praktyk werk en watter waarde dit vir hulle inhou.

Die landbouproduktemark bestaan uit twee segmente en die segmente waarna hier verwys word, is die fisiese produk en die termynkontrak. Dit is krities om in gedagte te hou dat verskansing slegs plaasvind wanneer beide hierdie segmente gebruik word – en nie slegs een van hierdie segmente nie.

Indien slegs een van hierdie twee segmente (fisies of termynkontrakte) gebruik word, word dit nie as verskansing beskou nie, maar eerder as spekulasie, aangesien die gebruiker daarvan nie beskerm is teen ongunstige prysbewegings nie.

Indien 'n produsent homself wil verskans deur gebruik te maak van termynkontrakte, moet die produsent in die termynmark die teenoorgestelde gaan doen as wat hy in die fisiese mark doen. Deur die teenoorgestelde te doen in die twee verskillende segmente van die mark, sal die produsent verseker dat indien daar 'n verlies in die een segment van die mark is, dit opgemaak sal word deur die ander segment van die mark.

Dit beklemtoon derhalwe die belangrikheid daarvan dat die verskanser wel albei segmente van die mark moet betrek (fisies en termynkontrakte). Die produsent plant die produk en daarom plaas dit hom in "natuurlike" koopposisie vir die produk en moet hy kontrakte in die termynmark gaan verkoop.

Tabel 1 toon 'n praktiese voorstelling van verskansing deur gebruik te maak van 'n termynkontrak, terwyl **Grafiek 1** die grafiese voorstelling daarvan is.

'n Praktiese voorbeeld

Veronderstel 'n produsent wou homself gedurende Desember 2016 verskans teen 'n moontlike prysdaling en het 'n termynkontrak verkoop vir lewering in Julie 2017. Gedurende Desember 2016 was die gemiddelde termynprys van witmielies vir lewering in Julie 2017, R2 713/ton. Die pryse het egter die afgelope seisoen skerp gedaal en die witmielieprys het gedurende Julie 2017 teen 'n gemiddeld van R1 825/ton verhandel.

Deur 'n Julie 2017-witmieliekontrak gedurende Desember 2016 te verkoop, sal die produsent egter sy Safex-prys vasmaak teen 'n vlak van R2 713/ton vir lewering in Julie – ongeag in watter rigting die mark vanaf Desember tot en met Julie beweeg het.

Die produsent sal dan egter sy fisiese mielies gedurende Julie teen die heersende markprys verkoop en 'n laer prys vir die fisiese mielies ontvang, maar aangesien hy verskans het, sal hy die balans met die termynkontakte opmaak wanneer hy die kontrak vereffen en teen die laer heersende mielieprys terugkoop.

Die berekening van die produsent se netto prys kan soos volg geding word:

Fisies:

Verkoop fisiese mielies = R1 825/ton

Termynkontrak:

Verkoop termynkontrak = R2 713/ton

Koop termynkontrak terug = R1 825/ton

Wins/verlies op termynkontrak = R888/ton

Netto Safex-prys:

Fisiese mielies = R1 825/ton

+ Wins op termynkontrak = R888/ton

= R2 713/ton

Grafiek 1 toon die beginsel van verskansing skematies. Uit Grafiek 1 is dit duidelik dat die netto effek van prysbewegings gelyk is aan nul wanneer die teenoorgestelde in twee segmente van die mark gedoen word. Indien die mark vanaf planttyd tot en met strooptyd daal (soos in hierdie voorbeeld) is dit duidelik dat alhoewel die produsent 'n laer prys vir die fisiese mielies sal ontvang, die verskil opgemaak sal word met die wins wat uit die termynkontrak verkry is.

Indien die mark anders sou reageer en vanaf planttyd tot en met strooptyd toeneem, sal die produsent egter 'n hoër prys vir die fisiese mielies ontvang, maar sal die verskil weer by die termynkontraksegment verhaal word.

Ten slotte

Deur van termynkontrakte vir verskansingsdoeleindes gebruik te maak, sal die produsent vir homself 'n prys vasstel waarteen hy die gedeelte van sy produksie sal verkoop – ongeag die rigting van die prysbewegings vanaf verskansing tot en met verkooptyd. Alhoewel dit mag blyk dat jy nie voordeel uit 'n stygende mark kan trek nie, is dit belangrik om die verskansing oordeelkundig te benader en in gedagte te hou dat prysrisikobestuur die hoofdoel van verskansing is.

Daar is verskeie aspekte wat produsente in ag moet neem wanneer hulle verskansingsbesluite neem. Dit is hoofsaaklik in Deel 2 en Deel 3 van die reeks in meer diepte bespreek. Kostebestuur is een van die aspekte wat versigtig benader moet word en 'n goeie norm wanneer verskansingsmoontlikhede oorweeg word, is om sover moontlik eers genoegsaam te verskans om ten minste die produksiekostes van die bedryfstak te dek.

Die bogemelde voorbeeld is slegs die basiese konsep en sluit nie veranderlikes soos basisse en differensiale in die berekening in nie. Dit is egter van kardinale belang om in ag te neem dat jy met verskansing moet bepaal tot watter mate jou risiko beperk is en nie hoeveel geld jy kon gemaak het nie.

Die gebruik van opsiekontrakte vir verskansingsdoeleindes sal in die volgende uitgawe van die tydskrif bespreek word. ■



Conservation AGRICULTURE

– Part 28

GRAAN
SAGRAIN
Series

DR WAYNE TRUTER, University of Pretoria,
GERHARD VAN DER BURGH, Bureau for Food
and Agricultural Policy,
DR HENDRIK SMITH, Grain SA and
GERRIE TRYTSMAN, ARC-Animal Production Institute



Create sustainable production through crop and pasture-based systems

Reg. No. L6463, Act 36 of 1947

A liquid ammonium sulphate based adjuvant and water pH regulator for use with glyphosate and sulphosate herbicides. **Power Up®** contains an electrolyte tolerant wetting/penetrating agent to improve the wetting, spreading and contact of the remedy with plant foliage.

CONTAINS:	
Ammonium Sulfate	
Acidifying system	
Humectant	
Wetter / Spreader	
TOTAL ACTIVE INGREDIENTS:	562 g/l

FIGHTER

Reg No. L7330, Act 36 of 1947

FIGHTER is a systemic water-soluble liquid fungicide for the control of diseases in crops as indicated. **FIGHTER** proved to be highly effective against the Oomycete group of plant diseases, including *Phytophthora spp.* (root rot), *Plasmopara viticola* (downy mildew) and *Phytophthora* (late blight).

CONTAINS:	
Potassium phosphite	555 g/l
Phosphorous acid equivalent	350 g/l

VIGOUR 310 SL

Reg. No. L8088, Act 36 of 1947

Vigour is a water soluble concentrate for the protection of groundnuts against groundnut pod nematode, potatoes, pineapples, sugarcane, tobacco and tomatoes against root knot nematodes (*Meloidogyne spp.*) and suppression of aphids on potatoes.

CONTAINS:	
Oxamyl (carbamate)	310 g/l

Wat neem 'n plant werklik deur sy blare op?

GERT CERONIO, senior lektor: Grond-, Gewas- en Klimaatwetenskappe, Universiteit van die Vrystaat

'n Gebalanseerde bemestingsprogram wat die instandhouding en opbou van grondvrugbaarheid as basis gebruik, is krities vir enige volhoubare gewasproduksiestelsel. Bykomend kan blaarvoeding 'n rol in die optimalisering van gewasproduksie speel.

Waarnemings op die internasionale front oor die invloed van blaarvoeding op plantegroei die afgelope 200 jaar is deeglik aangeteken. Belangstelling in blaarvoeding het algaande (die afgelope 70 jaar) toegeneem as gevolg van 'n toename in die koste van grontoegediende bemestingstowwe, toenemende druk op volhoubare gewasproduksie en 'n beter begrip van gewasgroei en -bestuur.

Aanvanklik is blaartoedienings gebruik om mikro-elemente toe te dien, maar mettertyd het makro-elemente ook onder die loep gekom en word dit algemeen (die afgelope 40 jaar) deur blaarvoeding toegedien.

Wanneer is blaarvoeding geregverdig?

- Wanneer tekortsymptome op plante waargeneem word;
- grondtoestande (chemies of fisies) die beskikbaarheid van voedingstowwe (inherent in die grond of toegedien) beperk;
- plantontledings tekorte aandui; of
- plantreaksies geoptimaliseer word.

Laasgenoemde sluit in:

- Tye van eksponensiële groei, wanneer omgewingstoestande en beskikbare voedingstowwe uit die grond nie aan die plant se behoefte kan voorsien nie;
- spesifieke groeistadiums waartydens die opbrengskomponente vasgelê word; en
- groeistadiums waar die gehalte van graan verbeter kan word.

Gevolglik ontstaan die vraag: "Wat neem 'n plant werklik deur sy blare op?" Die antwoord hierop is nie so eenvoudig nie.

Plante neem voedingstowwe primêr deur plantwortels op. Blare is hoofsaaklik verantwoordelik vir fotosintese, maar bied ook 'n toegangspunt vir voedingstofopname tesame met ander bogrondse plantdele soos stamme, vrugte en geslagsorgane.

Vir die doel van die artikel sal daar hoofsaaklik na blaarvoeding van akkerbougewasse verwys word. Die toediening van blaarvoeding en die gewas se uiteindelijke reaksie daarop word deur prosesse soos blaarkontak (adsorpsie), penetrasie van die kutikula (was en lamellae), blaaropname en inkorporering van die voedingstowwe in metaboliese-aktiewe dele van die blaar, vervoer vanuit die blaar tot die uiteindelijke benutting van die produkte op of in teikengebiede, bepaal.

Opname deur blare

Voedingstofopname geskied deur beide blaaroppervlakte en huidmondjies (stomata). Huidmondjies is verantwoordelik vir gaswisseling (CO_2 , O_2 , SO_2 , NH_3 en NO_2) sowel as transpirasiebeheer van die plant.

Huidmondjies kom hoofsaaklik op die onderkant (abaksiaal) van blare, maar by sommige plantspesies (byvoorbeeld mielies en sojabone) ook op die bokant (adaksiaal) voor. Die getal/digtheid van

huidmondjies wissel na gelang van die plantspesie, voedingstoftekorte en heersende omgewingstoestande. Huidmondjies en hul rol in blaarvoeding is steeds 'n punt van kontroversie en daarom fokus ons op die rol van die blaaroppervlakte.

Die blaaroppervlakte bestaan (binne na buite) uit die epidermale wand (een sellag dik) wat bedek word deur 'n dik kutienagtige laag bestaande uit kutien, was, pektien en sellulose, gevolg deur 'n kutienlaag en laastens die kutikulêre was.

Dié komplekse samestelling voorkom die verlies van water uit die blaaroppervlak, asook die loging van voedingstowwe uit die blaar deur reën onder droëlandtoestande en reën of besproeiing onder besproeiingstoestande. Hierdie lae is hoofsaaklik hidrofobies (waterwerend).

Toegang vir voedingstowwe tot die blaar geskied deur hidrofiliese porieë (deursnit <1 nm) in die blaarkutikula, waarvan daar ongeveer 10^{10} cm^{-2} voorkom. Die porieë is deurlaatbaar vir oplossings soos ureum (0,11 nm), maar molekules waarvan die deursnee dié van die porieë oorskry, is nie deurlaatbaar soos in die geval van sommige sintetiese chelate (FeEDTA) nie. Die porieë is meer gekonsentreerd om die sluitselle van die huidmondjies en daarom is daar 'n direkte verhouding tussen huidmondjiegetal en opname van voedingstowwe.

Voedingstowwe (organies of anorganies) word as katione, anione en molekules opgeneem, wat varieer in lading en grootte wat 'n bepalende rol in opname speel. Dié opname en doeltreffendheid word deur verskeie faktore wat in ag geneem moet word, beïnvloed. Dit behels: Biologiese-, omgewings-, chemiese- en bestuursaspekte.

Biologies

Plantspesies verskil in hul vermoë om voedingstowwe op te neem. Hierdie verskille is nie net beperk tot plantspesies nie, maar kultuurverskille speel ook 'n rol.

Die opname en doeltreffendheid van blaarvoeding word verder beïnvloed deur die blaaroppervlak. Opname van voedingstowwe deur die onderkant van blare is vinniger as dié van die bokant. Verder is die opname deur jong blare vinniger as dié van ouer blare.

Blootstelling van ouer blare aan die omgewing (straling, temperatuur en wind) het dikker was- en kutikula-lae tot gevolg, wat opname kan beperk. Daar moet egter gewaak word teen "blaarbrand" by jong blare wat bespuit word met hoë konsentrasies blaarvoeding, aangesien die blare se was en kutikula-lae dun is.

Met die uitsondering van enkele gevalle is die opname van voedingstowwe deur plante wat voedingstoftekorte ondervind, hoër as dié van plante wat 'n optimale voedingstatus besit.

Gewasgroeistadium speel 'n kritiese rol in die doeltreffende bestuur van blaarvoeding. By mielies kan die aanleg van opbrengskomponente (getal koppe, rye per kop en sade per ry) tydens die vier- tot agtblaar-groeistadiums (BBCH 14-18) bevorder word. Hierdie groeistadiums is die begin van die eksponensiële groeistadium van mielies, waartydens groot hoeveelhede voedingstowwe opgeneem word. Sojaboonreaksie op blaarvoeding is wisselvallig, tog word drastiese opbrengsverhogings waargeneem, alhoewel

TABEL 1: ALGEMENE SAMEVATTING VAN VOEDINGSTOWWE, VERBINDINGS, OPNAMETEMPO EN BEWEEGLIKHEID IN PLANTE.

	VOEDINGSTOF	ALGEMENE VERBINDINGS	OPNAME-TEMPO	50% OPNAME-TEMPO	BEWEEGLIKHEID IN PLANTE
Makro-element	Stikstof (N)	(NH ₄) ₂ SO ₄ , NH ₄ NO ₃ , ureum – CO(NH ₂) ₂	Vinnig	30 min - 2 uur	Hoog
	Fosfor (P)	NH ₄ H ₂ PO ₄ , KH ₂ PO ₄ , Ca(H ₂ PO ₄) ₂ , H ₃ PO ₄	Matig	4 - 8 dae	Hoog
	Kalium (K)	K ₂ SO ₄ , KCl, KNO ₃ , K ₂ CO ₃ , KH ₂ PO ₄	Vinnig	8 - 24 uur	Hoog
	Kalsium (Ca)	CaCl ₂ , CaSO ₄ , Ca-propionaat, Ca-asetaat	Matig	1 - 2 dae	Swak (immobiel)
	Magnesium (Mg)	MgSO ₄ , MgCl ₂ , Mg(NO ₃) ₂	Stadig	2 - 6 uur	Gedeeltelik
	Swael (S)	MgSO ₄	Stadig	2 - 6 uur	Gedeeltelik/swak
Mikro-element	Sink (Zn)	ZnSO ₄ , Zn(II)-chelaat, ZnCl ₂ , ZnO, Zn-organiese komplekse	Vinnig	8 - 24 uur	Gedeeltelik
	Yster (Fe)	FeSO ₄ , Fe(II)-chelaat, Fe-komplekse	Stadig	8 - 16 dae	Gedeeltelik
	Mangaan (Mn)	MnSO ₄ , MnCl ₂ , MnO, Mn(II)-chelaat	Matig	1 - 2 dae	Gedeeltelik
	Boor (B)	Boorsuur (B(OH) ₃), Boraks (Na ₂ B ₄ O ₇), Na-oktoboraat (Na ₂ B ₈ O ₁₃)	Matig	1 - 2 dae	Gedeeltelik
	Koper (Cu)	CuSO ₄ , CuCl ₂ , CuO, Cu(II)-chelaat	Stadig	2 - 5 dae	Gedeeltelik
	Molibdeen (Mo)	Na ₂ MoO ₄ , (NH ₄) ₆ Mo ₇ O ₂₄ , H ₂ MoO ₄	Stadig	8 - 16 dae	Gedeeltelik

dit moeilik is om die toestande vir 'n goeie reaksie te voorspel. Die optimale toedieningstyd vir sojabone is net voor aanvang van die reprodusiewe (R1) groeifase.

Hier word verwys na V(N) (BBCH 29-39) wat die laat vegetatiewe (na V3) groeistadium is. Wanneer die sojaboon begin met peulset en graanvul, word alle energie (fotosintaat) na die peule gekanaliseer, wat daartoe aanleiding kan gee dat die wortelstelsel benadeel word en dat daar nie voldoende voedingstowwe uit die grond opgeneem word nie.

Koring se opbrengskomponente (are, blompakkies per aar en blommetjies per blompakkie = pitte/m²) word gedurende die stoelstadium (BBCH 20-29) geïnisieer. Produkte wat die prosesse bevorder, kan opbrengs bevorder. Koringgehalte, veral proteïeninhoud, kan ook bevorder word deur die toediening van blaarvoeding vanaf die laat pyp- tot vroeë melkdeegstadium (BBCH 37-75).

Omgewing

Lig, temperatuur, humiditeit en wind

Plante wat onder Suid-Afrikaanse toestande verbou word, word blootgestel aan hoë ligintensiteite en hoë somerdagtemperature, wat dikker was en kutikulêre lae tot gevolg het en gevolglik voedingstofopname negatief beïnvloed.

Effektiewe blaarvoedingopname vind gedurende die vroeë oggend en laat middag plaas wanneer verdamping vanaf die blaaroppervlak stadig is. 'n Hoë relatiewe humiditeit en afwesigheid van wind bevorder kontaktyd tussen die toegediende blaarvoeding en blaaroppervlakte, gevolglik word 'n hoër effektiwiteit verkry.

Chemies

Blaarvoedingstowwe bestaan uit 'n verskeidenheid elemente wat verskil in chemiese samestelling, opname en beweeglikheid in plante (Tabel 1).

Bevorderingsmiddels (byvoorbeeld kontakmiddels, benatters, aktiveerders en buffermiddels) kan ook ingespan word om die opname en effektiwiteit van blaarvoeding te verhoog. Hier speel watergehalte ook 'n groot rol, wat nie geïgnoreer kan word nie. Let veral op die bron van die water, byvoorbeeld damwater wat slik en klei bevat

of boorgatwater wat byvoorbeeld 'n hoë pH-waarde het. Onsuiverhede kan voedingstofopname inhibeer of lei tot presipitasie in spuittenks.

Bestuurspraktyke

Blaarvoedingsoplossings word teen lae konsentrasies (≤ 2%), met die uitsondering van byvoorbeeld ureum (≈ 5%) toegedien. Waar meer as een voedingstof toegedien word, mag dit wees dat die individuele toedieningspeil verlaag moet word.

Oorskryding van hierdie riglyn kan tot gewasskade (blaarbrand) aanleiding gee. "Blaarbrand/skroei" kan herlei word na die soutindeks van verskillende produkte, waar die soutindeks van byvoorbeeld ureum (1,62 per eenheid voedingstof) baie laer is as dié van ammoniumsulfaat (3,25) en die risiko van blaarbrand verlaag.

Deeglike benutting van die blaaroppervlak is van uiterste belang en word onder andere bepaal deur die draervolume en druk waarteen die oplossing toegedien word. Deur blaarvoeding gedurende koeler periodes (vroeë oggend en namiddag) van die dag toe te dien, word hoë temperature, wat bevorderlik is vir verdamping, vermy. Gevolglik is die middels vir langer periodes op die blare in oplossing en word opname bevorder.

Ongelukkig word produsente die afgelope dekade ál meer met aanbevelings waartydens blaarvoedingstowwe en onkruid- en/of plaagbeheermiddels gesamentlik, sogenaamde *cocktails*, toegedien word, gekonfronteer. Onder sekere omgewingstoestande mag gewasskade ervaar word as gevolg van antagonistiese of sinergistiese wisselwerking tussen chemikalieë. Produsente word daarom versoek om hulself te vergewis van die etiket-inligting of om gebruik te maak van gerespekteerde landboukundige advies. ■

Bronne

- Anonymous, 2008. *Growth stages of mono- and dicotyledonous plants*. Edited by U. Meier. German Federal Biological Research Centre for Agriculture and Forestry. (<https://www.politicheagricole.it/flex/AppData/WebLive/.../BBCHeng2001.pdf>).
- Fageria, NK, Barbosa Filho, MP, Moreira, A en Guimaraes, CM. 2009. *Foliar fertilization of crop plants*. Journal of plant nutrition, 32: 1 044 - 1 064.
- Fernandez, V, Sotiropoulos, T en Brown, P. 2013. *Foliar fertilization – scientific principles and field practices*. International Fertilizer Industry Association: Paris, France.
- Marschner, H. 1995. *Mineral nutrition of higher plants*. Paston Press Ltd: London.

A close-up profile of a man wearing a camouflage hat and a brown jacket, shouting with his mouth wide open. The background is white, and the right side of the image has a green vertical bar with a curved design.

KOMMANDOWURMS! UUUITTREEE!

3 redes om Syngenta se mielie-oplossing vir kommandowurms te kies:

- Verskillende oplossings en metodes van werking
- Definitiewe, effektiewe oplossing vir die probleem
- Kundige, tegniese advies en ondersteuning

Die slim keuse vir die beheer van kommandowurms op mielies.

wenke vir effektiewe beheer en weerstandsbestuur:

- Monitor met feromoonlokvalle om vroeë motvlugte, vroeë infestasies en grootte van moontlike infestasies vas te stel
- Verken elke 2-3 dae alle aanplantings
- Beplan toediening van produkte, en neem ander plae in ag
- Spuit streng voorkomend
- Wissel chemiese groepe met verskillende manier van werking af
- Gebruik diamied insekdoders (chlorantranilipool en flubendiamied) baie versigtig; die groep leen hom tot vinnige ontwikkeling van weerstand
- Volg altyd die etiket se aanwysings, en moenie toedieningsintervalle verkort of die dosis verhoog nie
- Om goeie beheer te verseker, teiken jong klein larwes voordat hulle dieper as die doullyn in die mieliekelk in beweeg

beheer van kommandowurms op mielies:



1

AMPLIGO (chlorantranilipool en lambda-sihalotrien)

- Vinnige uitklopaksie: stop voeding onmiddellik met geen verdere gewasskade
- Lang nawerking verseker effektiewe beheer met minder toedienings
- Beheer alle lewenstadia – eiers, larwes en motte



2

PROCLAIM (Emamektien bensoaat)

- Werking grootliks deur inname van aktiewe bestanddeel
- Deurdring blaarweefsel met translaminêre beweging om reservoir te vorm
- Voeding staak kort na inname



3

SORBA (Lufenuron)

- Insekgroei-inhiberende meganisme van werking meng in met vervellingsproses
- Hoogs effektief teen blaarvretende larwes en het eierdodende eienskappe
- Effektief teen plae wat weerstandbiedend is teen organofosfate, karbamate en piretroïede



LEES DIE ETIKET VAN ELKE PRODUK VIR VOLLEDIGE BESONDERHEDE.
AMPLIGO® bevat chloorantranilipool en lambda-sihalotrien (Reg. Nr. L8685, Wet Nr 36 1947) SKADELIK.
PROCLAIM® bevat emamektien bensoaat (Reg. No. L7581, Wet No. 36 1947) SKADELIK.
SORBA® bevat lufenuron (bensamied) (Reg. No. L5343, Wet No. 36 1947) SKADELIK.
Syngenta Suid Afrika, Privaatsak X60, Halfway House, 1685. Tel: 011 541 4000. www.syngenta.co.za
Alle gelyste produkte is geregistreerde handelsmerke van 'n Syngenta Group Maatskappy.



@SyngentaSA

Navorsing op watertafel-sandgronde van die Noordwes-Vrystaat

Deel 3: Agtergrond en proefbehandelings: Wisselboustelsels en bewerking

DR DANIE BEUKES, onafhanklike grondkundige en CAREL KOCH, onafhanklike landboukundige

Die semi-arië sandgronde van die Noordwes-Vrystaat het ontwikkel uit Eoliese moeder materiaal en is sowat 1,8 miljoen tot 5 miljoen jaar gelede afgesit op 'n paleo-oppevlak wat bestaan het uit swak gedreineerde kleirige verweringsprodukte van doleriet, moddersteen, kalkreë en skalie. Die vernaamste kenmerke van hierdie sandgronde wat aangespreek moet word wat suksesvolle ontginning en bewaring betref, is winderosie, gevoeligheid vir verdigting, lae waterstoervermoë van die bogrond, inherente lae voedingstatus en lae organiese materiaalinhoud.

Die vermoë van die ondergrond om 'n tydelike watertafel te vorm bokant die paleolaag asook die vinnige waterinfiltrasie deur die bogrond, skep 'n waterreservoir wat verantwoordelik is vir die stabiele opbrengste in hierdie wisselvallige reënvalgebied. Geskiedkundig is koring op tot 50% van die bewerkte oppervlak in die middel en westelike dele van die streek verbou en grondbone tot 15% in die noordelike gedeelte.

Die voordeel van koring en mielies is gedemonstreer in verbeterde opbrengste. Koring se gewildheid het afgeneem met die voorkoms van swak herfs- en/of vroeë somerreëns gedurende die 1960's tot vroeë sewentigs.

Grondbone het goed in wisselbou met mielies presteer, maar die onbedekte oppervlak wat na die oes van die bone agtergelaat is, het soms ernstige winderosie tot gevolg gehad. Met die suksesvolle toepassing van 'n stoppeldeklaag en skeurploegbewerking (rip-op-ry) op mielies deur Koch (1974), het die toepassing van spoorverkeer met 'n stoppeldeklaag wyd inslag gevind en het grondbone weens die erosieprobleem minder gewild geraak.

Wat eers as 'n potensiële woestyn gesien is, het in die opvolgende tien jaar een van die mees konstante mielieproduserende gebiede in Suid-Afrika geword. Die voordele wat in wisselboustelsels opgesluit lê, het egter agterweë geraak as gevolg van die gebrek aan geskikte alternatiewe en ekonomies-aanvaarbare gewasse.

Met die implementering van die beginsels van bewaringslandbou in Suid-Afrika, asook die afname in winsgewendheid en toename in produksierisiko's by monokultuur-graanverbouing in die 1990's, het nuwe belangstelling in wisselboustelsels ontwikkel (Nel, 2005). Bennie *et al.* (1995) met 'n koring/mieliewisselbou, Gentry *et al.* (2001), Varvel en Wilhelm (2003), asook Loubser

en Nel (2004) met mielie/sojawisselbou het almal voordelige mielie-opbrengste bewys.

Liebenberg (2012) het bevind dat die verhoogde mielieopbrengs nie net aan meer beskikbare stikstof (N) toegeskryf kan word nie, maar ook aan verhoogde mikrobiologiese aktiwiteit, asook verminderde wortelsiektes en plaë wat die omvang en effektiwiteit van die wortelstelsel verbeter het.

Die Sandgrondontwikkelingskomitee (SOK) is in 2010 gestig om bewerkingspraktyke wat volhoubare en winsgewende mielieverbouing op sandgronde met vlak watertafels onder relatiewe lae en wisselvallige reënval sou verseker, te toets. Befondsing is deur die Mielietrust op 'n jaarlikse basis bewillig vir dié doel.

Lede van die SOK in die Noordwes-Vrystaat het besluit om wisselboustelsels te toets wat meer gewasdiversifikasie sou meebring, met gepaardgaande beter onkruid- en plaagbeheer, beter benutting van voedingstowwe en water op verskillende dieptes, asook verhoogde mikrobiologiese populasies, diversiteit en aktiwiteit met die oog op die verbetering van grondgesondheid.



▲ 'n Goeie stand wisselbougewasse (mielies, sojabone en voersorghum) in Februarie 2015 op Springboklaagte.

TABEL 1: AGRONOMIESE PRAKTYKE OP WISSELBOU PROEWE.

PROEFUITLEG

Ewekansige blokontwerp met drie tot ses behandelings (gewas x bewerkingskombinasies) met een tot drie herhalings.

Agronomiese praktyke: Voor-plant.

Sekondêre bewerking: Algeheel in Augustus: Of rolmoerbewerking om mieliestamme te ontwortel en plat te rol of V-lem-bewerking 50 mm - 200 mm diep om onkruid te beheer.

Onkruidbestryding: Algeheel: Een glifosaatbespuiting of twee bespuitings elk van glifosaat en 2,4-D ester.

Bewerkingbehandelings (gewas x bewerkingskombinasies):

Wisselboustelsels: Mielies in wisselbou met sojabone of voersorghum met monokultuurmielies as kontrole.

Primêre bewerkings (kombinasies oor seisoene heen geïmplementeer):

Rip-op-ry: Tandem-skeurploegbewerking (700 mm - 750 mm diep) met of 400 mm en 200 mm, of 500 mm en 300 mm-breë platskare, onderskeidelik op 500 mm en 700 mm diepte op plant-rye. Twee rolstaafskoffelbewerkings as spesifieke plaaspraktyk. **Slegs tussen-ry-rip:** Tussenry-tandem-skeurploegbewerking (700 mm - 750 mm diep) met platskare soos vir rip-op-ry. Plant op vorige jaar se rip-op-ryrye.

Verminderde bewerking: Slegs sekondêre bewerkings (rolmoer, V-lem of rolstaafskoffel). Plant op vorige seisoen se mielierye.

Bemesting: Toediening van geen bemesting of 100 kg ureum/ha of 200 kg KAN/ha in Oktober op mieliepersele gevolg deur bewerking met rolstaafskoffel met penne of vlak skoffelbewerking.

AGRONOMIESE PRAKTYKE MET PLANT EN DAARNA

Perseelgrootte: 6,35 m - 8,1 m (ses tot agt rye x 0,9 m - 1,5 m rywydtes [tremlyne]) x 50 m - 400 m-lengte.

Kultivars: Glifosaat-weerstandige kultivars. Plantdigtheid: Mielies 18 000 plante/ha - 24 000 plante/ha en sojabone 250 000 plante/ha - 300 000 plante/ha.

Plantaksie: Plant alle bewerkingsbehandelings met John Deere planter sonder penne, maar met kouters. Plantdatum is funksie van reënval met plantvenster van 10 November tot 15 Desember.

Bemesting met plant (varieer volgens plaaspraktyke):

Mielies

Gebandplaas: 200 kg 15:10:6 (32) + Zn + B/ha of 250 kg 15:8:4 (27)/ha.

Kantbemesting: 100 kg ureum/ha vier weke na-plant met 'n vlak skoffelbewerking of vloeibare 300 kg 10:1:2 (20)/ha vyf weke na-plant met 'n skoffelbewerking. Vir die verminderde bewerkingspersele is die skoffels gelig.

Sojabone

Gebandplaas: 100 kg 15:10:6 (32) + Zn + B/ha of 100 kg 4:2:1 (28)/ha of 100 kg 1:1:1 (29)/ha.

Voersorghum

Gebandplaas: 100 kg 15:10:6 (32) + Zn + B/ha.

Onkruid- en plaagbeheer (varieer volgens plaaspraktyke):

Mielies

Na-plant (voor-opkoms): Atrasiën, asetochloor, piretroïede of glifosaat, s-metolachloor, lambda-sihalotrin of glifosaat, triasiën + s-metolachloor, s-metolachloor, lambda-sihalotrin.

Na kantbemesting: Atrasiën, asetochloor, piretroïede.

Sojabone

Met plant: S-metolachlor, glifosaat, chlorimuron etiel, mesotrioon of glifosaat, s-metolachloor, lambda-sihalotrin of glifosaat, triasiën + s-metolachloor, s-metolachloor, lambda-sihalotrin.

Nege tot tien weke na-plant: Lambda-sihalotrin.

Voersorghum

Met plant: Saad behandel met fluxofenim, s-metolachloor.

Oesdatumfunksie van klimaatstoestand: April tot begin Julie.

Stelsel van beheerde spoorverkeer toegepas tydens alle implementverkeer.

MBFi

Jou wetenskaplike groeivenoot

Jou bekendstelling aan MBFi se uitstekende sojaboon-biostimulante

XPRESS

FUNCTIONAL

XPRESS

TECHNICAL

N-Zyme+

Performance Nutrition

XPRESS

MoB

144, Avenue 2, Modder East Orchards, Delmas, 2210

Tel: +27 (0) 82 738 00 80 - E-pos: orders@mbfi.co.za

Web: www.mbfi.co.za

Navorsing op watertafel-sandgronde van die Noordwes-Vrystaat

Deel 4: Evaluering van wisselboustelsels as funksie van bewerkingspraktyke

DR DANIE BEUKES, onafhanklike grondkundige en CAREL KOCH, onafhanklike landboukundige

In die Augustus-uitgawe in Deel 1 en Deel 2 is die agtergrond, proefbehandelings en evaluering van bewerkingspraktyke ten opsigte van die navorsing wat op watertafel-sandgronde in die Noordwes-Vrystaat gedoen is, uiteengesit. In hierdie uitgawe (Deel 3 op bladsy 88 en in dié artikel) word die agtergrond en proefbehandelings van wisselboustelsels en bewerkingsresultate van hierdie navorsing geëvalueer.


Grafiek 1 toon die seisoenale (Augustus tot April) reënval vir die drie proeflokaleite. Terwyl die gemiddelde reënval van 487 mm vir die 2013/2014- tot 2014/2015-seisoene voldoende was vir gewasverbouing, het die droë 2015/2016-seisoen veroorsaak dat min of geen graangewasse in die Bothaville-Kroonstad-Wesselsbron-omgewing geplant is nie.

Die lae reënval van sowat 55 mm tydens die 2015-plantseisoen op Klein Constantia en Visagieskuil het meegebring dat geen proewe geplant kon word nie. Met 'n reënbuie van 61 mm op 20 tot 21 November 2015 op Springboklaagte, kon al die Sandgrondontwikkelingskomitee (SOK)-proewe geplant word.



Opvolgreën van 128 mm tydens Januarie tot Maart 2016 het die proewe gered en 'n oesmislukking op die plaas voorkom. Hiermee word die feit dat die verspreiding van reënval op sandgronde met hul lae waterhouvermoë belangriker is as die totale hoeveelheid reënval weer eens bevestig.

Groei en opbrengs van die wisselbougewasse

In die 2014/2015-seisoen het die wisselbougewasse heelwat beter vegetatiewe groei onder tandem-skeurploegbewerking (rip-op-ry) getoon as met verminderde bewerking. 'n Algemene verskynsel onder verminderde bewerking was die onegalige groei van sojabone (**Foto 1a** en **Foto 1b** op bladsy 93). **Foto 2** (op bladsy 97) en **Foto 3** (op bladsy 97) toon goeie stande sojabone onder rip-op-ry op Sanniesrus en Klein Constantia in die 2014/2015-seisoen.



Grafiek 1: Seisoenale reënval op proeflokaleite.



Grafiek 2a - Grafiek 2b: Graanopbrengste in 2013/2014 op Springboklaagte (a) en Sanniesrus (b) as funksie van wisselbou en bewerking (mielies na sojabone onder rip-op-ry; monokultuur-mielies onder verminderde bewerking).
 MRORSJ = mielies na sojabone onder rip-op-ry
 MVBSJ = mielies na sojabone onder verminderde bewerking

MRORM = monokultuur-mielies
 MVBM = monokultuur-mielies onder verminderde bewerking
 ROR = rip-op-ry
 VB = verminderde bewerking
 KBV = kleinste betekenisvolle verskil



Navorsing op watertafel-sandgronde (Deel 3)

Drie proewe is uitgelê by mnre Danie Minnaar (Kroonstad), Lourens van der Linde (Wesselsbron) en Thabo van Zyl (Losdoorns) met Carel Koch as koördineerder. Monokultuurmielies en wisselbou van mielies met sojabone of voersorghum is met mekaar vergelyk onder twee bewerkingstelsels, naamlik diep skeurploeg (rip-op-ry) en verminderde bewerking.

In hierdie artikel (en die artikel [Deel 4] op bladsy 90) word die resultate van die 2013/2014 tot 2015/2016-seisoene bespreek.

Agronomiese praktyke op proewe

Tabel 1 op bladsy 89 bevat 'n opsomming van agronomiese praktyke wat op die proewe gevolg is. Uit die tabel kan die behandelings soos volg saamgevat word:

Wisselboustelsels

Mielies in wisselbou met sojabone of voersorghum met monokultuurmielies as kontrole.

Bewerkings

Alle sekondêre bewerkings (rolmoer, V-lem of rolstaafskoffel) plus 'n primêre diep (700 mm - 750 mm) tandem-skeurploegbewerking (rip-op-ry of slegs tussen-ry-rip).

Verminderde bewerking: Slegs sekondêre bewerkings (rolmoer, V-lem of rolstaafskoffel). Plant op vorige seisoen se mielierye. Geen primêre skeurploegbewerking nie. ■

Verwysings

- Bennie, ATP, Hoffman, JE en Coetzee, MJ. 1995. *Sustainable crop production on Aeolian sandy semi-arid soils in South Africa*. African Crop Science Journal 3(1): 67 - 72.
- Gentry, LE, Below, FE, David, MB en Bergerou, JA. 2001. *Source of the soybean N credit in maize production*. Plant and Soil 236: 175 - 184.
- Koch, CD. 1974. *Die invloed van sekere bewerkingsmetodes en bemestingplasing op die mielieopbrengs op Viljoenskroon en bleeksandgrondseries*. Crop Production 3: 57 - 59.
- Liebenberg, AJ. 2012. *Sojaboonproduksiehandleiding*. LNR-Instituut vir Graan- en Gewasse, Potchefstroom. 159 pp.
- Loubser, HL en Nel, AA. 2004. *Productivity and stability of grain yield in maize and sorghum as affected by rotational cropping systems in the north western Free State*. S. Afr. Tydskr. Plant Grond 21(2): 80 - 84.
- Nel, AA. 2005. *Crop rotation in the summer rainfall area of South Africa*. S. Afr. Tydskr. Plant Grond 22(4): 274 - 278.
- Varvel, GE en Wilhelm, WW. 2003. *Soybean nitrogen contribution to corn and sorghum in Western Corn Belt rotations*. Agron J. 95: 1 220 - 1 225.

Deel 1 en Deel 2 van die artikel het in die Augustus-uitgawe van SA Graan/Grain verskyn.




MBFi

Jou wetenskaplike groeivenoot

XPRESS **FUNCTIONAL**™ GET™

X-Press Functional is 'n nuwe multi-dimensie bio-stimulant en voedingskompleks vir blaarvoeding. **X-Press Functional** bevat stikstof, swael, sink, mangaan, boor en molibdeen met die nuwe GET-tegnologieë (bio-stimulante). Deur navorsing in beide die veld en laboratorium formuleer ons die produk met GET-tegnologieë.

X-Press Functional en of met N-Zyme Plus as 'n blaar-voedingstof by V4-groei stadium op Sojaboon oor 10 proewe oor 3 seisoene (14-15, 15-16, 16-17)



Proewe geplant oor 4 AEC streke wat Delmas, Bethal, Frankfort en Bethlehem insluit

144, Avenue 2, Modder East Orchards, Delmas, 2210
Tel: +27 (0) 82 738 00 80 - E-pos: orders@mbfi.co.za

Web: www.mbfi.co.za

X-Press Functional Reg. No: B 3761 Act No. 36 of 1947

Navorsing op watertafel-sandgronde (Deel 4)


Foto 4 (op bladsy 97) toon 'n goeie voersorghumstand in Februarie 2016. Let op die hoeveelheid mieliereste wat van die vorige seisoen af oorgebly het. **Foto 5a** en **Foto 5b** (op bladsy 99) toon onegalige groei van sojabone onder beide rip-op-ry en verminderde bewerking op Springboklaagte in die uiters droë 2015/2016-seisoen.

2013/2014-seisoen

Mielies

Grafiek 2a (op bladsy 90) (Springboklaagte) toon dat:

- Ongeag die bewerkingspraktyk, die voorafgaande gewas (sojabone) mielie-opbrengs verhoog het vergeleke met mielies



Sojaboonopbrengste in 2013/2014 op Springboklaagte as funksie van wisselbou en bewerking (sojabone na voersorghum onder rip-op-ry; sojabone na voersorghum onder verminderde bewerking).

SJRORVS = sojabone na voersorghum onder rip-op-ry
 SJVBVS = sojabone na voersorghum onder verminderde bewerking
 KBV = kleinste betekenisvolle verskil

aanhoudend (byvoorbeeld: Mielies na sojabone onder rip-op-ry [7 270 kg/ha] versus onder monokultuur-mielies [6 441 kg/ha]).

- Bewerkingspraktyke het ook 'n effek op mielie-opbrengs onder wisselbou gehad: Opvolgmielies na sojabone onder rip-op-ry het 'n hoër opbrengs gelewer as onder verminderde bewerking na sojabone (7 270 kg/ha versus 6 284 kg/ha).
- Die kombinasie van wisselbou met rip-op-ry lewer 44% hoër opbrengs (statisties betekenisvol) as mielies aanhoudend onder verminderde bewerking (mielies na sojabone onder rip-op-ry [7 270 kg] versus monokultuur-mielies onder verminderde bewerking [5 035 kg/ha]).


Die 2013/2014-seisoen was die begin van die mielies/sojabone-wisselbouproef op Sanniesrus. Die land was reeds vir 15 jaar onbewerk en onder 'n Smutsvinger/kweekmengsel. Die grasmengsel is gedurende die 2013-winter met 'n vlak disbewerking doodgesny om bykans 'n 100%-deklaag op die oppervlak te laat.

Drie behandelings is as basis vir volgende seisoen se volledige proefplan uitgevoer, naamlik mielies rip-op-ry, mielies verminderde bewerking en sojabone verminderde bewerking. **Grafiek 2b** (op bladsy 90) toon dat die bewerkingspraktyke reeds in die eerste seisoen statisties-betekenisvolle opbrengsverskille meegebring het (9 847 kg/ha versus 7 510 kg graan/ha).

Die uitsonderlike hoë opbrengste kan heel waarskynlik toegeskryf word aan die gunstige grondtoestande wat die grasstand geskep het.


Sojabone

Uitstekende graanopbrengste is op Springboklaagte verkry (**Grafiek 3**) en kan heel waarskynlik toegeskryf word aan die reënval van 290 mm gedurende Januarie tot Maart 2014. Dit is bekend dat sojabone goed op laat reëns reageer. Hoewel nie betekenisvol nie, is effens hoër graanopbrengste onder rip-op-ry as onder verminderde bewerking (2 615 kg/ha versus 2 418 kg/ha) verkry.



Grafiek 4a - Grafiek b: Mielie-opbrengste in 2014/2015 op Springboklaagte (**Grafiek 4a**) en Sanniesrus (**Grafiek 4b**) as funksie van wisselbou en bewerking (mielies na voersorghum onder rip-op-ry; mielies na sojabone onder rip-op-ry).

MRORSJ = mielies rip-op-ry sojabone
 MVBSJ = mielies verminderde bewerking sojabone
 MRORVS = mielies rip-op-ry voersorghum
 MVBVS = mielies verminderde bewerking voersorghum



MRORM = mielies rip-op-ry mielies
 MRORS = mielies rip-op-ry sojabone
 MVBM = mielies verminderde bewerking mielies
 MVBS = mielies verminderde bewerking sojabone
 MTRM = mielies tussen-ry-rip mielies
 MTRMMRORMVB = mielies rip-op-ry mielies verminderde bewerking
 KBV = kleinste betekenisvolle verskil

Die wisselbouproef op Klein Constantia het eers in die 2014/2015-seisoen 'n aanvang geneem. Op Sanniesrus het die sojabone goed in die 2013/2014-seisoen ontkiem, maar is erg geknou deur die droogte in Februarie – met 'n gevolglike oesmislukking.

2014/2015-seisoen

Mielies

Alhoewel wisselbou in kombinasie met bewerking op Springboklaagte verskille in mielie-opbrengs meegebring het, was dit nie betekenisvol nie. Die wisselboustelsel van mielies/voersorghum onder rip-op-ry het die hoogste opbrengs (3 239 kg/ha) gelever, terwyl mielies na sojabone onder rip-op-ry die swakste met 2 607 kg/ha (Grafiek 4a) presteer het.

Op Sanniesrus (Grafiek 4b) het wisselbou in kombinasie met bewerking groot verskille in mielie-opbrengste gelever. Byvoorbeeld:

- 'n Mielie/sojaboon-stelsel onder rip-op-ry het 'n betekenisvolle hoër opbrengs gelever as onder monokultuur-mielies (9 105 kg/ha versus 6 441 kg/ha).
- Monokultuur-mielie-opbrengs onder rip-op-ry was betekenisvol hoër as onder verminderde bewerking (monokultuur-mielies onder verminderde bewerking) (6 441 kg/ha versus 3 558 kg/ha).




▲ 1: Wisselbougewasse onder rip-op-ry (Foto 1a) en verminderde bewerking (Foto 1b) op Springboklaagte (2014/2015).



N-Zyme+

Performance
Nutrition

N-Zyme Plus is 'n hoogs gekonsentreerde blaarvoeding met kobalt, molibdeen, swael en aminosuur bio-stimulant. Beide molibdeen en kobalt is nodig vir stikstofvaslegging in die gewas. Die kobalt onderdruk ook etileen in die gewas. Toediening vanaf 'n vroeë vegetatiewe stadium word vereis. Voordele van N-Zyme Plus is nie beperk tot die molibdeenkomponent nie, maar die geheim lê in die kombinasie van die voedingstowwe en PGR's in die formulاسie. Dit help die sojaboonplant om sy volle genetiese potensiaal te bereik.



144, Avenue 2, Modder East Orchards, Delmas, 2210
Tel: +27 (0) 82 738 00 80 - E-pos: orders@mbfi.co.za

Web: www.mbfi.co.za

N-Zyme Plus Reg. No: B 5445 Act No. 36 of 1947



Navorsing op watertafel-sandgronde (Deel 4)

- Mielie-opbrengs onder rip-op-ry na sojabone was betekenisvol hoër as mielies onder verminderde bewerking na sojabone (9 105 kg/ha versus 3 558 kg/ha).

Op Klein Constantia was geen mielie-opbrengste beskikbaar nie, omdat die wisselbouproef in die 2014/2015-seisoen met 'n sojaboonaanplanting 'n aanvang geneem het.

Sojabone

Grafiek 5a toon dat op Springboklaagte-sojaboonopbrengs na mielies onder rip-op-ry betekenisvol hoër was as onder verminderde bewerking (1 480 kg versus 955 kg/ha). Op Klein Constantia is die herhalings nie apart gestroop nie en kon geen statistiese vergelykings getref word nie. Omdat dit die eerste seisoen van wisselbou was, kon slegs die bewerkingseffek op sojaboonopbrengs waargeneem word, naamlik dat rip-op-ry die hoogste opbrengs van 2 059 kg/ha gelewer het (**Grafiek 5b**). Op Sanniesrus (**Grafiek 5c**) het sojabone na mielies onder rip-op-ry teen 1 119 kg/ha byna 100% hoër opbrengs gelewer as onder verminderde bewerking.



2015/2016-seisoen

Mielies

In die droë 2015/2016-seisoen is op Springboklaagte min of geen statistiese-betekenisvolle opbrengsverskille verkry as 'n funksie van wisselbou of bewerking. Tendense in **Grafiek 6** wys dat:

- 'n Hoër mielie-opbrengs verkry is na sojabone onder verminderde bewerking as onder rip-op-ry (1 440 kg versus 762 kg/ha). Hierdie is die vyfde seisoen van verminderde bewerking en rip-op-ry-bewerking op dieselfde persele.
- Onder rip-op-ry is hoër mielie-opbrengs na sojabone as vir monokultuur-mielies (762 kg/ha versus 334 kg/ha) verkry.
- Onder verminderde bewerking is hoër mielie-opbrengs na sojabone verkry as wat die geval was met monokultuur-mielies (1 440 kg/ha versus 1 058 kg/ha).

Grondontledings van April 2016 toon dat 'n groter hoeveelheid anorganiese N (194 kg N/1 200 mm diepte/ha) onder 'n sojaboonstand as onder mielies (**Grafiek 7**) gestoor is. Hoër op in die artikel word vermeld dat mielie-opbrengste hoër vir mielies/sojaboon-wisselbou as vir monokultuur-mielies was. Is hierdie opbrengsverhoging moontlik toe te skryf aan die voordelige effek van oorgedraagde N van sojabone in 'n wisselboustelsel? **Grafiek 7** toon ook 'n groter hoeveelheid gestoorde anorganiese N in 'n mielieland (was oorlêland) as in 'n monokultuur-mielieland (54 kg versus 34 kg N/1 200 mm diepte/ha).

Sojabone


Die beduidende lae opbrengste (**Grafiek 8** – op bladsy 97) toon dat die sojaboonaanplanting 'n mislukking was as gevolg van die uiters droë seisoen.

Voersorghum

Grafiek 9 (op bladsy 97) toon dat 'n betekenisvolle hoër biomassa-opbrengs verkry is na mielies onder rip-op-ry as onder verminderde bewerking (853 kg/ha versus 545 kg/ha). Hoewel die biomassabepalings laat (April 2016) gedoen is, kan die lae opbrengste hoofsaaklik aan die droë seisoen toegeskryf word.

Samevatting en gevolgtrekkings

Springboklaagte en Klein Constantia was vir meer as 'n dekade voor die aanvang van die proewe onder mielies met rip-op-



Grafiek 5a - Grafiek 5c: Sojaboonopbrengste in 2014/2015 op Springboklaagte (**Grafiek 5a**), Klein Constantia (**Grafiek 5b**) en Sanniesrus (**Grafiek 5c**) as funksie van wisselbou en bewerking (sojabone na mielies onder rip-op-ry; sojabone na mielies onder verminderde bewerking).
 SJRORM = sojabone rip-op-ry mielies
 SJVBM = sojabone verminderde bewerking mielies


ROR = rip-op-ry
 TRR = tussen-ry-rip
 VB = verminderde bewerking
 SJRORM = sojabone rip-op-ry mielies
 SJVBM = sojabone verminderde bewerking mielies
 KBV = kleinste betekenisvolle verskil

rybewerking. Die gevolglike nawerking hiervan kan nie uitgesluit word nie – veral op die verminderde bewerkingspersele.

Op Sanniesrus was die proefperseel vir 15 jaar onder 'n grasrus-oesstelsel. Die uitsonderlike hoë opbrengste kan heel waarskynlik toegeskryf word aan die gunstige grondtoestande wat deur die grasstand geskep is.


Gedurende die 2013/2014- en 2014/2015-seisoene het droë periodes gedurende die groei van die gewasse voorgekom en tydelike verwelking op veral verminderde bewerkings-mielies gewys. Sojabone is veral deur droogteperiodes tydens saadset geraak – wat opbrengste verlaag het.

Met die lae reënval van 2015/2016 was dit 'n goeie besluit om nie te plant nie. Hierdie studie het weer eens die feit dat die verspreiding van reënval op sandgronde met hul lae waterhouvermoë belangriker is as die totale hoeveelheid reënval, bevestig. Dit is veral waar in droë jare waar die bydrae vanaf 'n watertafel tot die totale grondwatervoorraad afwesig is.



Grafiek 6: Mielie-opbrengste in 2015/2016 op Springboklaagte as funksie van wisselbou en bewerking (mielies na sojabone onder rip-op-ry; mielies na sojabone onder verminderde bewerking).

MRORSJ - mielies rip-op-ry sojabone
 MVBSJ - mielies verminderde bewerking sojabone
 MRORVS - mielies rip-op-ry voersorghum
 MVBVS - mielies verminderde bewerking voersorghum
 MRORM - mielies rip-op-ry mielies
 MVBM - mielies verminderde bewerking mielies
 KBV = kleinste betekenisvolle verskil



Grafiek 7: Anorganiese grond-N as funksie van produksiepraktyk.




MBFi

Jou wetenskaplike groeivenoot

X-PRESS **MoB**

GET

X-Press MOB is 'n bio-stimulant met stikstof, boor, sink en molibdeen. Boor onderdruk die afbreek van oksien in die blaar terwyl molibdeen ensieme aktiveer wat oksiene in die blaar produseer. Die bio-stimulante in **X-Press MOB** sal help om die stresfaktore wat jou oes in die gesig staar, te balanseer en sodoende jou gewas meer produktief maak, selfs onder stressoestande, en verhoog die reprodktiewe vermoëns om graan te vul.



144, Avenue 2, Modder East Orchards, Delmas, 2210
 Tel: +27 (0) 82 738 00 80 - E-pos: orders@mbfi.co.za

Web: www.mbfi.co.za

X-Press MoB Reg. No: B 4738 Act No. 36 of 1947

Hoe meer sake, *hoe meer punte*

NWK



Lojaliteit
program

TYD VIR TERUGPLOEG

NWK

Loyalty
programme

TIME TO PLOUGH BACK

HOE SÊ NWK DANKIE vir jarelange ondersteuning; deur dik en dun, deur rekordoeste of misoeste en deur wins- of verliesjare? Deur terug te ploeg in ons lojale klante.

Enige landbouklant (asook die publiek en personeel) wat registreer*, kan maandeliks lojaliteitspunte verdien deur sake te doen met die handel- of graandivisie. Ná finansiële jaareinde en onderhewig aan NWK se winsgewendheid word punte in randwaarde omgeskakel en dan in NWK-aandele of krediet vir verdere aankope uitgekeer.


Vind meer uit by www.nwklojaliteit.co.za, per e-pos by lojaliteit@nwk.co.za, skakel NWK Finansiering by 018 633 1000 of doen navraag by jou naaste handelswinkel of silo.

* Besoek www.nwk.co.za om via NWK Online te registreer






Navorsing op watertafel-sandgronde (Deel 4)



Grafiek 8: Sojaboonopbrengste in 2015/2016 op Springboklaagte as funksie van wisselbou en bewerking (sojabone na mielies onder rip-op-ry; sojabone na voersorghum onder verminderde bewerking).
 SJRORM = sojabone na mielies onder rip-op-ry
 SJVBVS = sojabone na voersorghum onder verminderde bewerking



Grafiek 9: Voersorghumopbrengste in 2015/2016 op Springboklaagte as funksie van wisselbou en bewerking (voersorghum na mielies onder rip-op-ry; voersorghum na mielies onder verminderde bewerking).
 VSRORM = voersorghum na mielies onder rip-op-ry
 VSVBM = voersorghum na mielies onder verminderde bewerking
 KBV = kleinste betekenisvolle verskil



- ▶ 2: Mielies en sojabone onder verminderde bewerking (links) en rip-op-ry (regs) op Sanniesrus (2014/2015).
- ▲ 3: Goeie stand sojabone onder rip-op-ry op Klein Constantia (2014/2015).
- ◀ 4: Voersorghum na mielies onder rip-op-ry op Springboklaagte (2015/2016).



Navorsing op watertafel-sandgronde (Deel 4)

Gedurende beide die 2013/2014- en 2014/2015-seisoene is gevind dat:

- Ongeag die bewerkingspraktyk, die voorafgaande gewas (sojabone) mielie-opbrengs verhoog het vergeleke met monokultuur-mielies.
- Bewerkingspraktyke ook 'n effek op mielie-opbrengs onder wisselbou gehad het: Opvolgmielies na sojabone onder rip-op-ry het 'n hoër opbrengs gelewer as onder verminderde bewerking na sojabone.
- Wanneer die wisselbou-effek met dié van bewerking gekombineer is, byvoorbeeld mielies na sojabone onder rip-op-ry versus monokultuur-mielies onder verminderde bewerking, is betekenisvol hoër mielie-opbrengs verkry onder eersgenoemde produksiestelsel.
- Monokultuur-mielie-opbrengs onder rip-op-ry was betekenisvol hoër as onder verminderde bewerking.
- In 'n sojaboon/mielie-stelsel, sojaboonopbrengste betekenisvol hoër onder rip-op-ry as onder verminderde bewerking was.

In die uiters droë 2015/2016-seisoen het:

- Mielies in wisselbou met sojabone onder verminderde bewerking hoër opbrengste as onder rip-op-ry gelewer.
- Monokultuur-mielies onder verminderde bewerking het hoër opbrengste gelewer as onder rip-op-ry.
- Voersorghum in wisselbou met mielies onder rip-op-ry hoër biomassa-opbrengste gelewer het as onder verminderde bewerking.
- Sojaboonaanplantings 'n totale mislukking was.

By al drie proefpersele is gevind dat sojabone onegalig opgekom het en dat die onegaligheid vir ten minste 'n maand duur waar op rip-

op-ry geplant is. Op 'n meer ferm saadbed, soos met verminderde bewerking, is die opkoms en vroeë ontwikkeling meer egalig en vertoon die stand meer groeikragtig.

Om onegalige stande te voorkom, behoort primêre bewerkings soos rip-op-ry direk na die oes van vorige seisoen te geskied. Later gaan die rip-op-ry-sojabone dié van verminderde bewerking verby, maar 'n plantestandverlies gedurende die eerste maand is meestal 'n blywende nadelige gevolg.


Teen die agtergrond van die feit dat die verminderde bewerking en rip-op-ry-bewerkings vir 'n aantal seisoene op dieselfde persele gedoen is, kan die gevolgtrekking gemaak word dat as gevolg van laer wateropname onder verminderde bewerking, grondwater-oordrag van een seisoen na die volgende plaasgevind het – met gevolglike hoër opbrengs in die volgende seisoen.

'n Verdere gevolgtrekking is dat verminderde bewerking as 'n alternatief vir rip-op-ry in beduidende droë seisoene oorweeg kan word. Dit bly egter steeds 'n risiko om in 'n droë seisoen te plant.

Erkenning

Die produsentemedewerkers mnr Danie Minnaar (Kroonstad), Lourens van der Linde (Wesselsbron) en Thabo van Zyl (Losdoorns) word bedank vir die entoesiasme, toewyding en insetkoste waarmee hulle die proewe uitgevoer het.

Insetverskaffers, soos Omnia, Pannar en Syngenta word ook bedank vir hul volgehoue belangstelling en insetkoste met die proewe. ■



▲ 5: Sojabone na mielies onder rip-op-ry (Foto 5a) en verminderde bewerking (Foto 5b) op Springboklaagte (2015/2016).

Be an even better photographer

SA GRAAN/GRAIN EDITORIAL STAFF

According to Lisa Clarke, a photojournalist from Australia, these tips helped her to improve her photographic skills over the years:

- Before taking a photograph, make sure you check where the light is coming from. If you shoot with the light source to the side or behind the subject, you can create a more interesting photo.
- Be aware of the background.
- Crouch or lie down, or elevate your position for an even better view.
- Take a step or two closer to your subject for more vibrant detail.
- On an extremely bright day, use the flash outside to prevent harsh shadows on your subject.
- Remember the rule of thirds: Cut your frame into thirds by using both horizontal and vertical lines and place your point of interest over the cross sections of the grid.
- Include only one or two points of interest to avoid a confusing picture.
- Start shooting with your mind: Think of how you'd compose a picture of a specific scene that interests you.
- Don't check the screen immediately after taking a photograph, as you can miss out on a special moment.



